

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

Vrye Weekblad



8 Junie 1990

Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901

Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

BSB bedreig nou onderhandelings

JACQUES PAUW

DIE voortbestaan van die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) kan die hele onderhandelingsproses tussen die ANC en die regering kelder. Die ANC beskou die bedreiging wat die BSB vir sy veiligheid inhoud, as so belangrik dat dit as 'n struikelblok tot onderhandelings verklaar gaan word.

Die top-leierskap van die ANC, insluitende vise-president Nelson Mandela, glo dat onderhandelinge met die Regering nie kan voortgaan voor die BSB nie ontbind en aan bande gelê is nie.

Dié besluit volg na weke van getuienis voor die Harms-kommissie en onthullings in Vrye Weekblad dat die BSB bedreig voel deur die

hervormings van die regering, sy eie wapens aankoop en fondse genereer en reeds die kern van 'n interne weerstandsbeweging mag vorm.

Die top-leierskap van die ANC is die afgelope weke volledig voorgelig oor die aard en omvang van die BSB en sy bedrywighede. Die ANC glo dat minstens individuele BSB-lede steeds beplan om van sy leiers en lede te vermoor.

Die besluit van die ANC plaas die BSB nou binne die politieke arena en gaan waarskynlik die druk op Staatspresident FW de Klerk vergroot om sy veiligheidsmagte te suiwer en van sy minister van Verdediging, Magnus Malan, ontslae te raak. 'n Plan om die BSB te ontbind, is reeds aan die ANC voorgelê, wat dit op sy beurt met die regering sal bespreek. Die ANC gaan daarop aandrang dat die BSB onmiddellik ontbind en lede geïdentifiseer moet word.

Intussen het 'n groep anti-apartheidsbewegings 'n nuwe veldtog geloods om Staatspresident FW de Klerk te oorreed om die BSB te ontbind en die verwysingsraamwerk van die Harms-kommissie te verbreed om ook buitelandse optredes te ondersoek.

'n Groep buitelandse diplomate is ook oor die BSB-bedreiging voorgelig. Vrae gaan binne die volgende week in die Wes-Duitse parlement gevra word oor die bestaan van 'n Europese streek van die BSB wat in dié land opereer.

'n Woordvoerder van die ANC, Popo Molefe, sê die BSB word as 'n "baie ernstige" bedreiging beskou en sy voortbestaan stel die hele onderhandelingsproses in gevaar.

"Dit is baie duidelik dat ons hier met 'n baie gevaarlike organisasie te make het wat geen respek vir die hervormings van die regering het nie. Wanneer dit hul eie belange bevorder, ignoreer hul die regering.

"Lede van die BSB is goed opgelei en het toegang tot 'n groot hoeveelheid wapens. Die situasie word verder bedreig deurdat top-offisiere in die SA Weermag hul beskerm en na hul belange omsien," sê Molefe.

Hy sê die ANC glo dat die BSB sal voortgaan met sy "missie" om "vyande van die staat" te vermoor. Molefe sê leiers en terugkerende kamerade se lewens is in gevaar.

"Ons kan nie toelaat dat die kamerade soos

slagskapena die slagpale toe gelei word nie. Die ANC het 'n morele reg en verpligting om die regering te vra om onmiddellik die BSB te ontbind. Daarsonder kan onderhandelings nie voortgaan nie," sê Molefe.

Hy meen De Klerk kan nie die veiligheid van die ANC in Suid-Afrika waarborg terwyl die BSB bly voortbestaan nie. Boonop glo die ANC dat die Harms-kommissie nie by die "kern van die waarheid" gaan uitkom nie en daar daarom onmiddellik opgetree moet word.

Volgens die plan wat aan die ANC voorgelê is, moet die Staatspresident 'n opdrag aan die hoof van die SA Weermag gee dat die BSB ontbind moet word. 'n Komitee waarop 'n gewese ouditeur-generaal en regter sitting het, moet toesien dat dit gebeur.

Die plan behels dat fondse en salarisse aan BSB-lede weerhou moet word totdat hulle in 'n gewone, uniformdraende weermagenheid opgeneem is waar daar volle beheer oor hul bedrywighede uitgeoefen kan word. Leiers van die BSB moet ingeroep en gevra word om hul lede te identifiseer.

FW se groot krisis

HENNIE SERFONTEIN

DIE Nasionale Party-regering kan heel waarskynlik 'n volgende algemene verkiesing vir blankes verloor, en dit is ook nie meer vanselfsprekend dat die regse opposisie 'n blanke referendum oor 'n nuwe grondwet vir 'n nie-rasige Suid-Afrika sal verloor nie.

Dit is die duidelike boodskap en waarskuwing wat die skokuitslag van die parlementêre tussenverkiesing in Umlazi dié week aan die NP uitspel. Op dramatiese wyse is die regering gekonfronteer met die wrede werklikhede van die Suid-Afrikaanse blanke politiek.

Die uitslag gee nuwe momentum en lewe aan die groeiende regse verset teen die regering se politieke inisiatiewe, die gesprekke met die ANC en die huidige vredesproses.

Dit was die grootste terugslag vir die NP in enige tussenverkiesing die afgelope 42 jaar - met 'n swaai van 23,2 persent teen die regering. In dié NP-bastion het 'n meerderheid van 2 835 tot slegs 547 gekrimp.

Die KP het sy stemtotaal verdubbel van 2 429 tot 5 215. Die NP se totaal is verminder van 6 147 tot 5 676. Dié respektable vertoning lyk anders as 'n mens in gedagte hou dat meer as 2 000 DP-ondersteuners hul party in die steek gelaat het om die NP te red. Hulle vrese vir die KP was groter as hul lojaliteit aan die DP.

Dit kan daarom die begin van die einde van die DP in die blanke politiek beteken. Belangriker nog is dat dié reuse-swaai na regs in 'n kiesafdeling plaasgevind het waar 70 persent van die kiesers Engelssprekend is. Dit is 'n setel wat vir jare as 'n vesting van die NP beskou is. Trouens dit was beskou as een van hul veiligste setels.

Die uitslag toon ook die politieke onbetroubaarheid van die Engelssprekende kiesers in wie se genade die NP nou oorgelaat is nadat die KP daarin geslaag het om sonder twyfel die meerderheid van Afrikaners agter hom te verenig.

In die lig van dié uitslag voorspel prof Laurie Schlemmer dat die KP 'n algemene verkiesing op dié oomblik sal wen en dat die regering slegs naelskraap daarin sal slaag om met DP-steun die KP in 'n blanke referendum te verslaan.

Schlemmer is 'n waarnemer wat tot onlangs toe die regse bedreiging totaal afgemaak het as irrelevant en onbeduidend.

Hy word ondersteun in sy analise deur Donald Simpson, 'n verkiesingsontleider aan die Universiteit van Potchefstroom, en deur prof Willem Kleynhans, bekende politieke deskundige.

Dit maak egter nie saak of dié drie akademici honderd persent akkuraat in hul voorspellings is of nie. Dit is 'n feit dat die KP en die regse verset veel groter ondersteuning geniet as wat die meeste politieke kenners die afgelope jare voorspel het.

Staatspresident FW de Klerk het geen onmiddellike vrees dat hy uit die kussings gelig gaan word nie. 'n Volgende algemene verkiesings hoef eers oor vier jaar gehou te word - indien dit ooit plaasvind.

Dit maak sy huidige politieke krisis nie minder ernstig nie, want die sigbare wegkalwing van sy politieke steun is vir hom 'n groot verleentheid op 'n mees ongeleë tyd. Dit vind plaas op 'n tydperk wat die regering en die ANC enorme deurbraake gemaak het in hul gesprekke met mekaar, hoewel baie daarvan nog nie sigbaar gemanifesteer het nie.

In sekere opsigte is De Klerk se posisie vergelykbaar met dié van Mikhail Gorbatsjof van die Sowjet-Unie. Hoe sneller hy voortgaan met politieke hervormings, hoe sneller verswak sy magsbasis.

Die De Klerk-regering mag vind dat hul beheptheid met groepsregte vorentoe nog groot verleentheid vir hulle by die onderhandelingsproses mag besorg. Wat gaan gebeur as dit blyk dat die KP namens 'n meerderheid Afrikaners of selfs miskien 'n meerderheid van die blankes



'n Poliseman in Natal oomblikke voordat die Noodtoestand heringestel is.

(Foto: Philip Littleton - UPI)

Vervolg op bl 2

NP steeds op hervormingspad

ELSABÉ WESSELS

STAATSPRESIDENT FW de Klerk het gister sy Nasionale Party-regering opnuut verbind tot hervorming ter voorbereiding van 'n onderhandelende skikking.

Hy het Suid-Afrika as op die drumpel van 'n "ware onderhandelingsproses" beskryf en gesê die bouproses van 'n nuwe Suid-Afrika is nou onomkeerbaar.

Buiten die bevestiging van die skraping van die Wet op Afsonderlike Geriewe in die parlementêre sitting en die uitvoer van ondernemings gegee in die Grootte Schuur-Minuut, het De Klerk egter geen verdere riglyne vir verdere hervormingsstappe gegee nie.

In 'n sterk bewoorde verklaring voor al drie huise gister in die parlement het De Klerk, ondanks die naelskraapse oorwinning wat die NP in Umlazi behaal het, het sy regering verbind tot 'n "nuwe bedeling".

"Dit het tyd geword vir saampraat. Die tyd vir teenpraat is verby," het De Klerk in sy eerste belanghebbende toespraak sedert sy tuis-koms na sy uitgebreide Europese reis gesê.

Hy het nie in sy toespraak melding gemaak van die stemme wat die NP ten gunste van die KP in die tussenverkiesing in Umlazi moes afstaan nie, en ook nie die posisie van die regtervleuel bespreek nie.

De Klerk het wel skerp kritiek teen die ANC gelewer en dié organisasie se vise-presi-

FW se krisis

Van bl 1

praat?

Die grootste dilemma vir De Klerk en die NP is dat hulle duidelik hul plig verwaarloos het om hul eie ondersteuners behoortlik in te lig oor hul planne vir 'n nuwe Suid-Afrika.

Prof Sampie Terreblanche van die Universiteit van Stellenbosch sê proutuit: "FW de Klerk moet 'n groot deel van die skuld dra vir die dilemma waarin die NP hom tans bevind. Sy verklaarings op 2 Februarie en daarna dat die NP nie afwyk van die pad van PW Botha nie, was eenvoudig nie waar nie.

"Hy is dit aan sy mense verskuldig om aan hulle te verduidelik waarom hy radikale beleidsveranderinge gemaak het. Dit is die plig van hom en sy regering om eerlik te wees met die blankes, om eerlik aan hulle uit te spel watter plaaslike en internasionale realiteite hulle gedwing het om 'n nuwe koers in te slaan.

"Die enigste manier waarop die NP bevreesde blankes gaan terugwen, is om oop kaarte te speel en om hulle nie langer politieke te mislei nie. Dit is tyd dat kaalkop aan die blankes gestel word dat ons nie langer in 'n gekkeparadys kan leef en al ons voorregte kan behou nie. Om dit te verdoesel help jou in elk geval nie by die stembus nie."

Terreblanche sê ook dat hy hoop dat dié uitslag tot gevolg sal hê dat "NP-ministers hul ongelooflike arrogansie sedert 2 Februarie sal laat vaar en dat hulle sal ophou om 'n valse euforie aan die blanke publiek voor te hou".

Dr Frederik van Zyl Slabbert, die hoofdirekteur van Idasa, sê dat die uitslag wys dat die huidige NP/ANC-verhouding 'n stadium bereik het dat dit regstreeks die blanke publiek raak en beïnvloed.

Hy waarsku "as daar nie spoedig sigbare vordering in die onderhandelingsproses gemonstreef word nie, gaan die vrese en onsekerhede in die blanke politiek verskerp. Dit kan 'n vrugbare teelaarde skep vir verdere suksesvolle KP-aanslae soos in Umlazi." Daarom het Nelson Mandela tans beide die geleentheid en vermoë om sodanige momentum aan die onderhandelingsproses te gee dat die posisie van die NP versterk word ten koste van die KP."

Slabbert beklemtoon dat beide die ANC en NP vinnig sal moet beweeg om die inisiatief te behou en die regse weerstand te knak.

dent, Nelson Mandela, gekritiseer vir sy voortgesette uitsprake oor die ANC se verbintenisse tot die gewapende stryd.

Volgens De Klerk moet die ANC nou bewys lewer van sy verbintenisse tot die Grootte Schuur-Minuut.

Volgens De Klerk word die vergaderings en opgtogte van die ANC goed beheer, maar dat oproepe tot die gewapende stryd nie daarmee strook nie.

Hy het Mandela ook persoonlik gekritiseer vir sy uitsprake oor nasionalisering.

Met verwysing na die ooreenkomste in die Grootte Schuur-Minuut het De Klerk gesê die regering is gereed om die besluite van die werkkomitee te implementeer. Volgens hom

het die ANC vir uitstel tot 10 Julie gevra om op die voorstelle wat ter tafel gelê is, te reageer.

As deel van die proses het De Klerk die voorlopige vrylating van 48 politieke gevangenes afgekondig.

De Klerk het daarop gedui dat veiligheidswetgewing wat vrye politieke omgang beperk, ook moontlik herroep kan word.

Met betrekking tot politieke bannelinge het De Klerk gesê tydelike vrywaring is reeds aan 'n aantal ANC-leiers gegee.

De Klerk het sy regering verbind tot die opheffing van diskriminerende maatreëls soos die Wet op Afsonderlike Geriewe. Sonder om besonderhede te verskaf, het De Klerk gesê

dat die Groepsgebiedewet en die Grondwette vroeg aanstaande jaar "aandag sal geniet."

"Ons praat nie net nie, ons implementeer die stappe wat ons in die vooruitsig gestel het," het hy in kommentaar op sy hervormingsstappe gesê.

* Vanuit Parys het Nelson Mandela gister die opheffing van die noodtoestand as 'n oorwinning vir al die mense van Suid-Afrika, swart en wit, beskryf.

Volgens Mandela verwelkom die ANC die gedeeltelike opheffing van die noodtoestand, maar die voortsetting daarvan in Natal is verkeerd omdat die regering in die vier jaar van die noodtoestand nie daarin kon slaag om die geweld te beëindig nie.

Noodtoestand iets van die verlede

ELSABÉ WESSELS

MET die opheffing van die landwyse noodtoestand het Staatspresident FW de Klerk gister 'n betekenisvolle stap geneem om een van die belangrikste struikelblokke in die pad van grondwetlike onderhandeling uit die weg geruim.

Die vier jaar oue landwyse noodtoestand word om middernag vanaand opgehef. In die geweld geteisterde Natal en KwaZulu sal die noodtoestand egter steeds geld.

Dié aankondiging is gistermiddag in die parlement deur De Klerk gedoen op die voorraand van die moontlik herinstelling van die huidige noodtoestand wat op 12 Junie verval.

In sommige gebiede in Suid-Afrika sal dit die eerste keer in vyf jaar wees dat noodtoestandregulasies nie afdwing word nie. Die eerste gedeeltelike noodtoestand wat in sekere landdrostrikte geldig was, is op 21 Julie 1985 afgekondig. Op 12 Junie 1986 is 'n landwyse noodtoestand afgekondig wat tot nou toe jaarliks heringestel is.

In dié tydperk is swart politieke bedrywighede

heeltemal verbied en derduisende Suid-Afrikanners vir tydperke van tot drie jaar sonder verhoor aangehou.

As teenmaatreël het De Klerk egter 'n grootskaalse uitbreiding van die veiligheidsmagte afgekondig en die nouer samewerking en gesamentlike optrede van die polisie en die weermag in die handhawing van wet en orde voorspel. Volgens De Klerk sal die SAP binne die volgende 123 maande met nagenoeg 10 000 mense versterk word. 'n Aantreklike nuwe vergoedingspakket vir lede van die veiligheidsmagte tree op 1 Julie in werking.

Dié uitbreiding van die veiligheidsmagte sal sowat 'n bykomstige R814 miljoen beloop, wat nie in die huidige begroting ingereken is nie. Die bykomende besteding sal veral tot voordeel van die onderste range van die polisie aangewend word om die toename in indiensneming aan te moedig, het De Klerk gesê.

Om die SAP se getalle te versterk sal daar al hoe meer van dienspligtes gebruik gemaak word, het De Klerk gesê. Die oproep van polisiereserviste op dieselfde grondslag as Burgermagdele

is ook in die vooruitsig gestel.

Die uitgebreide magte van die SAW in gewone polisie-werk, soos geweld- en misdadaanvoorkoming, patrollies en padversperrings is ook deur De Klerk aangekondig.

Met die terugkeer na "normaliteit" sal die regering van die "gewone wette van land" gebruik maak om geweld aan te spreek, het De Klerk in 'n gesamentlike sitting van al drie huise gesê. Wat Natal betref, het De Klerk aangevoer dat gewone maatreëls nie voldoende is om die geweld in Natal te beëindig nie, en dat "die sterkste moontlik maatreëls" ingespan moet word om die geweld teen te werk.

Om die situasie in Natal te hanteer en om enige leemte te vul wat gelaat mag word met die afskaffing van die noodtoestand elders, het die regering besluit om 'n aansienlike uitbreiding van die bestaande veiligheidsmagte te bewerkstellig.

Volgens De Klerk bewys die regering met sy opheffing van die landwyse noodtoestand sy "vasbeslotenheid om die koers wat hy ingeslaan het vanuit 'n posisie van krag, voort te sit."

James Stewart terug na 26 jaar

DIE ANC kan nie die skuld dra vir die regering se besluitloosheid oor die opheffing van die noodtoestand nie, het die ANC gister by 'n perskonferensie in reaksie op staatspresident FW de Klerk se aankondiging dat die noodtoestand in Natal van krag sal bly, gesê. By die konferensie was die nasionale uitvoerende komitee-lid, James Stewart (hier saam met Walter Sisulu), wat gisteroggend in die land aangekom het na 26 jaar in ballingskap. Stewart is hier om reëlde te tref vir die ANC se eerste nasionale kongres in die land in 30



jaar. Dié kongres sal op 16 Desember gehou word. In skerp kritiek teen dié aankondiging, het Walter Sisulu, die ANC se binnelandse leier, gesê dat sy organisasie nooit geglo het dat die noodtoestand eniglets gedoen het om die vrede in Natal te bewaar nie.

"Ons glo die situasie in Natal kon aangehelp word as die noodtoestand opgehef en positiewe stappe van regeringskant af gedoen is om die polisie-geweld te bekamp. Die regering het beslis nie genoeg gedoen om die ANC nou te wil blameer vir sy besluitloosheid nie."

Durr wen saak teen universiteit

PEARLIE JOUBERT

LESLEE DURR se skorsing deur die Universiteit van Stellenbosch in Mei verlede jaar is vandeesweek in die Appèlhof in Bloemfontein ongeldig verklaar.

Regter EM Grosskopf het ook beslis dat die universiteit nie by magte was om die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (Nusas) en die Black Students Organisation of Stellenbosch (BSOS) se aktiwiteite vir vier maande op te skort nie.

Dié tugstappe is deur die universiteit gedoen nadat 'n verbod op protesaksies verontagsaam is.

Durr was verlede jaar die voorsitter van Nusas toe sowat 800 studente op 18 Mei aan protesaksies ten gunste van die oopstelling van koshuise vir alle rasse deelgeneem het.

Die Raad van dié universiteit het in 1985 "enige protesaksie van watter aard ook al" verbied.

Op 29 Mei het die die rektor, prof Mike de Vries, vir Durr ontbied en haar meegedeel dat sy geskors is en dat Nusas en BSOS se aktiwiteite vir vier maande opgeskort is.

Regter JH Conradie het op 29 Augustus verlede jaar in die Kaapstadse Hooggeregshof beslis dat die skorsing én die verbod geldig was. Na sy oordeel was dit 'n tugbepaling.

Durr en die twee betrokke organisasies het appèl aangeteken. Dié appèl het geslaag met

regskoste, insluitende dié van twee advokate.

Grosskopf het bevind dat Conradie se uitspraak berus het op 'n misverstand van wat bedoel word met dissiplinêre maatreëls.

"Indien dié verbod opgestel is om 'n aanduiding aan studentete

gee oor hoe hulle moet optree, sou die Raad van die Universiteit nie teen studente kon optree nie, tensy studente artikel 66 van die Statuut van Universiteit oortree het."

Artikel 66 sê studente kan aan tugmaatreëls onderwerp word indien die "goeie naam van die universiteit, of die handhawing van orde en dissipline, of die behoorlike voortsetting van die werk van die universiteit, benadeel word."

Die regskoste sal ongeveer R60 000 beloop en die Univer-

siteit wou nie kommentaar lewer oor wie dié bedrag gaan betaal nie.

De Vries het gesê hy "neem kennis van die uitspraak van die Appèlhof, maar wil geen verdere kommentaar lewer nie."

Durr sê sy is "verheug" oor die uitspraak.

"Dit is ironies dat dié uitspraak presies 'n jaar na my skorsing eers gelewer is. Ek hoop nie dit sal weer nodig wees om al die pad na die Appèlhof te gaan om basiese vryhede op die kampus te waarborg nie," sê sy.



Leslee Durr

Foto: Pearljie Joubert

Johan Heyns skop vas teen Sondagflik

CHRISTELLE DE JAGER

POGINGS om rolprent-vertonings op Sondag te wettig gaan die wind van voor kry van die Nederduits-Gereformeerde Kerk, "want dit dra by die tot die ontheiliging van Sondag en is in stryd met die land se grondwet," sê dié kerk se moderator, professor Johan Heyns.

Druk van die NG Kerk is nog altyd gesien as die vernaamste rede waarom die regering nie rolprent-vertonings op Sondag wou wettig nie.

Ster Kinekor veg al vyf jaar lank vir die verandering van die wet en Anthony Salusbury, besturende direkteur van Interleisure, die beheermaatskappy vir Ster Kinekor, sê dat hulle weer voor die einde van die maand die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, gaan ontmoet om die saak te bespreek.

Salusbury sê Suid-Afrika is die enigste Westerse land waar dit nog onwettig is om rolprente vir finansiële gewin op 'n Sondag te vertoon.

Die Johannesburgse stadsraad het ook sy pogings hervat om die regering te oorreed om die wet te verander. Op die raad se vergadering van 29 Mei is daar besluit om die saak weer aan te roer.

'n Jaar gelede het die stadsraad ten gunste van Sondagrolprente gestem. 'n Brief in dié verband is toe aan die regering gerig. Tot dusver het niks gebeur nie en die stadsraad het nou weer aan Coetsee geskryf.

Ian Davidson, voorsitter van die bestuurskomitee, sê die regering klou aan 'n uitgediende wet wat net nie meer sin maak nie.

"Daar is M-Net en video-winkels en almal kyk in elk geval rolprente op 'n Sondag. Boonop is die meeste ander geriewe en vermaak nou op 'n Sondag oop. Dit is huigelary om van Sondagrolprente 'n uitsondering te maak.

"Ons glo dat mense die reg moet hê om vir hulself te besluit. Daar is 'n aanvraag na rolprentvermaak op Sondag en daar is mense wat dit wil verskaf. Hoekom dan nie wegdoen met die wet nie?"

Maar Heyns hou vol dat dit nooit vir die NG Kerk aanvaarbaar sal wees nie.

"As hulle Sondagrolprente toelaat, moet hulle die grondwet verander. Volgens die grondwet moet die regering Christelike waardes beskerm, en ons het 'n reg as Kerk om daarvolgens by die regering op sekere dinge aan te dring."

Heyns sê dat die regering inderdaad al verskeie kere teenstrydig met die grondwet opgetree het. Oop winkels en sport op Sondag is voorbeelde hiervan.

"Dit gaan vir ons om 'n poging om te staan by wat die Bybel sê. Daar moet 'n onderskeid getref word tussen wat mense in hul eie huise doen en georganiseerde vermaak. Teen die eerste kan 'n mens nie wette maak nie, maar teen die tweede kan 'n mens wel."

Heyns erken dat daar mense in die land is wat nie Christene is nie en dat die wet nie vir hulle voorsiening maak nie.

Daar sal seker 'n middeweg gevind moet word, sê hy, en as Sondagrolprente wel toegelaat word, sal Christene sterk moet wees en die versoeking weerstaan.

"As dit gebeur gaan ons nie oorlog daarvoor maak nie, maar solank ons volgens die grondwet sekere regte het, sal ons probeer om te verhinder dat die wet afgeskaf word.

"Ja, dit gaan in 'n nuwe Suid Afrika al hoe moeiliker word vir Christene om by hul geloof te staan en hul waardes uit te leef. In so 'n situasie moet Christene net terugval op hul geloof en die Bybel."

Afrikaans is nou weer 'in'

BRYAN PEARSON

DUISENDE swart uitgewekenes dwarsoor Afrika pak hul sakke en maak gereed om na Suid-Afrika terug te keer - en hulle leer Afrikaans!

"Voor 1976 was ons heeltemal teen Afrikaans gekant, maar nou meen ons dit was 'n fout aan ons kant," het ANC-joernalis Joe Zikalala, 'n uitgewekene wat in Gaborone, Botswana woon, aan Agence France Presse gesê.

Die haat wat swartmense jeens Afrikaans - die "taal van die onderdrukker" - het in 1976 'n hoogtepunt bereik toe skoolkinders in Soweto protes teen die gebruik van dié taal as onderrigtaal protes aangeteken het.

Op 16 Junie daardie jaar het polisie opgetree teen 'n massa-protesoptog deur op die skare te skiet. Twee weke van onrus het gevolg waarin 176 mense dood is.

Die insident het ook veroorsaak dat honderde jong politieke aktiviste die land uitgevlug het om in ballingskap by die ANC aan te sluit. Hulle het 'n pad deur Botswana gevolg wat uiteindelik gelei het tot die ANC-hoofkwartiere in Zambië of die opleidingskampe in Tanzanië.

Die kans dat hierdie uitgewekenes ooit na Suid Afrika sou kon terugkeer - behalwe as guerrillas - was tot onlangs maar skraal, "maar toe die Staatspresident, FW de Klerk, die ANC in Februarie gewettig het, het ons lig gesien," het Zikalala gesê.

"Ons is angstig om huis toe te gaan. Ons sakke is gepak - al wat ons nodig het is die teken van Pretoria dat ons nie aangekla sal word nie en ons sal op pad wees."

Zikalala sê sy 10-jarige seun en sy drie-jarige dogter, wat albei in ballingskap gebore is, word nou Afrikaans geleer sodat hulle nie agter

sal raak wanneer hulle in Suid-Afrika skoolgaan nie.

"Nie een van hulle was al in Suid-Afrika nie, maar hulle vra elke dag: Pappa, wanneer gaan ons huis toe?"

"In ballingskap het ons geleer dat ons ander mense se taal moet respekteer en hul kultuur moet liefhê...Ek het niks teen die Afrikaner nie, net teen die apartheidsbestel"

Hy het gesê: "Ons wil 'n nuwe pad met hulle inslaan," en bygevoeg dat hy selfs bereid is om massamoordenaar Barend Strydom te vergewe.

"Ons moet die verlede vergeet. Hoekom sou ons wraak wou hê? Barend Strydom was 'n slagoffer van apartheid. Hierdie is 'n tyd vir versoening. Suid Afrika behoort aan

almal van ons, aan Barend Strydom ook."

Zikalala het beklemtoon dat hy as 'n individu praat, maar tog gesê dat sy gedagtes deur die meeste van die geraamde 20 000 ANC-uitgewekenes in verskillende dele van Afrika gedeel word.

"Deur te reis het ons ons denkwysie verbreed," het hy gesê.

Na die "gesprekke oor gesprekke" tussen die ANC en Suid-Afrikaanse regering, in Mei het die twee partye 'n gesamentlike komitee opgestel om die kwessie van amnestie vir politieke gevangenes en die terugkeer van uitgewekenes aan te spreek.

Die verslag daarvoor is al aan die leiers van beide partye voorgelê, maar nog nie aan die publiek nie.

Leeuwfontein dalk nie ingelyf

DIE inlywing van Leeuwfontein by Bophuthatswana sal binnekort in die Hooggeregshof in Pretoria betwis word.

Leeuwfontein, 'n gemeenskap met ongeveer 15 000 inwoners naby Zeerust in die Wes-Transvaal aan die grens van Bophuthatswana, het op 31 Desember 1988 'n bevel ontvang dat hulle by Bophuthatswana ingelyf gaan word. Sterk teenstand van dié gemeenskap teen die inlywing het gelei tot bloedige gevegte tussen die polisie en jeugdige en honderde mense is sedertdien in hegtenis geneem.

Tans word 46 mense steeds aangekla deur die Bophuthatswana-regering vir moord op nege lede van die veiligheidspolisie van Bophuthatswana wat dood is tydens gevegte

wat uitbreek het tussen die polisie en inwoners van Braklaagte en Leeuwfontein.

Braklaagte is ook een van die gebiede wat by Bophuthatswana ingelyf is.

In dié hofsak mag die minister van Staatkundige Ontwikkeling, Gerit Viljoen, en Bophuthatswana se eerste minister, Lucas Mangope, moontlik ingeroep word om getuie te lewer.

Viljoen was met die eerste aankondiging van die inlywing minister van Ontwikkelingshulp en Opvoeding en dit word algemeen aanvaar dat hy verantwoordlik is vir die besluit om Leeuwfontein by Bophuthatswana in te lyf.

Kenner meen dat die regering moontlik die saak sal laat vaar.

**Shell ondersteun
die reg van alle
mense om te woon
waar hulle wil**



Ons werk om nou 'n verskil te maak.



GESPREK

5

Harms se stomp mes en die BSB

Ons weet nou minder as ooit

Die Harms-kommissie het die afgelope weke van die belangrikste getuienis oor die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) aangehoor. Ná weke van getuienis en kruisondervraging, bebaarde en behaarde BSB-lede in die getuiebank en blatante pogings om inligting van die publiek te weerhou, weet Suid-Afrika steeds weinig van dié super-geheime militêre organisasie. JACQUES PAUW ontleed die jongste getuienis.

VIER maande gelede het Staatspresident FW de Klerk onderneem om moordbendes "tot op die been toe oop te vlek". Hy het onder groot druk regter Louis Harms, 'n regsgeleerde met skraal skouers en 'n groot reputasie, aangesê om dié kanker bloot te lê en uit te sny.

Vandag, met die belangrikste getuienis van die kommissie reeds gelewer, lê die moordbendes nog soos 'n yslike, vrot sweer op Suid-Afrika se pad na 'n nuwe en vreedsame politieke bedeling.

Alle Suid-Afrikaners, behalwe miskien verregse blankes, word bedreig deur 'n super-geheime militêre organisasie wat beangs voel deur politieke hervormings, net belangstel in sy eie oorlewing, swaar bewapen is en sy eie fondse genereer en bevele van die hoogste gesag verontagsaam.

"Die BSB bedreig die hele vredesproses in Suid-Afrika. Nie een van ons is veilig om ongehinderd met onderhandelings voort te gaan nie. Dis 'n ernstige struikelblok vir vrede," sê Popo Molefe, woordvoerder van die ANC.

Die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) en sy voorgangers, aangevuur deur Magnus Malan en PW Botha se ideologie van die Totale Aanslag, het die afgelope dekade 'n spoor van bloed, ontwinging en verwoesting deur Suider-Afrika gelaat.

In Namibia is Anton Lubowski koelbloedig doodgeskiet, in Maputo word Albie Sachs se arm afgeruk en in Zimbabwe word 'n aktivis voor sy huis opgeblaas. In Namibia word cholera-kieme in 'n vlugtelingskamp se drinkwater gegooi en in Suid-Afrika word planne gesmee om 'n advokaat se hartpille met giftablette om te ruil en 'n Durbanse prokureur se skeermeslemmetjies met gif te besmet.

Dié en vele ander dade het die goedkeuring van die heel hoogste gesag geniet. Die BSB het die groenlig gehad om "enige vyand van die Republiek", of dit nou man, vrou, regering of beweging was, te vermoor, te ontwig en te vernietig.

Die afgelope weke het die BSB voor Harms getuig. Lede van dié sinistere bende moes vir die eerste keer verantwoording doen oor hul dade, hul slagoffers, hul projekte, hul finansies en hul oogmerke.

Die kommissie versuim steeds om Malan self as getuie te dagvaar en hom tot verantwoording te roep vir die wandade van die BSB. Dit word reeds aanvaar dat, ongeag of hy geweet het van die bestaan van die BSB of nie, hy as verantwoordelike minister aan die einde van sy politieke loopbaan gekom het.

Het Malan geweet, het hy die BSB se optredes goedgekeur? Het hy nie geweet nie, is hy onbevoeg. Hoe dit ook al sy, uit sy mond sal die publiek seker nooit die ware verhaal hoor nie, want hy was nog nooit bekend as 'n politikus wat enige respek vir die waarheid het nie.

Moordbendes is al vir baie jare 'n wrede werklikheid in en om Suid-Afrika. Die Kommissie vir Menseregte sê 110 Suid-Afrikaanse politieke aktiviste is die afgelope tien jaar in die geheimsinnigste omstandighede vermoor en nog talle het spoorloos verdwyn.

Ondanks die haas ondeurdringbare kombes

Harms om die bedrywighede van die BSB geheim te hou. Die regsvertegenwoordiger vir die SA Weermag, adv Willem Burger, SC, het dié houding weerspieël toe hy gesê het die publiek het eintlik nie die reg om iets oor die BSB te weet nie.

Met die eerste getuienis wat Harms aangehoor het, het dit reeds duidelik geword dat sy mes taamlik stomp is.

Na weke van getuienis het Harms ons met meer vrae as antwoorde gelaat.

Al wat ons gehoor en gesien het, is BSB-lid na BSB-lid wat bebaard, behaard en bebrild in

nie verbreed word om ook buitelandse optrede in te sluit nie, die volle omvang van die bedrywighede van die BSB nooit ontmasker sal word nie.

"Ons weet na vier maande (van die Harms-kommissie) niks meer substantiefs oor die BSB nie, behalwe van talle mislukte projekte en dat hulle Russiese wapentuig gebruik om anti-apartheidsteuners te elimineer. Ons is niks wyser nie," sê Brain Currin, nasionale direkteur van Regslui vir Menseregte.

"Ek glo die BSB is meer van 'n bedreiging as ooit tevore. Hulle het toegang tot wapens en hulle finansiële bronne - ek glo hulle 'n bedreiging vir politieke stabiliteit," sê Currin.

Dr Max Coleman, direkteur van die Menseregtekommissie, sê die BSB en die Veiligheidspolisie se optrede op Vlakplaas mag nie in 'n nuwe Suid-Afrika ingedra word nie, want hul mag die basis vorm van 'n toekomstige "Renamo-tipe" weerstandsbeweging.

Prof Laurie Ackermann, oud-regter en lid van die Raad, het in sy kommentaar op die Harms-kommissie se verwysingsraamwerk gesê "die snydokter se mes is stomp (blunted)". Hy het gesê die Raad mag in die toekoms sy posisie op die kommissie heroorweeg.

Die menseregte-prokureur Peter Harris sê die probleem rondom die BSB is "baie ernstig", en dat die oplossing nou op 'n politieke vlak lê. Hy glo die verantwoordelik rus op joernaliste, diplomate en politici om die druk op die regering te plaas om die BSB te ontbind.

Die voorsitter van die BSB, genl-maj Eddie Webb, het voor Harms getuig dat dit die oogmerk van die BSB is om die "vyande van die staat maksimaal te ontwig". Daardie vyande was nog altyd die ANC, die SAKP en hul ondersteuners.

Die besturende direkteur van die BSB, kol Joe Verster, het erken dat die BSB bedreig voel deur huidige politieke ontwikkelinge en die ANC/SAKP steeds as die vyand beskou. Hy het getuig dat die BSB in eie belang optree.

Die BSB staan nou vierkantig in die politieke arena weens die ANC se vrees dat die BSB sy leiers mag elimineer, sy optrede binne Suid-Afrika ontwig en onderhandelings kelder.

Terwyl die Harms-kommissie getuienis oor die BSB aanhoor, duur eliminasies en terreur voort. In April vanjaar is ses mense in Suid-Afrika en Botswana deur onbekende sluipmoordenaars doodgeskiet, terwyl 'n Zimbabwiese teoloog en ANC-ondersteuner 'n briefbom ontvang het wat in Suid-Afrika gepos is.

Dit is duidelik dat De Klerk en die Regering hier met 'n selfgeskepte monster sit wat nie net die ANC en onderhandelings bedreig nie, maar selfs sy eie lede. Die era van die Totale Aanslag is verby en verbode organisasies is gewettig. Dit maak die BSB oorbodig.


Groot kommer bestaan oor die Regering en selfs die Weermag se vermoë om die BSB te ontbind. Die BSB het vroeër vanjaar 'n bevel van die Hoof van die Weermag blatant verontagsaam toe hy geweier het om sy projekteers vir 'n Weermag-onderzoek beskikbaar te stel.

Voorstelle is reeds gemaak dat elke lid se salaris gestop moet word tensy hy bereid is om na vore te kom en hom aan die gesag van die Regering te onderwerp.

Na soveel getuies moes die publiek vandag geweet het wie die BSB is, waar hulle is, wat hulle beplan en waarvoor hul verantwoordelik was.

Harms het 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om Suid-Afrika 'n stap nader aan die waarheid te bring.

Indien die BSB wel in die toekoms sou oorgaan en dade van politieke geweld pleeg, sal 'n deel van die verantwoordelikheid op sy skouers rus.



van sensuur en amptelike stilswye, het dié sweer in Novbember verlede jaar via die onthullings van Almond Nofomela en Dirk Coetzee in die openbaar oopgebars. Weke later is die BSB ontbloot.

Genoeg inligting het in die eerste weke van die onthullings na vore gekom om almal wat soek na vrede en stabiliteit in die sub-kontinent, te laat besef dat dié euwel die hele wese van 'n toekomstige demokrasie in Suid-Afrika aantast.

Totdat die waarheid nie uitgekóm het en ons veiligheidsmagte nie van sy kriminele- en moordelemente gesuiwer is nie, kan daar nie sprake van versoening wees nie.

In die woorde van Jacob Zuma, intelligensiehoof van die ANC: "Ons wil versoen en ons wil vergewe; maar ons wil weet wát ons moet versoen en wíé ons moet vergewe."

Dis in hierdie atmosfeer dat Louis Harms as voorsitter van die kommissie aangestel is.

Op hom rus die verantwoordelikheid om soos 'n chirurg die sweer oop te maak en skoon te maak sodat die wond kan genees en 'n nuwe lewe daaroor kan groei.

Daar was van die begin af groot druk op

die getuiebank klim en alles ontken, weier om homself te inkrimineer, lieg en sonder 'n letsel weer daar uitstap.

Die BSB word beskerm deur die kommissie wat nie buitelandse optredes mag ondersoek nie, 'n onbeholpe ondersoek deur die kommissie en die polisie en 'n regter wat tot die atmosfeer van geheimhouding bydra deur die lede se identiteit te beskerm.

Daarteenoor word regspanne wat namens menseregte-organisasies optree, ernstig gekortwiek deur Harms se blatante eenogigheid en soms openlike vyandigheid, getuies wat onbetroubaar is en psigopatiese neigings toon en die SA Weermag self wat die waarheid toesmeer. So byvoorbeeld het die kommissie gehoor hoe die BSB 'n noodplan in werking gestel en al die binnelandse projekteers laat verdwyn het. Die Weermag self het weinig gedoen om dié lêers terug te kry. Die kommissie, aan die ander kant, het byna 'n maand geneem voor hul toegeslaan en lêers probeer kry het.

Die Onafhanklike Raad van Onderzoek na Informele Onderdrukking het dié week gesê indien die kommissie se verwysingsraamwerk

KP-alliansie blykbaar die rede

CHRISTELLE DE JAGER

DIE skielike bedanking verlede week van dr Oscar Dhlomo uit Inkatha en die KwaZulu-regering het skokgolwe deur die organisasie en politieke kringe gestuur.

Maar volgens hooggeplaaste bronne in Inkatha was dit nie onverwags nie en het dit gevolg op maande van onmin tussen die KwaZulu-hoofminister en Inkatha president, Gatscha Buthelezi, en Dhlomo, die minister van onderwys en kultuur en sekretaris-generaal van Inkatha.

Dhlomo en Buthelezi het albei dié week bewerings van onmin tussen hulle ontken, maar Vrye Weekblad het vertroulik verneem dat Dhlomo se bedanking verlede Vrydag gevolg het op 'n hewige argument tussen die twee oor die moontlikheid van 'n alliansie met die Konservatiewe Party.

Dit was vir Dhlomo blykbaar die laaste strooi dat Buthelezi van hom verwag het om saam met iemand soos dr Andries Treurnicht te werk.

Dhlomo het al twee maande gelede die eerste keer bedank, maar is toe oorreed om aan te bly. Die bedanking het gevolg na 'n stryery tussen die twee oor die protesoptogte twee maande gelede deur KwaZulu-onderwysers.

Buthelezi wou hê dat Dhlomo streng teen die onderwysers moes optree, maar Dhlomo het geweier en gesê dat hulle werklike griewe het wat aangespreek moet word.

Hy was ook moeg daarvoor dat Buthelezi in sy departement inmeng en nie met hom konsulteer nie, maar regstreeks met die skole handel.

Voordat die twis opgelos is, het Buthelezi vir nege dae as waarnemende minister van onderwys en kultuur waargeneem, waartydens die onderwysers 'n verhoging gekry het. Dhlomo het toe blykbaar kennis gegee dat hy nog steeds gaan bedank, maar dit sou uitstel tot 'n meer geleë tyd.

Toe het Buthelezi en die KP egter van 'n moontlike onderhandelingsalliansie tussen die twee partye begin praat - en Dhlomo was nie gelukkig nie.

Hy het op 'n perskonferensie in Kaapstad gesê hy sou verwag dat Treurnicht Inkatha se grootse opponent gedurende onderhandelinge sou wees omdat hy "die direkte teenstelling verteenwoordig van waarvoor Inkatha staan. Dhlomo het ook gesê dat hy nie die ANC as 'n opponent beskou nie.

Met Dhlomo se terugkeer uit Kaapstad verlede Donderdag het Buthelezi hom sterk terregewys omdat hy glo sonder konsultasie sulke verklaarings gemaak het en omdat "ons nie

gesien moet word dat ons in die openbaar verskil nie".

Hulle het hewig gestry en Dhlomo het besluit om onmiddellik die volgende dag sy amptelike bedanking aan te kondig.

Ander twispunte wat ook bygedra het tot die probleme tussen Dhlomo en Buthelezi, was onlangse bewerings oor Inkatha moordbendes, waarby die KwaZulu-polisie na bewering betrokke is, en die feit dat Buthelezi Inkatha nie openlik wil distansieer van die Inkathakrygshere nie.

Daar is baie ander Inkatha-lede, insluitende senior ministers, wat ook ontevrede voel oor dié kwessies, én omdat hulle nie gekonsulteer word nie. Verdere bedankings word in die nabye toekoms verwag, en volgende maand se jaarlikse algemene konferensie van Inkatha

beloef om 'n omstrede een met vuurwarm debatte te wees.

Die manier waarop daar besluit is dat Inkatha 'n politieke party gaan word, het ook baie Inkatha-lede ontstel. Hulle glo dat so 'n belangrike besluit eers behoorlik en demokraties op die jaarlikse konferensie bespreek moes word, voordat 'n besluit geneem is.

Daar is 'n faksie in Inkatha wat glo dat Inkatha met die ANC moet saamsmelt, en om nou 'n politieke party te stig is 'n regstreekse uitdaging aan die ANC wat net probleme in plaas van versoening kan veroorsaak.

Inkatha is oorspronklik as 'n kulturele beweging gestig wat nadat die ANC verban is, Zoeloes in Natal teen apartheid kon mobiliseer.

En die ANC weet lankal

HENNIE SERFONTEIN

DIE bedanking van dr Oscar Dhlomo uit sy posisie in Inkatha én die KwaZulu-regering het as geen verrassing vir die leierskap van die ANC gekom nie.

Tydens private gesprekke met twee van die sleutelfigure in die ANC se onderhandelingspan in Kaapstad aan die begin van Mei, is aan my voorspel dat die bedanking van Dhlomo binne die volgende paar maande verwag word.

Die redehoekom hy dit tot nou toe nog nie gedoen het nie, is omdat Dhlomo vir sy lewe en dié van sy familie gevrees het as hy tot so 'n stap sou oorgaan.

Ses weke gelede was daar sprake dat hy nie uit Inkatha sou bedank nie, maar slegs sy ministerspos en posisie as sekretaris-generaal van Inkatha sou neerlê.

Na bewering sou hy homself uitgefaseer het deur vir verdere studies na Amerika te gaan vir 'n jaar of twee. Sodoende kon hy uit Inkatha beweeg sonder 'n regstreekse konfrontasie met hoofminister Mangosuthu Buthelezi.

Vanweë die uiters delikate aard van die Natal-konflik was die ANC-persone met wie ek toe gepraat het nie in daardie stadium bereid om amptelik 'n onderhoud te gee oor hul siening en inligting nie.

Een ding het my egter diep getref: die ongelooflik gedetailleerde inligting van die twee ANC-leiers oor die gebeure rondom Inkatha.

Dit gaan veel verder as wilde beskuldigings teenoor Buthelezi en Inkatha as sou hulle "kollaborateurs" en "uitverkopers" wees.

Hulle het 'n sobere mening gegrond op sekere feite wat 'n groot verleentheid vir Inkatha sal wees as dit uitkom. Dit bevat vernietegende feite wat die selfverklaarde beeld van Inkatha as "vredesbeweging" 'n ernstige knou sal toedien.

Dit was vir my heel duidelik dat die ANC nie alleen goed ingelig is van binne Inkatha geleedere nie, maar dat die teenkanting teen Buthelezi in eie geleedere groter is as wat algemeen besef word.

Om strategie se redes is dit vir die ANC van belang dat die ware simpatieë van hierdie mense nie in dié stadium bekend word nie.

Die ANC-leiers beklemtoon dat dit nie beteken dat al dié Inkatha-ontevredenes noodwendig pro-ANC-gesind is nie, maar hulle verskil fundamenteel van Buthelezi oor sy hantering van die saak.

Die ANC sit met volledige beëdigde verklaarings oor die netelige sake, wat op die regte oomblik na vore sal kom.

Eerstens is daar die geval van 'n leier van die vroue brigade van Inkatha wie se huis in 1980 op geheimsinnige wyse aangeval en uitgebrand is.

Sy en haar familie het met hul lewens daarvan afgekom en hulle het na Transkei gevlug. Die vrou was een van die Inkathafgevaardigdes wat in 1979 in Lusaka met die ANC samesprekings gevoer het.

Met haar terugkeer het sy na bewering op verskeie geleenthede met Buthelezi verskil op Inkatha-vergaderings oor wat in Lusaka met die ANC gebeur het.

En nou het dit onlangs in Lusaka aan die lig gekom dat 'n askari ('n gewese ANC-lid in diens van die polisie) saam met die Suid-Afrikaanse Polisie vir die aanval op haar huis verantwoordelik was.

Die askari, wat deur die ANC gevangene geneem is, het dié en ander bekentenisse aan die ANC gemaak.

En ANC-man merk op: "Ons vind die optrede van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie teen 'n kritiese Inkatha-lid uiters vreemd, om die minste te sê."

Tweedens is daar die beëdigde verklaring van 'n bekende hoofman en lid van Inkatha wat vertel van 'n byeenkoms van Zoeloe-hoofmanne verlede jaar waar sekere Inkathapersoonlikhede openlik opdrag gegee het watter plekke aangeval moes word, en watter individue die teikens was.

Derdens moes die motorbestuurder en familie van een van die sogenaamde Inkathakrygshere vir hul lewens vlug. Hulle is tans elders in die land onder streng beskerming woonagtig.

Die rede is dat die motorbestuurder gedagvaar is om te getuig in die saak teen dié krygshere, adjunk-minister van binnelandse sake van KwaZulu, Bekizizwe Jamile. Die saak het dié week in Pietermaritzburg begin.

Donker dae wag op Inkatha

THANDEKA GQUBULE

IN 'n onlangse toespraak aan die Durbanse Sakekamer deur dr Oscar Dhlomo, sekretaris-generaal van Inkatha en minister van opvoeding en kultuur van KwaZulu, het Dhlomo gesê politieke groepe soos Inkatha, wat hul energie aan onderhandelingspolitiek gewy het, in die nuwe klimaat politieke voordeel daaruit put.

Maar daar is verskeie aanduidings dat donker dae op Inkatha neergedaal het en dat groot uitdagings hoofminister Mangosuthu Buthelezi in die gesig staar.

Die onlangse bedanking van Dhlomo uit Inkatha word deur kenners beskou as 'n groot slag vir dié beweging en as simptome van Buthelezi se verminderende intellektuele steun.

Die eksodus van intellektueles het in 1979 begin toe die destydse sekretaris-generaal, dr Sibusiso Bhengu, voorgestel het dat die beweging vir alle rasse oopgestel word.

Baie van die sogenaamde "intelligensia" het gevlug nadat ses studente by die Universiteit van Natal deur 'n Zoeloe-impie vermoor is. Ná dié voorval het vooraanstaande akademici soos prof Sibusiso Nyembezi, die skrywer van verskeie Zoeloe-boeke, gemeenskapswerker Excell Msimang, en die vorige president van die Metodiste Kerk, dr Khoza Mgojo, bedank.

Die Pietermaritzburg-tak, een van die sterkstes in die beweging en die grootste in die Natalse Middelland, het toegemaak.

Idasa-direkteur, dr Frederik van Zyl Slabbert, sê dit moet 'n groot slag vir Buthelezi en Inkatha wees om iemand te verloor wat so gerespekteer en bekwaam is soos Dhlomo.

Hy glo dit sal nie lank wees voor Dhlomo weer aktief by die politiek betrokke raak nie.

"Ons gaan deur 'n tydperk van verandering in politieke groepering waarin tradisionele en formele partye, bewegings en organisasies hul doelwitte en taktiek sal moet herdefinieer."

Die streekspoging om 'n federale voorbeeld vir Suid Afrika te stel het nou met die bedanking van Dhlomo en die Indaba se uitvoerende direkteur, Peter Mansfield, ineen gestort.

As die Indaba geslaag het, sou dit Buthelezi se streekspoging gekonsolideer het en hom in 'n sentrale posisie in die Suid-Afrikaanse politiek geplaas het.

Dit is algemene kennis dat die Indaba al lank probleme het weens die oorlog in Natal en veranderinge in die liberale politiek.

Inkatha word geblameer vir baie van die geweld in Natal en vroeër vanjaar, toe daar weer grootskaalse geweld in Pietermaritzburg en omgewing uitgebreek het, het 'n navorsers aan die Universiteit van Natal, John Aitchison, 'n verslag geskryf waarin hy Inkatha vir die geweld blameer het.

Ian Phillips, 'n lektor in politieke wetenskap aan dieselfde universiteit, sê die wettiging van die ANC het 'n nuwe klimaat geskep waarbinne die ANC vryelik kon organiseer en mobiliseer.

Hy glo dat Inkatha in reaksie 'n offensief beplan het om hul magsbasis en gebied te verdedig.

Onlangse getuigskrifte van bronne naby Inkatha wat die bestaan van moordbendes in die beweging beweer, het ook skade aan Inkatha se beeld gedoen, en die moordverhoor van KwaZulu se adjunk-minister van binnelandse sake, Bekizizwe Jamile, het dié week in Pietermaritzburg begin.

Daar word geglo dat die verhoor verdere lig sal werp op die moordbendes en 'n duistere organisasie, die Buro vir Spesiale Ondersoeke, wat deur 'n plaaslike Zoeloe-koerant met die BSB vergelyk is.

Die Buro vir Spesiale Ondersoeke is vir ondersoeke op nie-Inkatha mense en -organisasies verantwoordelik, en al doen dit oënskynlik polisiewerk, is dit nie as 'n amptelike afdeling van die KwaZulu-polisie geregistreer nie.

Buthelezi het al die steun van die man in die straat begin verloor toe die KwaZulu-polisie teen inwoners van die geweld-geteisterde gebiede begin optree het. Die beeld van Inkatha as 'n vryheidsbeweging met 'n polisiemag in die townships is nie goed deur die jeug in Natal ontvang nie.

SOEK JY 'N UITDAGING

WIL JY REGTIG JOU TALENTE UITLEEF?

1) Mashaweng High School in Slough, 80 km noord van Kuruman, is dringend op soek na 'n Afrikaanse onderwyser om op 1 of 17 Julie 1990 te begin. Salarisse is in ooreenstemming met die Bophuthatswana se Departement van Onderwys.

2) Ons is op soek na vrywillige, laerskoolonderwysers - met ondervinding - vir 'n landelike swart skool in die OVS. Dit is 'n baie arm skool en akkommodasie en 'n klein salaris word aangebied. Hulle vertrou op u goeie hartigheid. Dink asseblief aan die kinders wat die skool baie nodig het.

DOEN AANSOEK BY:

Die Koördineerder, Catholics for Service, Somersweg 37A, Kaapstad, Tel: (021) 216360

Onder jurisdiksie van die Kommissie vir Christelike Diens van die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppekonferensie



'n Mens kan nie anders as om loervink te wees nie, sê Malan

Waarom het jy die boek geskryf?
Toe ek in 1985 hierheen teruggekeer het, was ek van plan om 'n ander boek te skryf oor die wit Malans en die swart Malans.

Maar ek was aan die buitekant van 'n drama en ek het geskryf oor ander mense - Afrikaners - dat hulle 'n afskuwelike siekte van die siel opgedoen het.

En elke wilmens was aangetas, in besonder my familie. Almal was daardeur aangetas, behalwe ek.

Ek was die Regverdige Witman. Maar ek het tot die besef gekom dat ek vir myself lieg.

Ek het besef dat ek een van hulle is. Die boek gaan werklik oor wilmense in Suid-Afrika, die land, myself.

Vir wie het jy die boek geskryf?

Ek wou 'n boek skryf wat dinge in Suid-Afrika aan die buitewêreld verduidelik.

Ek het geweier om 'n soort Hollywood-boek te skryf. In die eerste deel van die boek praat ek met my uitgewer en die gewone Amerikaner.

As ek dié boek vir Suid-Afrikaners geskryf het, sou dit baie anders gewees het.

Jy het dié boek geskryf vir Amerikaners wat in die tagtigerjare 'n oordosis van Suid-Afrika gehad het. Hulle is ook met verskeie ander boeke, rolprente en beelde van Suid-Afrika gevoer. Is jou boek 'n nodige toevoeging?

Ja, beslis. Daar is 'n beeld van Suid-Afrika wat bestaan het in die Amerikaanse bewussyn. Vir hulle is dit 'n land geskei van sy kontinent, bevolk deur wit- en swartmense wat as karikature aangebied is.

In dié beeld is daar geen plek vir veelsinnighede, swart-op-swart-geweld of revolutionêre mense nie. Afrikaners word as die nuwe Nazi uitgebeeld.

'n Amerikaner het geskryf dat Beyers Naudé die enigste Afrikaner is wat werd is om gered te word. As enigiemand so-iets oor die Jode of swartmense gesê het, sou dit onaanvaarbaar gewees het. Afrikaners is die enigste etniese groep waarvoor mense veralgemenings kan maak én wegkom daarmee.

'n Mens kry die indruk dat almal in Suid-Afrika Engels praat en in dieselfde filosofiese raamwerk as wit Amerikaners beweeg.

Alles word as baie eenvoudig uitgebeeld - amper soos 'n "kyk weer" van die Amerikaanse burgerregte-beweging.

Dit is glad nie waar van Suid-Afrika nie. Dié land is veel meer ingewikkeld. Ek wou die anderkant wys.

Jou boek bevat beelde van barbaarse Afrikaners en barbaarse swartmense. Verbreed jou boek die bewussyn van jou lesers, of flikfloo jy maar net met die idees wat hulle

Rian "My Traitor's Heart" Malan sê hy het dié boek eintlik vir die Amerikaners geskryf. AUDREY BROWN het met hom gaan gesels



Rian Malan

(Foto: Ellen Elmendorp, Afrapix)

reeds het?

Jy moet die boek deur Amerikaanse oë sien. Dit is verkeerd om aan te neem dat Amerikaners 'n gebalanseerde beeld van Suid-Afrika ontvang.

Hulle weet alles van wit geweld af. Vir hulle bestaan daar nie twyfelagtige teenstrydighede nie.

Ek dink die boek bring dié teenstrydighede na vore. En dit is okay.

Maar hoe doen jy dit? Neem as voorbeeld jou verslag oor die dood van Dennis Mosheshwe. Die gewone beelde van die swart slagoffer wat deur apartheid ingedoen is, word geskep, asook die wilmense wat hom wreed en op sinnelose wyse doodmaak. Dit skep 'n sterk gevoel van afloerdery...

Suid-Afrika in 1986 was vir my 'n plek waar wit kinders die dood van 'n swartman by 'n braaivleis kon aanskou.

En waar swart kinders om die liggaam van 'n necklace-slagoffer kon dans. In my boek het ek probeer om na albei te kyk.

En tog bied jy dit aan as vermaak. Jy bied jou lesers die veiligheid van

van karikatuurse geweld praat, wel, dit is seker waar.

Wou jy die beelde van geweld oortref, of wou jy hulle verander?

Nee. En ek dink dié is baie belangrik. Iemand wat Joseph Lelyveld se boek klaar gelees het, het gesê hy wil apartheid gaan beveg.

Ek wou hê mense, nadat hulle my boek gelees het, moet sê: ditsem! In daardie tyd het dit vir my gelyk of die pad vorentoe in die donker verdwyn.

My gevoel was dat indien dit gebeur, moet ek ten minste aan iemand verduidelik hoekom dit gebeur het. En as ek nie daarin slaag nie, is my boek waardeloos. Miskien is dit waardeloos.

Jou uitbeelding van sekere fasette van die Suid-Afrikanse geskiedenis lees soos 'n Bantoe-opvoedingshandboek. Jy ondersteun die "leë land"-teorie van die geskiedenis. Jy skryf oor die landskap, wilde diere en wilder mense net soos dit in sending-fantasieë voorgekom het. Hoe verduidelik jy dit?

Praat jy van die eerste ses paragrawe waarin ek 300 jaar van die geskiedenis afskryf?

Ek dink my uitbeelding is akkuraat. Die punt wat ek probeer maak met die verhaal van Dawid Malan, is dat Afrikaners deur hul omgewing geskep is, en dié omgewing het rassiste van hulle gemaak.

Geskiedkundig is hulle doelbewus oningelig en staan vyandig teenoor Europese stelsels. Maar die dinge waarvoor ek skryf, die gevegte en mense se bewegings, is waar.

Jou boek probeer om op verskillende maniere die "slegte" sy van die ANC uit te beeld. Maar die manier waarop jy dit doen, laat dit kunstmatig voorkom. Jou standpunt is byna anti-ANC. Waarom laat jy nie die gebeure vanself praat nie?

In 'n sekere mate is my standpunt anti-ANC. Laat ek verduidelik.

Vir my is vertroue die enigste teenniddel vir wit vrees. Maar wie is daar om te vertrou?

Dit sou miskien minder dreigend gewees het as ek 100 bladsye oor die oorsprong en beleid van die ANC geskryf het. Maar almal sou aan die slaap geraak het.

In plaas daarvan het ek die storie van George Wauchope se familie gebruik. En as mens dié storie as 'n aanval op die ANC beskou, kan jy dit so insien.

Huldig jy 'n betrokke ideologiese standpunt?

My boek begin ná ideologie. Ek glo in demokrasie, bourgeoise-demokrasie.

Ek glo in die vryheid van spraak en 'n vrye pers. Ek glo in verkiesings, en as die stelsel die ondersteuning van die mense verloor, dan moet hulle uitgegooi word.

Ek het nie in dié soort demokrasie

geglo toe ek Suid-Afrika verlaat het nie, maar ek het wel daarin begin glo met my terugkeer.

Jou gebruik van woorde soos "naturel" - doen jy dit doelbewus, of onkrities?

Nee. Ek weet presies wat die konnotasies van die woord hier in Suid-Afrika is. Ek het net probeer om die werklikheid waarin ek grootgeword het, uit te beeld.

Dit moet tog vir Suid-Afrikaners duidelik wees.

Ja, maar jy het nie die boek aan ons gerig nie.

Enige leser moet dit tog kan oplet. Nee, miskien sal Amerikaners dit nie oplet nie.

Wat dink jy van die resensies oor jou boek?

Wat my verbaas oor die resensies in Suid-Afrika is dat my boek wemel van kettery.

Maar niemand skryf enigiets daarentrent nie. Hulle skryf en praat om die stelling wat ek maak.

Waar lê die kettery in jou boek?

Die eerste een is die stelling dat alle nasies iets het wat hulle saambind, en dat ek nie so seker is dit in Suid-Afrika bestaan nie.

Asook die beginsel van die broederskap van alle mense, ek dink dit is so relevant in Suid-Afrika soos die stelling dat die swartekrag lig kan buig.

Dié dinge het my snags uit die slaap gehou en van my 'n ou man gemaak terwyl ek die boek geskryf het.

Verwag jy dat Suid-Afrikaners jou boek ernstig moet opneem?

Ek verwag dat hulle dit veel ernstiger moet opneem as wat hulle tot nou toe gedoen het. Of dit, of hulle moet dit heeltemal ignoreer.

Ek dink baie mense verkies die laaste uitweg, omdat my boek die bestaande mite van Suid-Afrika bedreig.

Watter soort invloed het die boek op jou familie gehad?

My pa het die boek onrustig gevind. Hy glo nog dat die Afrikaners genuïne was.

Hy glo nog dat apartheid die beste is vir die mense van die land. Hy sal nie sê hy is 'n rassies nie, maar hy glo dat hulle foute begaan het. Hy het die party ondersteun vandat hy 18 jaar oud is.

Hy was verontrus deur paar goed in die boek - soos die manier waarop ek my maagtheid verloor het - toe ek op 16-jarige ouderdom by 'n swart vrou geslaap het.

Hy was egter baie verlig dat die ou wat die resensie vir Rapport geskryf het dié deel uitgelaat het - sy broers en susters lees Rapport.

Nou hoef hulle nie meer agter die bosse te skuil nie

Net agter die eerste duin in Houtbaai, reg tussen al die weelderige witmanswonings, lê twee lappe grond wat soos 'n seer oog uitstaan. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** het gaan ondersoek instel

Plakkerswoning van planke en vullissakke vorm 'n gemeenskap op sy eie, 'n gemeenskap wie se bestaansreg in die Skiereiland nog nooit regtig erken is nie. Die plakkers wissel van swart "tuisland-inwoners" wat al dekades as vissers werk en na 1986 (toe instromingsbeheer afgeskaf is) hulle gesinne saambring het, tot gebore Houtbaaiers wat geen ander lewe ken nie.

Toe woedende "belastingbetalers" hulle 'n paar maande gelede probeer wegjaag omdat hulle "te sigbaar" geword het, het hulle die ANC-vlag hoog op die duine gehys.

Maar dié week het hulle saam met lede van die blanke gemeenskap, die belastingbetalers, die sogenaamde Eiendomsregte-vereniging, verteenwoordigers van die regering en die LP, Colin Eglin, besin oor die toekoms van die gemeenskap. Eglin het die vergadering, kort nadat die regering 'n week gelede hom daartoe verbind het om grond vir die vestiging van die plakkers beskikbaar te stel, as 'n deurbraak bestempel.

Want na jare waarin die plakkers agter bosse moes wegkruip omdat hulle reg om in die Skiereiland te woon en werk nie erken is nie, word daar nou selfs van 'n gemeenskaplike owerheid gepraat.

Houtbaai het geen plaaslike owerheid nie as gevolg van 'n leemte wat deur die afskaffing van die afdelingsrade geskep is.

Die plakkers was nog altyd daar - wettig of onwettig, sigbaar of onsigbaar. Die plakkersgemeenskappe bestaan hoofsaaklik uit vyf nedersettings - die Disa River-gemeenskap, die Davidskraal-kamp, die Blue Valley-nedersetting en die twee wat vir die blanke gemeenskap so 'n steen des aanstoots is - die Princess Bush-gemeenskap en die Sea Products-gemeenskap. Meer as tweeduizend plakkers woon daar.

Pax Nkuzane het verlede jaar 'n toekenning gekry vir 18 jaar getroue diens by Sea Products. Kort daarna het die maatskappy gelas dat plakkers op sy grond, waar baie van sy langtermynwerkers insluitende Nkuzane woon, moet trek.

Pax kon as swartman in die enkelkwartiere in die hawe woon, maar dit sou beteken dat hy dié 18 jaar nooit sy vrou en kinders by hom kon hê nie.

Mavis Ngetu is in die hawe-gebied gebore, maar moes al meer as 20 jaar lank as onwettige plakker lewe.

Nou bly sy in die Princess Bush-gemeenskap op grond wat aan die eienaar van die bekende Fishermans Wharf behoort. Dié grond is baie duur en sal waarskynlik nie in aanmerking kom as oor 'n geskikte erf vir die vestiging van die plakkers besin word nie. Pogings om die plakkers gedwonge uit die Skiereiland te verskuif het tot niks gekom nie.

"Ons het die reg om hier te woon en wil 'n demokratiese, nie-rassige munisipaliteit hê om na ons om te sien," sê sy.

Die plakkers meen hulle kan aanspraak maak op basiese regte omdat hulle in die gebied werk. Soos water, riolering en selfs onderwysgeriewe vir hulle kinders. Blanke inwoners is gretig om die plakkers buite sig te verwyder.

Volgens Die Burger het misdaad die afgelope jaar drievoudig toegeneem en hou die plakkers se teenwoordigheid gesondheidsgevaar vir hulself en die huiseienaars in. Hul grootste probleem is dat hulle eiendomme in waarde sal verminder omdat die plakkers so na aan hulle bly.


Sommige meen dit raas, ander sê dis vuil, party hou nie van die uitsig op 'n sosio-ekonomies onaanvaarbare toneel nie en die meeste glo dat hulle kinders onveilig in die omgewing is. Aantygings is selfs gemaak dat wateruit hulle krane gesteel word omdat die plakkers geen water naby het nie. Die plakkers ontken dit.

Jimmy Otto, ministeriële verteenwoordiger vir die Suidwes-Kaap het op die weekse vergadering ook belowe dat water as 'n tussentydse maatregel vir die plakkers voorsien sal word.

Nou breek die volgende fase van die stryd aan om genoegsame grond vir hervestiging te vind - hetsy deur dit van privateienaars of van Blanke Eie Sake te koop.

Volgens Otto word ook na die finansiële vermoëns van die plakkers gekyk om uit te vind watter soort huise gebou sal kan word. Alles vind in oorleg met die plakkers en hul verteenwoordigers plaas.

"As ons hierdie ding soos ware Suid-Afrikaners saam kan oplos, kan Houtbaai 'n model vir Suid-Afrika word," sê hy.



Die plakkerskamp langs Princess-straat in Houtbaai

(Foto: Benny Gool - Afrapix)

Plakkers nou mede-inwoners van Kaapse voorstede

NIEMAND weet hoeveel swartmense in die Wes-Kaap bly nie.

Solank apartheid bestaan, is hulle dienste nodig. Wettig of onwettig.

En daarom was daar altyd plakkers - mense wie se reg om daar te woon nie erken is nie.

Volgens Josette Cole van die Surplus People's Project in die Kaap het verskeie studies aangetoon dat sowat 70 persent van die tussen 800 000 en 1,5 miljoen swartmense in dié gebied nie in permanente strukture woon nie.

Verskeie soorte plakkers kom voor.

In sommige townships, soos Kayelitsha, kom plakkers voor in die vorm van vlugteling-nedersettings tussen die ander woonbuurte voor.

In dieselfde gebiede woon verskeie gesinne dikwels in een huis. Plakkers kom ook op onontwikkelde

grond voor.

In sommige gebiede plak mense bloot om naby hulle werk te wees en bestaan daar hoegenaamd geen basiese geriewe en dienste soos water, riolering en vullisverwydering nie.

By 'n paar plekke, soos die Disa River Bush-gemeenskap naby Houtbaai, woon sogenaamde Kleurlinge al tot 30 jaar in tydelike strukture op grond wat nie aan hulle behoort nie.

Die rede blyk te wees dat daar nooit vir hulle as informele werkers voorsiening gemaak is in die groot apartheidspan nie.

Die regering het dit nooit sy plig geag om huise te bou nie. Volgens die regering was dit klaarblyklik die private sektor en werkgewers se taak, terwyl hy die basiese infrastruktuur en dienste sou verskaf.

Swartmense was in die Kaap

meestal net welkom vir hulle goedkoop arbeid en sou ook nie huise kon bekostig nie.

In ieder geval is swart townships ver van die werk en baie min voorsiening is in die voorstedelike gebiede vir swartmense gemaak.

Verskeie informele nedersettings het ontstaan en is na talle pogings om die mense gedwonge na die erkende "site en service"-gebiede te verskuif, daar gelaat.

Onder hulle is die "Sun City"-gebied by Stellenbosch, Crossroads en Langa, die Redhill-nedersetting by Simonstad, die plakkersgebiede in die suidelike deel van die Skiereiland, en dié by Kraaifontein en Somerset-Wes.

Hernieude pogings deur plaaslike gemeenskappe het in die afgelope paar maande gelei tot wat Jimmy Otto, ministeriële verteenwoordiger

vir die Suidwes-Kaap, as "groot vordering" bestempel.

Die plakkers se toenemende woede omdat hulle altyd moet wegkruip en in vrees vir verskuiving moet lewe, het die afgelope paar jaar tot verskeie hofsake gelei waarin hulle dit baie moeilik gemaak het om die groepsgebiede en plakkerswette toegepas te kry.

Volgens Colin Eglin, DP-LP vir Houtbaai, het die informele verhouding, wat maar altyd tussen die plakkers en inwoners geheers het, die afgelope ses maande so versleg dat hulle teen wil en dank met mekaar moes begin onderhandel.

Op Noordhoek het DP-LP vir Simonstad, Jannie Momberg, en Eglin meegehelp om te sorg dat die blanke inwoners met verteenwoordigers van die plakkers gaan sit en besin het oor hulle gemeenskaplike

sosio-ekonomiese toekoms en die moontlikheid van nie-rassige munisipale strukture.

Water word nou aan die plakkers voorsien en ondernemings is gekry dat vaste woonplek mettertyd met hulle samewerking ontwikkel sal word.

Tot dusver het die regering hom daartoe verbind om grond vir die plakkers by Kraaifontein, Houtbaai, Noordhoek en by Somerset-Wes uit te sit.

Groot onsekerheid heers nog by die inwoners en plakkers oor water grond toegeken sal word en of daar meer as net 'n basiese infrastruktuur vir die plakkers geskep sal word.

Maar hulle is baie verlig dat hulle nou amptelik as mede-inwoners van die Kaapse voorstede erken word.



Waar lê die wortel van dié kwaad?

Volgens dr Jocelyn Hellig van die Departement Godsdiensstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, neig anti-Semitisme om kop uit te steek sodra daar politieke, sosiale en ekonomiese onsekerhede in 'n land heers. INA VAN DER LINDE doen verslag

ANTI-SEMITISME het die neiging om kop uit te steek die oomblik wanneer daar politieke, sosiale en ekonomiese onsekerhede in 'n land heers, meen dr Jocelyn Hellig van die Departement Godsdiensstudies aan Wits.

In die plofbare politieke klimaat in Suid-Afrika is dit dus nie verbasend nie dat vrese en vyandighede van groepe aan die regter- en linkerkant van die politieke spektrum, op die Jode geprojekteer word, meen Hellig.

Die skending van Joodse grafte in Pretoria, en die plaas van varkkoppe by sinagoges, is onlangse voorbeelde van regse Christelike anti-Semitisme.

Linkse anti-Semitisme kom ook die afgelope tyd in Suid-Afrika na vore in die swart- en Moslem-gemeenskappe.

Hellig loop soek die diepste wortels van Christelike anti-semitisme in die Nuwe Testament.

Hierin volg sy 'n bekende feministiese teoloog van Amerika, Rosemary Radford Reuther, na. In 'n verwickelde argument wat nie hier weergegee kan word nie, sê Reuther onder meer dat die tradisionele Joodse metode om die Skrif te verklaar, deur die vroeë Christene aangepas is sodat die Jode aangetoon word as die hardkoppiges wat weier om die boodskap van die koms van die Messias te aanvaar.

'n Voorbeeld hiervan is die gelykenis van die goeie Samaritaan en die konsep dat nie-Jode eendag by die hemelse feesmaal sal aansit, terwyl die Jode in die buitenste duisternis uitgewerp sal word.

Die argument rondom Joodse wederstrewigheid is mettertyd verder gevoer. Dis die ongelowige Jode wat die boodskappers van God (die dissipels) probeer doodmaak. Dié tema word 'n sterk argument in al die Evangelies en in Handeling. Die Evangelies onderblyf byvoorbeeld die verantwoordelikheid van die Romeine in die kruisiging van Jesus Christus, en die vervolging deur Nero, terwyl die skuld van die Jode in die gebeure 'n sleutelbegrip in die Christelike dogma word.

Dit is veral duidelik in die Evangelie van Johannes. Reuther: "By Johannes is dit van kardinale belang dat Jesus deur die Joodse godsdienstige owerhede gekruisig word vir die godsdienstige misdaad van godslasterlikheid, en nie deur die Romeine as 'n politieke andersdenkende nie."

Dié verskuiwing van politieke oorweging vir die kruisiging, na geloofsoorweging, dien om die hele Joodse godsdienstige tradisie en gesag in die beskuldigdebank te plaas.

Die Aspostel Johannes en die skrywer van die boek Handeling, gebruik voortdurend die term "Die Jode", wat dui op 'n vyandige benaming vir die hele Joodse godsdienstige gemeenskap. Die Jode is by implikasie doof en blind, maar die nie-Jode luister. En solank as wat Jode nie die waarheid van die Christelike vertolking aanvaar nie, is hulle vyande van God, en dus vyande van die Chris-

tendom.


Die anti-Judaïstiese filosofie word voortgesit in die briewe van Paulus, en in Hebreërs. Die Joodse Wet is volgens Paulus iets wat net kennis omtrent sonde bied, maar nie die innerlike krag gee om God te gehoorsaam nie. Die Tora word negatief gesien, want dit dien net om sonde aan te toon en kan opsigself nie tot saligmaking lei nie.

'n Vroeë kerkvader, John Chrysostom, noem die sinagoge "'n rowerspelonk... 'n bordeel... 'n misdaadnes... 'n vergaderplek vir demone... 'n vesting van die Duiwel."

Teen die tyd dat die hervormer, Martin Luther, op die toneel verskyn, het die negatiewe en demoniese siening van die Jode in 'n stereotipe ontwikkel om mee rekening te hou. Volgens Luther is die Jode "bloeddorstige honde en moordenaars van die ganse Christendom".

Hy beskuldig hulle van leuentaal, en nadat hy die tema van 'n internasionale sameswering met byna kosmiese kragte van die Jode ingelei het, verwys hy na hulle beweerde rykdom: "Ja, hulle hou ons as Christene gevange in ons land. Hulle laat ons werk dat die sweet op ons uitslaan om vir hulle geld en eiendom te verdien, terwyl hulle lui agter die oond sit, winde breek, pere bak, eet, drink, en weelderig lewe uit ons rykdom..."

Met die ontwikkeling van dié beeld van die Jode as 'n almagtige demoon, is dit geen verassing dat "The Proto-



'n Beeldhouwerk buite Yad Vashem in Jerusalem wat die Joodse lyding tydens die Holocaust uitbeeld.

(Foto: Suzanne Belling)

cols of the Elders of Zion", 'n werk wat die Jode van internasionale sameswering beskuldig (die sogenaamde Illuminati-teorie), tot vandag wyd voorkom, ongeag die feit dat dit as vals bewys is.

Die "Protocols" en beweringe oor wêreldoorheersing en die Joodse geldmag, word dikwels in Suid-Afrika aangetref onder die AWB-aanhangers en die BBB van prof Johan Schabot.

Meer fanatiese anti-Semitiese uitsprake word gemaak deur klein groepies sogenaamde godsdienstige groepe soos die Gemeente van die Verbondsvolk en die Kerk van die Skepper. Laasgenoemde het sterk bande met die neo-Nazi-beweging hier en in die buiteland.

Hellig meen dat dit onwaarskynlik is dat die anti-Semitiese in dié klas ooit 'n sterk invloed op die regering van die land sal hê.

Wat haar meer bekommer is die feit dat die "Protocols" vandag wyd in Arabiese lande gelees word, en ook in Suid-Afrika onder Moslems begin kop uitsteek.

Hoewel Islam vroeër gedemp anti-Judaïsties was, was dit selde gewelddadig. Dit was eerder geïnspireer deur minagting as deur die plofbare mengsel van haat, vrees en afguns wat die Christendom se anti-Semitisme gekenmerk het.

Islam is gevestig toe die Jode 'n politiek magtelose groep was. Die stigting van die Staat van Israel in 1948 en die Sesdaagse Oorlog in 1967, was 'n vernederende neerlaag vir Moslem-lande deur tradisioneel "lafhartige", "toegeeflike" en "magtelose" Jode.

Volgens Islam word die wêreld verdeel in "Dar-al-Islam" (die domein van van Islam) en "Dar-al-Harb" (die domein van oorlog. Enige land wat voorheen onder Islamitiese beheer was, bly steeds deel van "Dar-al-Islam". Die blote bestaan van 'n onafhanklike Joodse tuisland op Islamitiese gebied is teologies onaani-

vaarbaar.

In Suid-Afrika het rasse- en politieke faktore daartoe bygedra dat sowel Moslems as swartmense geneig is om hulle te identifiseer met die onderdrukte swartmense in die land, en met die Palestyne in die besette gebiede in Israel.

Suid-Afrikaanse Jode, wat 'n sterk band het met Sion, ondersteun 'n regime wat as onwettig en onderdrukkend beskou word. Jode word voorts beskou as deel van die bevoorregte wit gemeenskap.

Moslem-groepe in die land maak daarop aanspraak dat hulle nie anti-Semities is nie, maar anti-Sionisties. Hellig sê egter dat propaganda-pamflette van die meer radikale Moslem-groepe gevul is met beweringe oor 'n Sionistiese sameswering vir wêreldoorheersing.

Dit word beweer dat enigeen wat met Sionisme identifiseer, nie werklik kan deelneem aan die stryd vir 'n nierassige Suid-Afrika nie.

In die swart wêreld is daar ook teenstand teen 'n beweerde Israel/Suid-Afrika-verbintenis, maar terselfdertyd 'n uitgesproke waardering vir die feit dat Jode in die land op die voorpunt was van die stryd teen apartheid.

Die anti-Israel-houding onder swartmense moenie onderskat word nie, sê Hellig. Dis is een van die mees problematiese kwessies op die agenda van Suid-Afrikaanse Jode, en word verder vererger deur die huidige opstande in Israel se besette gebiede en die hardhandige wyse waarop dit onderdruk word.

Hoewel Jode hier pleit vir begrip vir Israel, is daar 'n dringende besef dat daar sekere belangrike morele kwessies is waarvoor ernstig besin moet word, sê Hellig.



Jocelyn Hellig van Godsdiensstudies aan Wits



Soos donkies sonder koers of rigting

"O, die donkie, O die donkie! O die donkie is 'n wonderlike ding. Hy staan as hy loop, en hy loop as hy staan. O die donkie is 'n wonderlike ding!"

Dié eenvoudige woorde van die Afrikaanse volksanger Chris Blynant laat my, op heel onlogiese manier miskien, aan die Engelstalige pers in Suid-Afrika dink.

Want soos die donkie doen: die Engelse pers dikwels nie wat hy veronderstel is om te doen nie. Of nie wat hy voorgee om te doen nie.

In die praktyk vind 'n mens dikwels dat daar teenstrydighede is in die benadering van die Engelse pers tot moreel-etiese politieke probleme in Suid-Afrika.

Onreg, onderdrukking, rassisme, apartheid. Dié woord tereg, met wisselende intensiteit, oor die jare beveg. Veral as dit deur die Afrikaner-bevindhebbers gepleeg word.

Oor die jare was dit dan die belangrikste, en omtrent die enigste teiken van die verontwaardigde Engelse joernalistieke liberalisme.

Maar as dit gaan oor onreg deur die Engelstalige gemeenskap, of hul eie organisasies, is daar 'n merkbaar gebrek aan entoesiasme.

Daar is die afgelope dekades 'n oorverdoewende stilte of totale swye oor ewe verderflike rassistiese praktyke in die Engelse samelewing.

Die afgelope meer as dertig jaar was ek nogal bevoorreg om die Engelse politieke en joernalistieke wêreld van binne te beleef - beide as waarnemer en deelnemer.

In dié tydperk het ek twee ontdekkings gemaak. Die eerste is dat daar oor die hele spektrum van daardie "liberale taalgemeenskap" - sake, sosiaal, kerke, skole - ook skreiende apartheidspraktyke was. Swartes is dikwels op gemene manier uitgebuit, hoewel dit dikwels meer slugkamoeleer was as die "domboere" met hul hardhandige Van der Merwe-gewoontes.

Miskien moet dit mens nie verbaas nie. Want rassisme bestaan wêreldwyd onder alle rasse. Al verskil is dat 'n Afrikaner-regering dit op 'n brutale manier onder die voorwendsel van Christelikhed toegepas het.

Maar die tweede ontdekking was miskien meer verrassend. Of, moet ek sê, meer van 'n teleurstelling. Dit is naamlik dat die Engelse pers bitter min gedoen het om ongeregthede in eie geleedere aan die kaak te stel.

Neem byvoorbeeld die posisie in die "veelrassige" Engelstalige anti-apartheidskerke. Tot onlangs nog was die Anglikaanse, Metodiste, Presbiteriaanse en Nasionale kerke deurdrenk met subtiele apartheidspraktyke.

Daar was spanninge binne die kerke en ook tussen die uitgesproke Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en sy lidkerke.

Oor al dié baie, baie belangrike sake het die Engelse pers grootliks geswyg.

Of dit uit joernalistieke onnoselheid was, of dit deel was van 'n subtiele strategie "not to rock the boat", weet ek nie. Dit maak ook nie saak nie.

Trouens, daar is geen twyfel dat daar in die afgelope 25 jaar tien keer meer kritiese bente in sekere Afrikaanse koerante was oor apartheid in die Afrikaanse kerke, as deur die Engelse pers oor die Engelse kerke.

Business Day se Ken Owen en ander liberaliste wat so bevrees is oor die toekoms van "liberalisme" wil mens vra: As liberalisme beteken die bevordering van sekere waardes en die bevestiging van onreg, waarom nie 'n kruisvaart eers in eie geleedere ondemeem nie?

HENNIE SERFONTEIN was die afgelope 25 jaar 'n ywerige deelnemer en waarnemer van die Engelse liberale pers. Hy glo dat hul beriggewing en optrede deurspek is met teenstrydighede en skynheiligheid. Baie soos 'n donkie wat nie weet wat hy moet doen nie. Hier is sy indrukke

Miskien moet hulle NP van Wyk Louw se essays in "Liberale Nasionalisme" lees - en veral daar waar hy praat oor die moreel plig op 'n groep of gemeenskap om onreg in eie geleedere aan te spreek.

Dit sal interessante leesstof wees as swart joernaliste moet vertel van hul ervaring in die Engelse pers, van hoe hulle aan die ontvangskant was van arbeidspraktyke op dié koerante waarvan sommige kwalik verborge rassisme was.

Daar is egter geen swart joernalis nie, hoe bitter of kwaad oor hul ervarings, wat sal waag om openlik hul menings uit te spreek nie. "Ons is bang. Ons word geviktiseer en op 'n swartlys geplaas en kry nie werk by hulle nie," het meer as een al aan my


gesê.

Laat my een treffende voorbeeld noem: Desember verlede jaar was ek 'n afvaardigde by die Paryse gesprek met die ANC. Saam met my was 'n aantal vooraanstaande redakteurs van Suid-Afrika.

Met ons terugreis, wag ons in die vertreksaal van die Charles de Gaulle-Lughawe en raak in gesprek met 'n paar swart Suid-Afrikaners. Die gesprek gaan oor die Engelse "liberale" pers se dubbele standaarde.

Onverwags word ek redelik kru onderbreek deur 'n jong assistent-redakteur van een van die bekende establishment-groepe.

Hy deel my mee ek praat onsin en dis totaal en al onwaar. Dit is onwaar dat daar rassisme in die Engelstalige



kerke is of was. En dit is onwaar dat die liberale pers daarvoor swyg.

Na 'n redelike heftige woordewisseling tussen my en dié betersweter, sê ek toe later in moedeloosheid aan hom: "Man, vegeet my menings. Na alles is ek slegs 'n witman. Hoekom vra jy nie liever vir ons swart landgenote hoe swartmense die Engelse pers ervaar en sien nie?"

Hierdie meneer se daaropvolgende antwoord en optrede was nogal baie insiggewend: "Jy weet duidelik nie waarvan jy praat nie. Dis alles 'rub-

bish' want in al die jare in die Engelse pers het ek nog nooit hierdie beweerde dubbelpraktyke teengekome waarvan jy praat nie," snou hy my toe.

En toe draai hy om en loop weg - tot verbasing van die swartes.

Dit noop die hoogs-gerespekteerde adv Fikile Bam om droogweg op te merk: "Kyk nou net daar. Jy vra hom om ons menings te vra. Maar hy stel nie belang in wat ons dink nie. Op tipiese paternalistiese wyse het hy sommer vir ons klaar gedink en besluit."

Die ander swartes het net glimlaggend hul koppe geskud. Want so iets is nie vir hulle vreemd nie.

Ek noem die Engelse assistent-redakteur se naam nie. Want hier is 'n beginsel op die spel, en nie 'n persoonlike vete met iemand wat ek vantevore nie ontmoet het nie.

Ironies, die argument was op 'n Saterdagoggend in Parys. Toe ek Sondag in Johannesburg aankom, is die eerste koerant wat ek lees, die Sunday Star. En daar verskyn 'n skerp artikel van John Qwelane, 'n kollega van my vriend die assistent-redakteur, waarin hy die Engelse pers bykom omdat hulle al die jare nog nooit 'n swart joernalis na die parlement gestuur het nie.

Die trant van sy artikel het my argumente beaam.

'n Mens vergeet maklik dat daar in 1980 'n lang staking van swart joernaliste oor swak diensvoorwaardes by "liberale" koerante soos die Rand Daily Mail, Sunday Express en Sunday Times was.

Hulle moes salarisse ontbeer en is met afanking gedreig.

Een van hulle was Marion Sparg van die Sunday Times. Sy en van die ander jong joernaliste het in dié tyd lank met my kom gesels oor die dubbele standaarde en die sensurering van berigte van swart joernaliste.

Dit was die grondslag van hul wrok teen die liberale establishment en waar die kiem vir die onbesonne bomaanval op die kantore van die Progressiewe Party gesaai is.

Miskien is dit dan ook nie vreemd nie dat van die smerigste joernalistiek en hoofartikels oor Sparg in van dié koerante verskyn het.

The Star is nie minder onskuldig nie. Dit was dié koerant wat gesaghebbend verklaar het dat Joe Slovo verantwoordelik was vir die moord op sy vrou, Ruth, om uit 'n ongelukkige huwelik te kom. Veiligheidspolisie-bronne is sommer blindelings gesluk.

Om nie te praat van die Sunday Times wat al vir jare 'n gewillige en entoesiastiese handperd van die Nasionale Party is nie. Einde verlede jaar toe kapt Dirk Coetzee dié koerant gebel het met 'n wenk, word die veiligheidspolisie summier van die oproep in kennis gestel.

En enkele weke gelede is dit die eerste magtige Sunday Times wat 'n verhaal oor die BSB terugtrek nadat hulle deur dié bende met regsstappe gedreig is.

Die Sunday Times is meer bekend vir sy slap knieë as murg in die pype. Die koerant se rekord, nie alleen in wat dit publiseer nie, maar juis vir wat dit nie publiseer nie en doelbewus weglaat of versag, is sekerlik een van die interessantste sages in die Suid-Afrikaanse joernalistiek.

Jammer vir redakteur Tertius Myburgh dat hy na al die jare van getroue diens nog nie verder kan vorder as die hof van Pretoria nie, en dat ambassadeurskappe in Washington of die Court van St James hom nie beskore was nie.

Plaaslik was hy natuurlik te veel werd vir ons uitgeslape magshebbers.

Dubbele standaarde in die liberale pers-establishment

DIE Weekly Mail is nou op pad om 'n dagblad - Daily Mail - te loods. Almal wat persvryheid, die oop debat en 'n nuwe, vrye Suid-Afrika as hoogste ideaal het, sal hulle alles van die beste in dié reuse-onderneming toewens.

Daarom is dit jammer dat die Weekly Mail hom in dié kritieke stadium skuldig maak aan sommige van die ongewenste praktyke van die liberale Engelse pers-establishment.

Dit is naamlik die vloek van dubbele standaarde: om amptelik perssensuur op lofwaardige wyse te beveg, maar om dit na binne tog self toe te pas.

Neem byvoorbeeld 'n onlangse ervaring wat Vrye Weekblad met die Weekly Mail gehad het. Dit is 'n geval van raar maar waar.

Twee maande gelede het die mede-redakteur van die Weekly Mail, Irwin Manoim, in 'n artikel in Amerika 'n aantal stommiteite oor die pers kwytgeraak wat 'n storm in perskringe plaaslik losgelaat het.

Vrye Weekblad verklaar in 'n hoofartikel dat hy homself distansieer van die menings van 'n kollega waarmee hy nie saamstem nie.

Daarop verduidelik die betrokke redakteur dat hy nie sy eie menings uitgespreek het nie. Hy was gevra om duiwels-advokaat te speel - iets wat glad nie in die tydskrif genoem is nie.

Die volgende week verwelkom Vrye Weekblad dié verduideliking.

Maar intussen gebeur iets anders. Vrye Weekblad se sakebestuurder word deur die Weekly Mail se sakebestuurder in kennis gestel dat die Mail nie meer bereid is om Vrye Weekblad-advertensies te plaas nie.

En dit niesteenstaande die feit dat Vrye Weekblad en Weekly Mail 'n vaste, wettige ooreenkoms aangeaen het.

En die rede? Tensy die redakteur van Vrye Weekblad in die openbaar om verskoning vra vir die kritiek op die mede-redakteur van die Weekly Mail, sal die Weekly

Mail onder geen omstandighede bereid wees om die Vrye Weekblad-advertensie te plaas nie.

Die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, skakel die Weekly Mail se ander mede-redakteur, Anton Harber. Maar laasgenoemde is 'n beginselvaste kèrel. As voorste kampvegter teen ongeregthede moet sy beginsels ten volle uitgeleef word - al is dit dan een van joernalistieke dubbele standaarde.

Harde woorde val. Maar Harber is 'n man wat nie van koers afwyk nie. Du Preez weier om terug te trek. Dis deel van die vrye debat waarvoor albei koerante staan.

So is daar geen Vrye Weekblad-advertensies in die Weekly Mail nie. En onder fanfare gaan die Weekly Mail voort om die loodsing van sy nuwe dagkoerant aan te kondig.

En reken net. Een van die hoofredes is om die nasie se visie te verbreed, sy kennis uit te brei en sy vryheid te vermeerder.

En tog, toe die aankondigings oor die nuwe Daily Mail kom, het Vrye Weekblad dit nie uit weerwraak verswyg nie. Die Weekly Mail se advertensie-boikot het Vrye Weekblad nie beïnvloed om 'n behoorlike berig daarvan te meek nie.

Dié Weekly Mail se advertensie-sensuur sal koerante soos Beeld en Die Burger na die ou dae laat verlang. Tot en met die algemene verkiesing in 1987 het hulle byvoorbeeld geweier om advertensies van die Demokratiese Party of die Konserwatiewe Party te plaas.

Maar sedert verlede jaar het selfs hulle van houding verander.

Ek wonder maar net wat 'n eerbiedwaardige persoon soos Dick Enthoven - 'n direkteur en aandeelhouer van Weekly Mail - van dié doen en late van sy koerant sê.

Maar nou ja, wat ver wag 'n mens van 'n Suid-Afrikaanse koerant wat in die jaar van ons liewe Heer 1990, nie net een nie, maar twee Britse lords as aandeelhouders en direkteure het.

Onderhandelings

Magsdeling tussen ANC, regering bestaan nou reeds

Daar is duidelik politieke spelle en gesprekke tussen die regering en die ANC agter die skerms aan die gang waarvan die omvang verbysterend en verrassend is. In 'n kort rukkie het dié twee groepe, wat vier maande gelede nog in 'n oorlogssituasie was, ver gevorder op die pad na 'n nuwe grondwetlike bedeling. **HENNIE SERFONTEIN** het met akteurs aan beide kante gesels en ontleed die situasie.

'N VORM van doeltreffende magsdeling bestaan reeds tussen die regering en die African National Congress.

Oor belangrike sake neem nie een van die twee partye finale besluite of maak amptelike aankondigings sonder om die ander party te raadpleeg of in kennis te stel nie.

Dié toedrag van sake blyk heel duidelik as mens die merkwaardige en groeiende verstandhouding tussen die twee partye ontleed. En dit word ook bevestig in gesprekke met sleutelpersone aan albei kante wie ten nouste betrokke is by die huidige onderhandelingsproses.

Die onverwagse ontmoeting verlede Saterdag tussen Staatspresident FW de Klerk en die ANC vise-president Nelson Mandela, is maar die punt van die ysberg.

Dié gesprek is voorafgegaan deur 'n intense drie uur lange gesprek die vorige dag tussen die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, en die ANC se hoof van buitelandse sake, Thabo Mbeki. Die doel was om sekere delikate sake wat opgeduik het en vir albei partye polities netelig is, te bespreek en tot 'n vergelyk te kom.

Dit het dan ook die weg gebaan vir die De Klerk/Mandela-ontmoeting. Oor die inhoud daarvan hang steeds 'n sluier. Trouens, tydens die afgelope besoek van De Klerk aan Europa en Mandela aan Afrika, was die twee leiers regstreeks of onregstreeks met



FW de Klerk

mekaar in verbinding oor sekere baie belangrike sake.

Sleutelfigure in dié verband is De Klerk, Pik Botha en Gerrit Viljoen aan regeringskant en Mandela en Mbeki aan ANC-kant. 'n Mens kan reeds verklaar dat daar tussen die ANC en die regering 'n verstandhouding bereik is oor heelwat sake. Soos iemand na aan die gesprekke dit stel: "It won't be wrong to say some kind of deal has been struck."

In dié verband kan op die volgende gewys word:

Die verskille tussen die twee partye oor sake soos sanksies en die gewapende stryd is veel minder as wat blyk uit openbare uitsprake.

Oor die kwessie van sanksies wil albei partye dit opgehef hê, ook die ANC. "Ons neem binnekort die regering oor en wil dan 'n gesonde ekonomie hê," het 'n ANC-leier aan my gesê. Maar albei is onderhewig aan sekere politieke beperkinge.

In die privaat begryp die regering die ANC se amptelike standpunt oor sanksies en ook hoekom Mandela volhou met sekere verklarings wat deur die pers hier en in die Weste as onbesonne beskryf word.

"Lees tussen die reëls en ook die fyndruk van wat Mandela sê en wat hy nie sê nie," het een regeringsampte-

naar opgemerk.

So beskou beide partye - ook die regering - nou vir Margaret Thatcher as die grootste struikelblok tot 'n spoedige opheffing of verligting van sanksies. Haar morele sedepraatjies, pogings om debatspunte aan te teken en te probeer koning kraai as sou sy prinsipiële reg gewees het in die sanksiedebat, maak dit moeiliker vir die pro-sanksielande om hul standpunt te verander.

Een van die hoofpunte op die agenda van die Mandela/De Klerk-gesprek, is die kwessie van sanksies. Vooraf is ek meegedeel: "Luister mooi na wat Mandela in Europa sê. Effektief sal dit 'n versagting van dié sanksie-standpunt beteken."

Betekenisvol is Mandela se stelling in Botswana vroeër dié week dat hy 'n baie belangrike aankondiging van De Klerk verwag.


Die twee het duidelik ooreengekom dat De Klerk oor die totale of gedeeltelike afskaffing van die noodtoestand dit vir Mandela moontlik sal maak om 'n nuwe benadering oor sanksies in te neem.

Tweedens verneem ek dat die ANC-leierskap redelik die hoenders in is vir die Amerikaanse aktiviste oor die afskaffing van die De Klerk-besoek aan Amerika. Daar was hoegenaamd geen beswaar van ANC-kant teen 'n besoek van De Klerk in dié stadium nie.

Derdens is daar, ondanks 'n ander beeld na buite, op komiteevlak 'n vertrouensverhouding bereik tussen die ANC en die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok. Ondanks heftige ANC-kritiek op polisie-optrede, is daar alle aanduiding dat Vlok se persoonlike bona fides aanvaar word. Dit geld ook vir sekere senior polisie-offisiere.

Dié nuwe vertrouensverhouding wat besig is om tussen die ANC en die polisie-leierskap te ontwikkel, is 'n belangrike deurbraak vir die onderhandelingsproses. Daarsonder is daar geen kans om die groeiende regse en ver-regse bedreiging die hoof te bied nie, vanweë die feit dat 'n meerderheid van die polisie hulle heimlik of openlik ondersteun.

Vierdens blyk dit nou dat die volgende stap in die onderhandelingsproses binnekort sal plaasvind, heel waarskynlik binne die volgende twee



Thabo Mbeki

maande.

Dit is 'n wyer byeenkoms van leiers van groepe klein en groot vanoor die hele politieke spektrum. Die doel is om tot 'n vergelyk te kom oor die prosedures vir die werklike onderhandelinge oor 'n grondwet vir 'n nuwe Suid-Afrika. Ek verstaan dat die ontmoeting sal plaasvind al is al die stappe om die struikelblokke tot onderhandelinge uit die weg te ruim, nog nie afgehandel nie. †

Vyfdens maak regerings- en ANC-bronne dit duidelik dat die ware onderhandelingsfase oor 'n grondwet reeds so vroeg as Oktober vanjaar kan begin. Trouens, dit is die begeerte van beide dat dit wel moet gebeur.

Die groot vraag natuurlik: wat dan van wat op die oog af lyk 'n onoorkomelike struikelblok tot ware onderhandeling te wees. Dit is die kwessie van verkiesings vir 'n grondwetgewende vergadering. Die ANC is onverbiddelik dat dit moet gebeur. Die regering is ewe onverbiddelik dat dit nie sal gebeur nie.

En tog is albei kante vol vertroue dat die onderhandelings sal begin. Die belangrikste aspek is dat die ANC en die regering reeds oor 'n aantal baie belangrike sake ver gevorder het om 'n verstandhouding te bereik. En dat in dié geval reeds 'n kompromie finaal uitgewerk is wat albei tevrede sal stel.



Nelson Mandela

IDASA PRETORIA noui u uit na 'n aandseminaar getiteld 'Die Suid-Afrikaanse Ekonomie: nou en in die toekoms'

SPREKERS:

- * Dr Ronnie Bethlehem (JCI)
- * Prof Sampie Terreblanche (Universiteit van Stellenbosch)
- * COSATU spreker

DATUM: Dinsdag 26 Junie 1990

TYD: 19h00 vir 19h30

PLEK: Holiday Inn, Pretoria

Ten einde u plek te bespreek, stuur asseblief u seminaarfooi van R10 per persoon tesame met u naam, adres en telefoonnommer voor 22 Junie aan:

Die Ekonomie-seminaar
IDASA
Arcadiastraat 1077
Hatfield Forum 203
HATFIELD
0083

Vir verdere navrae, kontak Ethel by:

Tel: (012) 3422335/6

Faks: (012) 3421926

Reg van toegang word voorbehou

'Dit maak ons kinders dood'

Gifkombers oor die Oos-Transvaal

FABRIEKE, reusagtige skoorstene en suile wat verstikkende rook uitpomp, vorm deel van die horison van die Oos-Transvaal.

In dié waaskleurige kombers wat oor die hart van Suid-Afrika se nywerheidsgebied oopgegooi is, werk en leef miljoene mense.

In Witbank, Ogies, Springs en baie ander dorpe en plekke sukkel 'n mostertkleurige son elke oggend deur dié gifkombers.

Want dag na dag word honderde tonne swaeldioksied, koolstofdiksied en chloorfluorkoolstowwe die lug ingepomp. Dié is maar net 'n paar van die gifgasse wat die Oos-Transvalers elke dag inasem en wat op die lang termyn dodelik kan wees.

Ouers wat in dié omgewing woon, sê die fabriek maak hul kinders dood. Ou mense sukkel omtrent deur die bank met asma en ander longsiektes. Boere sê hul oeste word erg benadeel.

Die regering en eienaars van dié fabriek weier egter om die gevolge van lugbesoedeling te erken - of hulle is bloot oningelig en stel nie belang nie omdat suiweringstoestelle geld en aandag kos en boonop moontlik produksie kan vertraag.

Dinsdag was Wêreldomgewingsdag met die tema: Lugbesoedeling.

Dit word algemeen beweer dat lugbesoedeling in die Oos-Transvaal die ergste in die wêreld is.

Die hoofdirekteur van omgewingsbeheer van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwik-

Honderde tonne swaeldioksied en ander giftige gasse word daagliks in Suid-Afrika die lug ingepomp. Tog sê dr Piet Aucamp, hoofdirekteur van omgewingsbeheer van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, dat ons niks te vrees het nie. PEARLIE JOUBERT het ondersoek na die saak gaan instel. Sy doen verslag

keling, dr Piet Aucamp, het egter vroeër dié week gesê dit is onwaar.

Volgens hom is lugbesoedeling in dié omgewing net sowat 'n "derde tot 'n helfte" van die swaeldioksied-vrystelling wat internasionaal as nie gevaarlik vir die gesondheid beskou word nie.

Aucamp sê verder dat die groot hoeveelhede swaeldioksied wat mense en diere beïnvloed, nie baie hoog is nie. Aucamp sê ook "ander dinge" is belangriker as die aanbring van suiweringstoestelle by fabriek.

Dit is duidelik dat Aucamp nog nie een oggend met sonsopkoms Witbank toe gery het nie.

Deur die laagtes is die stank en verstikkende dik lug ondraaglik.

'n Mens wonder of Aucamp daarvan bewus is dat daar in die Oos-Transvaal alleen ongeveer 31 ton swaeldioksied per vierkante kilometer jaarliks in die lug vrystel word. Dié syfer is hoër as die vrystelling van swaeldioksied in Oos-Duitsland wat berug is vir sy hoë persentasie swaeldioksied-vrystelling.

Oos-Duitsland is ook die land wat die hoogste persentasie gifgas-vrystelling in Europa het.

Die vrystelling van swaeldioksied veroorsaak suurreën wat uiters skadelik vir mense, plante en diere se gesondheid is en selfs noodlottig kan wees. Navraag toon dat daar ongeveer 30 ton swaeldioksied jaarliks in Oos-Duitsland verbrand word. Kenners is egter van mening dat daar soveel as 59 ton jaarliks in Suid-Afrika in die atmosfeer vrystel word.

Maar dit is ook nie al wat 'n mens inasem en 'n wintersoggend op die Oos-Transvaalse Hoëveld nie.

Ongeveer 350 tot 400 miljoen ton koolstofdiksied, wat verantwoordelik is vir die kweekhuis-effek, en waarvan die vrystelling onsigbaar is, word na bewering jaarliks in dié gebied vrystel.

Dié gas word vrystel tydens die verbranding van steenkool waarvan ongeveer 'n kwart miljoen ton jaarliks in die Oos-Transvaal verbrand word.

Aucamp het blykbaar ook nie in gedagte gehou dat die Oos-Transvaal

binne die suidelike halfrond in 'n atmosferiese situasie wat gedomineer word deur terugkerende anti-sikloniese selle, geleë is nie.

Dit beteken dat die laagdrukgebiede en selle in dié area terugkerend is tot dieselfde gebied en die lug dus vyf maande van die jaar, veral tydens die winter, redelik stagnant is.


Dié gebied het, volgens navorsing wat gedoen is, 'n atmosferiese besoedeling wat hoër en meer nadelig is as enige ander plek in die wêreld.

Jenny Muffet van EarthLife Africa woon reeds vir jare in Vanderbijlpark. Volgens haar is haar oupa en eerste kind dood weens die "gewelddige hoeveelhede gifgasse" waaraan hulle blootgestel is.

Eskom en Semenkor is die twee grootste fabriek in dié gebied.

Muffet sê die regering se huiwering om townships te elektrifiseer, omdat dit baie duur sal wees, is nie 'n geldige verskoning nie. "n Mens sal nou moet begin opweeg hoeveel geld aan medisyne en mediese dienste bestee word. Medisyne en mediese dienste wat juis as gevolg van lugbesoedeling nodig gestel het."

Volgens haar het die mense in die Vanderbijlpark-omgewing se kinders gereeld probleme met allergieë. "Dié allergieë kan nie altyd aan genetiese redes toegeskryf word nie. Veral die kinders in ons omgewing kry gereeld kindersiektes wat 'n regstreekse gevolg van blootstelling aan gif- en uitlaatgasse van die fabriek is."



Gifgasse word hier die lug ingepomp - in die naam van industriële vooruitgang

Mense moet

nóú hul eie

foute begin

regmaak

"ONS is self verantwoordelik vir die vernietiging van ons planeet en daarom het ons 'n verpligting om die verantwoordelikheid op te neem om die situasie te verbeter."

Sestig lede van twaalf takke van EarthLife Africa (ELA) het die afgelope naweek in Broederstroom buite Johannesburg byeengekomen en deur die aanvaarding van 'n reeks beleidsverklarings probeer om die inter-afhanklike verhouding tussen die mens en natuur te verstaan.

Lede van dié kongres het dit beklemtoon dat EarthLife Africa internasionaal 'n belangrike rol het om te speel aangesien die vergiftiging van die atmosfeer mense dwarsoor die wêreld raak.


Die Duitse parlementslid vir die Groen Partry, Ursula Eid, het die kongres bygewoon en gesê sy is "ogewonde oor die mense se toewyding en geesdrif".

"Earthlife Africa kan 'n baie belangrike rol in Suider-Afrika speel omdat Afrika een van die lande is waar daar tot dusver nie baie aandag aan natuurbewaring geskenk is nie," sê sy.

Op die kongres is die volgende beginsels en beleidsverklarings aangeneem:

* ELA behoort nie aan enige politieke party of groep nie, maar erken dat omgewingsake in magstrukture vasgevang is.

* ELA wil mense bewus maak van omgewingsake en navorsing aanmoedig oor die probleme wat mense meer en meer in die toekoms kan tēekom weens die vernietiging van die natuur.



Die Eskom-torings hou nooit op nie - in die windstil wintermaande gaan lê dié gasse soos 'n kombers oor die omgewing



Suid-Afrika

AWB en Melrose

Drie mans is in hegtenis geneem na die ontploffing by Melrose-Huis in Pretoria en word onder Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou. Hulle is Jan Meyer, Arthur Guderian en Jan de Bruyn. Meyer is die sekretaris van die AWB. Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, kondig Woensdagoggend aan dat vyf mans in hegtenis is weens dié ontploffing. Twee mans is egter na ondervraging vrygelaat. Die AWB sê Meyer werk as sekretaris van die AWB in hul hoofkantoor op Ventersdorp.

Alles nie OK

Meer as 4 000 werkers van die South African Commercial Catering and Allied Workers Union staak landswyd by 100 takke van OK Bazaars. OK dreig Maandag om dié takke te sluit weens dié loonstaking.

Werkers eis R800 per maand as minimum salaris wat 'n verhoging van R160 is, terwyl Gavin Brown van OK sê dié groep kan slegs tussen R115 en R145 bekostig.

Dwelmstraf strawwer


Die minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, dr Rina Venter, kondig aan dat swaarder strawwe aan dwelmhandelaars opgelê gaan word. Sy sê dié stap is 'n voorlopige een om kriminele oortredings te hanteer.

Die howe mag van nou af ook self boetes en 'n tronkstraf tot 'n maksimum van 15 jaar ople.

Geweld in Natal

Die geweld in Natal oorheers die ontmoeting tussen koning Goodwill Zwelethini en pres FW de Klerk Dinsdag in Tuynhuys, sê die minister van finansies van KwaZulu, Dennis Madide.

Reeds 3 000 mense het sedert 1986 in die oorlog tussen Inkatha en die UDF in Natal gesteef. Die ANC vra dat die noodtoestand, wat vandag verval, opgehef word, maar hoofman Mangosotho Buthelezi sê hy verstaan nie hoe dit opgehef kan word terwyl soveel gewone mense



Jim Borgman in die Cincinnati Enquirer

Betrekkinge maak bekend dat hulle voortaan sensitief sal optree wanneer vroue 'n beweerde verkragter op 'n uitkenningssopraade moet uitwys. Dié stap volg op skerp kritiek wat onlangs deur regter D Williamson uitgespreek is oor verkragtingslagoffers wat in sekere gevalle 'n verkragter moes uitwys deur aan hom te vat.

Mandela oorsee

Die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, vertrek Maandag vir ses weke na die buiteland nadat hy vir 'n week in die hospitaal opgeneem is vir die verwydering van 'n gewas in sy blaas.

Mandela sal gedurende die toer met die president van Amerika, George Bush; Engeland se eerste minister, Margaret Thatcher; pous Johannes Paulus II; die Ierse president, Patrick Hillery, en eerste minister, Charles Haughey; die Franse president, Francois Mitterrand en eerste minister, Jaques Chirac, onderhandel.

Huise platgestoot

Stootskrapers van die Midrand-stadsraad stoot dié week honderde plakkers van Alexandra, Tokoza aan die Oos-rand en Kliptown naby Soweto se huise om.

'n Plakkersgemeenskap by Halfweghuis tussen Johannesburg en Pretoria word ook gedreig met die platstoot van hul huise.

Kerk- en gemeenskapsleiers doen 'n beroep op die regering om onmiddellik die vernietiging

Goudmyn gaan op 'n staking en eis 'n bonus, vervoersubsidie en hoër lone. Van die ongeveer 1 500 werkers by dié myn behoort 900 werkers aan die National Union of Mineworkers (NUM).

Opperhoof vas

Die opperhoof van Thaba Bosigo in Lesotho, hoofman Khoabane Theko, word in hegtenis geneem vir ondervraging weens 'n dokument wat oral in die land versprei is. Dié dokument is blykbaar van groot belang vir die regering van genl Metsing Lekhanya. Die kommissaris van Polisie van Lesotho, genl James Dingiswayo, kondig die inhegtenisneming van Theko aan en doen 'n beroep op die mense om kalm te bly.

PAC-leier na Afrika

Zeph Mthopeng, die president van die PAC, vertrek binnekort op 'n internasionale toer. 'n PAC-woordvoerder, Benny Alexander, sê Mthopeng, sy vrou, Urbana, en twee lede van die organisasie se nasionale uitvoerende raad gaan minstens agt Afrika-lande besoek.

Sebokeng-ondersoek

Die dood van ongeveer 14 mense op 26 Maart in Sebokeng, nadat die polisie op 'n groep mense begin skiet het, word steeds deur die Goldstone-kommissie ondersoek. Die dood van een van dié mense is egter steeds onverklaarbaar ondanks 'n indringende ondersoek wat reeds ses weke duur.

Geheime verslag

Die Hiemstra-kommissie hoor aan dat 'n geheime profielverslag deur die Johannesburgse Stadsraad se sekuriteitsafdeling gemaak is van die gewese raadslid, Pat Rogers. In dié verslag word genoem dat hy moontlike bande met die toe verbanne Suid-Afrikaanse Kommuniste-party gehad het.

Voor die kommissie word ook getuig dat die Raad se "spioene" die tuistes van 'n paar PFP-lede dopgehou het. Van hulle is Molly Coppel, Tony Leon en die huidige besturende komitee se voorsitter, Ian Davidson.

Studente in klasse

Studente aan die Universiteit van Venda neem deel aan 'n boikot en word gevra om na hul klasse terug te keer nadat die akademiese program deur die Senaat herrangskik is. Die studente eis meer akkommodasie-geriewe en vra dat geskorste studente weer na die klasse kan terugkeer.

Venda vry

Die voorsitter van Venda se raad van nasionale eenheid, kol Gabriel Ramushwana, kondig die onmiddellike opheffing van die noodtoestand in die tuisland aan.

In 'n boodskap oor 'n plaaslike televisieprogram kondig Ramushwana Dinsdag aan dat politieke gevangenes onvoorwaardelik vrygelaat sal word sodra die administratiewe probleme afgehandel is.

Wêreld

Houding moet verander

Die eerste minister van Namibia, Hage Geingob, sê dit is tyd vir Westerse lande om hul houding jeens Afrika te verander.

In 'n toespraak voor die Verenigde Volke se Ontwikkelingsprogram in Genève, sê Geingob Afrika is in die verlede as 'n ondemokratiese vasteland gekritiseer, maar dat die grondslag nou gelê is vir 'n meer stabiele sisteem.

Zimbabwe staak

Nie-gegradueerde onderwysers in Zimbabwe weier steeds om gehoor te gee aan 'n regering-sopdrag om terug te keer na hul werk. Die onderwysers eis salarisverhogings van 33 persent met terugwerkende krag tot Maart.

Sowjet-geweld

Ten minste 36 mense is dood en 350 beseer in geweld tussen Uzbeks en Kirghizians in Sowjet-Sentraal-Asië.

Gewapende mans loods Dinsdag 'n aanval op die Burgerlike Beskerming se hoofkwartiere in Osh, die plek waar inwoners van Uzbeks en Kirghizians reeds Maandag slaags geraak het.

Kalifornië se eerste vrou

Die vorige burgemeester van San Francisco, Dianne Feinstein, 56, wen die Demokratiese Gubernatorial Primere-verkieping in haar tuisstaat en word die eerste vrouelike goewerneur vir Kalifornië.

Feinstein se teenstander in die November-verkieping is senator Pete Wilson, 'n gematigde wat maklik die Republikeinse nominasie gewen het.

Kriminele kommunis

Vasil Bilak van die omvergewerpte Tsjeggo-Slowaakse Kommunistiese regering is in hegtenis geneem en aangekla weens "ernstige kriminele aktiwiteite".

Gerugte het dit dat hy saam met lede van die Kommunistiese Party Russiese en Warsou-verdragstroepe ingeroep het om die Praagse Lente-hervormingsbeweging in 1968 te beëindig.

Paspoorte goedgekeur


Die departement van plaaslike aangeleenthede in Windhoek sê 2 200 Namibiaanse paspoorte is reeds uitgereik. Oor die 7 220 aansoeke is ontvang maar baie is vertraag omdat hulle onvolledig is.

Thatcher en Rushdie

Die Iranese president, Ali Akbar Hashemi Rafsanjani, sê hy is gereed om oor 'n vrede-skikking te praat met die Irakese leier, Saddam Hussein. Rafsanjani sê dat Iran bande met Brittanje sal herstel indien Britse eerste minister, Margaret Thatcher, die boek Satanic Verses van Salmon Rushdie afkeur.

Hervorming in Sowjet-Unie

'n Hersiene weergawe van die Sowjet-Unie se omstrede hervormingspakket om 'n gereguleerde markonomie in die land in te stel, mag dié naweek aan die Kommunistiese Party se sentrale komitee voorgelê word vir bespreking. Die pakket, wat groot prysverhogings insluit, is sterk gekritiseer in die parlement en het die Sowjet-leierskap verdeel.



Allstair Findlay in City Press

in KwaZulu en Natal die beskerming daarvan nodig het nie.

Polisie sensitief

Die SA Polisie se Direkoraat van Openbare

van dié gemeenskap se huise te staak.

Mynwerkers staak

Honderde mynwerkers van die Modderfontein



Van Wyk Louw-boek boei en daag uit

TRISTIA IN PERSPEKTIEF

Deur Helize van Vuuren
Vlaeberg: R17,50

GERRIT OLIVIER

HELIZE van Vuuren se boeiende en provokerende boek oor NP van Wyk Louw se digbundel "Tristia" berus op 'n intertekstuele benadering wat sy só verduidelik:

"Alles wat maar in die eerste verte relevant kan wees vir verheldering van die teks, word legitiem beskou as 'onderwerp' van die studie - as 'intertekste' wat tot beter begrip van die onderhawige teks sou kon lei" (bl 12). Van Vuuren wil die bundel ook binne 'n "historiese konteks" plaas - "binne Van Wyk Louw se oeuvre, binne die raamwerk van die twintigste-eeuse literêre kodes, maar ook ten slotte binne die maatskaplike opset van Suid-Afrika in die laat-twintigste eeu." (bl 7)

Die interessantheid van haar boek lê nie soseer in die verspreide opmerkings oor "post-modernisme", "sinkretisme" en maatskaplike "relevansie" nie, maar in die uiters vindingryke speurtog deur individuele gedigte. Al Van Vuuren se vernuftige verbandleggings kan nie in 'n resensie bespreek word nie. Ek gaan my bepaal by dié ontledings waarvan ek verskil.

Van Vuuren gooi haar net wyd: "alles wat maar in die eerste verte relevant kan wees" word betrek om interpretasieprobleme op te los. Soms is die argument baie oortuigend, soos in die hoofstuk oor twee gedigte wat op Anna Seghers se "Das siebte Kreuz" steun. Met verwysing na die Duitse teks maak Van Vuuren van die gedigte sin as twee voorbeelde van die "stil geweld teen sagte bloed"-tema in die bundel - 'n indrukwekkende prestasie.

In ander gevalle wil 'n mens graag met haar in gesprek tree. In haar lesing van 'Groot Ode', byvoorbeeld, gaan haal sy die "intertekste" (logies moet dit tog beteken: 'n teks tussen twee ander tekste?) so ver dat sy op dun ys beland. By elk van die ooreenkomste tussen 'Groot ode' en Rimbaud se 'Une saison en enfer' op bladsye 103-104 kan 'n vraagteken geplaas word, en die "wisselwerking" tussen die slot van die gedig en Aeneas se vertrek uit die "brandende" Kartago lyk na 'n toevalligheid.

Die slot van "Tristia" kan gesien word as 'n topos ("die uitvaar van 'n skip"), waardeur kennis van die literêre tradisie by 'n geskoolde leser veronderstel word. Maar Van Vuuren voer dit verder, soos ook elders in haar boek: sy interpreteer gedigte in "Tristia" vanuit die "bronteks" of "intertekste", in hierdie geval met 'n ongewone resultaat: Louw self kry die rol van Aeneas, en Cussons - so neem 'n mens aan - dié van Dido.

Dit lyk vergesog om die voel wat aan die einde van "Groot ode" die nag in roep, te sien as 'n uil wat - op gesag van nog 'n "intertekste": "The owl and the nightingale" - die "geestelike" verteenwoordig en die mens "waarsku" om sy sondes te betreur.

"Nie nagtegaal maar onrus", sê die gedig, wat iets beteken soos "nie op 'n vreugdevolle wyse nie, maar gelaai met onrus": dié onrus wat blyk uit "uitskreeu na anders as hy is". Die gedig gee vir ons genoeg inligting dat dit oor die mens se hunkering na ander bestaansvorme gaan, en via die "intertekste" kom konnotasies by wat die gedig self weerspreek.

Die probleem met Van Vuuren se



NP VAN WYK LOUW - Helize van Vuuren het 'n provokerende studie oor sy klassieke digbundel "Tristia" geskryf.

interpretasie van 'Groot ode' begin by haar pleidooi dat 'n mens by die lees van poësie die "primêre verklaring" nie mag verwaarloos nie. Sy beroep haar op 'n passasie uit "Rondom eie werk", maar terwyl Van Wyk Louw 'n broertjie dood gehad het aan die "mens" agter die boek, noem Van Vuuren een van haar hoofstukke uitdagend "Die mens agter 'Groot ode'".

Die "belangrikste, eenheidsvormende element" in die ge-

dig is vir haar die "emosionele, psilogiese raamwerk". Daarvan wil 'n mens graag oortuig word, maar die argument loop van die begin af skeef. Die eenheidskeppende element op "letterlike, primêre vlak" kan - om mee te begin - nie terselfdertyd "onder die oppervlak teruggedring" wees nie.

Van Wyk Louw word hier verkeerd gelees. As hy praat van 'n "primêre verklaring" van wat die gedig "op die eerste vlak sê", gaan dit vir hom

oor die bekende semantiese waarde van woorde, nie oor 'n verborge persoonlike geskiedenis nie, hoe fassinerend laasgenoemde ook mag wees.

Die "contours of individual experience" - waaronder Van Vuuren biografiese ervaring verstaan - word nie in "Groot ode" op primêre vlak gegee nie. Die tekstuele aanknopingspunte daarvoor is baie gering en ook omstrede. Op die "primêre vlak" gaan Vergilius en Dante ons nie help nie.

"Adamiëse verleentheid" kan 'n toespeeling op Amsterdam wees - maar regverdig dit op sigself die byhaal van Van Wyk Louw se vriendskap met Sheila Cussons? Op hierdie moontlikheid baseer Van Vuuren haar lesing van "Groot ode" as neerslag van 'n mislukte verhouding en 'n wending na die "geestelike".

Onder die invloed van die frase "afgesonder in sonde" sien sy in "gekeerde lewe" 'n toespeeling op "verkeerde", en bring dit dan in verband met vleeslike "sonde". 'n Bladsy later vermeld sy dat dié sonde in Amsterdam gepleeg sou gewees het, en binne dié "persoonlike verwysingsraamwerk" word al die "intertekste" in die volgende hoofstuk geïnterpreteer.

'n Mens moet hiervan verskil. 'Groot ode' en "Tristia" in sy geheel bied geen ondersteuning vir die eng siening van "sonde" as 'n liggaamlike verhouding nie. Meer nog: die dualisme van "vlees" en "gees" (met die vlees, Christelik en Platonies gesien, as die swakker en "sondige" party) wat aan die basis van Van Vuuren se interpretasie lê, is nie net vreemd aan "Tristia" nie: in gedig na gedig is daar juis 'n viering van die liggaamlike en 'n soeke na 'n versoening van liggaam en gees soos wat dit byvoorbeeld in die Mediterreense wêreld geskied.

Die gedig sê self wat "adamiëse verleentheid" is: geen Calvinistiese sondebeseft nie, maar die wete dat die aarde nooit "oplosbaar in sinteses" sal wees nie! Van Vuuren maak 'n waardesisteem op 'Groot ode' van

toepassing wat nóg in die gedig nóg in die bundel aangebied word. Dit speel trouens ook 'n rol in haar lesing van gedigte soos 'Mei-fees in Amsterdam' en 'Saltimbanque en vriendin'.

My meningsverskil met Van Vuuren se interpretasie hang saam met die benadering wat in "Tristia in perspektief" gevolg word. Van Vuuren verduidelik nie eksplisiet wat 'n "intertekstuele benadering" is nie, en ook die status van die "intertekste" en "brontekste" ten opsigte van die "onderhawige teks" bly teoreties onopgeklaar. Word die identiteit van die spreker(s) in 'H. Teresa van Avila flap uit' werklik verhelder as 'n mens Teresa se eie geskryfte raadpleeg? Die gedig self bly dubbelsinnig.

Van Vuuren sluit "geordende kennisvelde soos die geskiedenis, die politiek, die digter se outobiografie" (sic) by haar definisie van 'n "teks" in, wat 'n mens laat vra: hoe kan verspreide inligting oor Van Wyk Louw se lewensloop 'n "geordende kennisveld" genoem word, of selfs die geskiedenis, die politiek?

Van Vuuren eis vir die literatuurwetenskap die reg op om enige ander teks en enige feit (gedefinieer as deel van 'n politieke of biografiese "teks") te gebruik in die interpretasie van individuele gedigte. Hierdie werkswyse lewer fassinerende leesstof en waardevolle insigte op; dit stimuleer verdere diskussie oor "Tristia", maar is nie werklik versoekbaar met "intertekstualiteit" nie.

Intertekstualiteit beteken by Kristeva dat die teks as 'n produktiwiteit en as 'n permutasie van ander uitings gesien word. So 'n beskouing sluit die soeke na literêre invloede wat interpretasieprobleme in die bestudeerde teks moet help oplos, in beginsel uit - en dit is presies wat Van Vuuren in haar bespreking van "Tristia"-gedigte doen.

'n Intertekstuele benadering is nie 'n opklaringsteeknik in die tradisionele sin van die woord nie, nie 'n hermeneutiese praktyk waardeur betekenis vasgepen kan word nie; eerder 'n beskouing wat die transformasie en assimilasie van ander tekste as beginsel na vore bring. By die interpretasie bly die kontrole oor die betekenis by die teks self, en Van Vuuren is geneig om hierdie kontrole dikwels prys te gee.

Die beste manier om "Tristia" te begryp is miskien om Van Wyk Louw se eie *ad hoc*-teorie oor die "sinkretistiese" geaardheid van die moderne poësie as sleutel te gebruik.

Ten slotte 'n paar foute. Descartes was nie 'n Middeleeuse filosoof nie - die "enkele oog/en middeleeus/puur intellek" van 'Groot ode' is Thomas van Aquinas. "Hellenisties" beteken nie "alles-insigself-opnemend" nie. En "Ringmure wit om wingerde" kan net soseer op Suid-Europa as op 'n "Boland-milieu" slaan.

Van Vuuren se afleidings oor 'n "radikale" verandering in Van Wyk Louw se politieke denke berus op geen feit aan my bekend nie. Louw het hom nêrens, ook nie in Nuusberigte 1956, van die nasionalisme as sodanig afgekeer nie. Hy was 'n pleitbesorger vir die nasionalisme as "universele prinsiep", en 'n voorstander van apartheid in sy gedaante van "afsonderlike ontwikkeling". Na die jare vyftig kan nie as die "Verwoerd-regime" verwys word nie.

Gerrit Olivier is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands by Wits en die skrywer van die bundel essays "Ongerymdhede".



HELAO SHITYEWETE is die seun van 'n reënkonink van Suid-Angola wat by 'n sendelingskool in Namibië beland het en later 'n groot rol gespeel het in Swapo. Die outobiografie van dié Namibiër, wat een van die eerstes was om in 1966 die wapen op te neem in die bevrydingstryd, verskyn aanstaande maand by Kliptown Books in Londen en heet "Never Follow that Wolf". Shityewete is eers in 1984 van Robben-elland af vrygelaat en het toe in Brittanje gaan studeer. Hy het laasjaar in Julie Swapo se verklesingsveldtog in sy tuisdorp, Endola, geleel.

Post-Doe-era word reeds bespreek

Taktikus se dood 'n terugslag vir rebelle

CHRISTIAN SPILLMAN

BUCHANAN, Liberïë - Rebelle wat veg om die bewind van die Liberïese president, Samuel Doe, omver te werp, het dié week gesê dat hulle in beheer is van die belangrikste dorpe en die Firestone-plantasie naby Robertsfield, dié land se enigste internasionale lughawe oos van die hoofstad.

Die rebelleleiers beplan 'n aanval op Monrovië, terwyl selfversekerde politieke leiers reeds druk in gesprek is oor hoe die post-Doe-era in dié Wes-Afrikaanse staat - wat in 1847 deur slawe tot stand gebring is - daar sal uitsien.

Daar was egter 'n terugslag vir die rebelle. Elmer Johnson, die militêre bondgenoot van die rebelleleier, Charles Taylor, is dié week as vermis aangegee nadat hy uit Monrovië gevlug en in 'n geveg met regeringstroepes betrokke geraak het. Die vermoede is dat hy dood is.

Rebelle het na bewering op die vragmotor waarin Johnson gereis het, gevuur omdat hulle onder die indruk was dat dit deel van 'n weermagskon-voor was.

Sy wapen is later gevind, maar sy liggaam was weg.

Die regeringsradiodiens het later aangekondig dat Johnson, 33, dood is. Hy het ses jaar in die Amerikaanse leër gedien en was die hoof-taktikus van die National Patriotic Front (NPFL).

Betroubare bronne sê hy het baie gehelp om die rebelle te dissiplineer. NPFL-leiers het aan AFP gesê dat hulle Harbel, Owensgrove en die rubberplantasie ingeneem het.

Samuel Dokie, die gewese minister van landelike ontwikkeling en nou 'n top-NPFL-amptenaar, sê daar bestaan geen twyfel nie dat Taylor Liberïë se volgende president sal wees.

Taylor, 42, 'n gewese regerings-amptenaar wat in 1984 na beskuldigings van korrupsie gevlug het, sê reeds maande lank dat hy geen ambisie het om president te word nie. Nou het hy egter sy oog op dié pos. Hy het reeds aanduidings gegee van die soort leier wat hy sal wees.

"Ek is 'n kanniedood, koelbloedige kapitalis, en ek is trots daarop.

"Ons wil 'n vryemarkstelsel sien en na die stembus gaan uit respek vir



Die Liberïese president, Samuel Doe

(Fob: AP)

die demokrasie. Ons wil 'n regering vir die mense, deur die mense daarstel.

"Selfs al was daar nie 'n oorlog nie, sal die situasie in Liberïë vandag enige regering jare neem om op te los," het hy bygevoeg.

"As 'n leier wil ek nie enige datums of tye verstrek nie, maar ek glo dat enige langdurige leierskap in enige land die samelewing kan korrumpieer. Ek is nie van plan om as 'n ou man erens te gaan sit en die land deur veiligheidsmagte te regeer nie."

Hy sê die rebelle sal 'n tussentydse regering op die been bring. "Dit sal volkome NPFL wees en ons sal 'n paar bedrewe onafhanklike politici inroep.

"Dit sal die land weer op die been bring. As dit gedoen is, sal ons vrye verkiesings reël."

Taylor, wat 'n meestersgraad in die ekonomie het, het Westerse state daarvan probeer oortuig dat hulle beleggings in 'n NPFL-staat nie skade sal ly nie.

Hy het streng opdrag aan sy volgelinge gegee om nie aan enige buitelandse onderneming te raak nie. - AFP

Praagse Lente voorspel winter vir dié leiers

PRAAG - Die gewese Tsjeggo-Slowaakse Kommuniste Party-leier, Milos Jakes, en drie ander gewese partyleiers is dié week gedagvaar om hul rol in die onderdrukking van die Praagse Lente in 1968 te verduidelik, het die minister van binnelandse sake, Richard Sacher, aangekondig.

Die verrassende optrede volg na die inhegtenisneming van nog 'n gewese kommunistiese leier twee dae voor die verkiesings wat die 40 jaar van kommunistiese oorheersing finaal die nekslag behoort toe te dien.

Die gewese sekretaris van die Kommuniste Party, Vasil Bilak, die tweede belangrikste figuur in dié ou regime, is dié week in Bratislava in hegtenis geneem en weens "ernstige kriminele oortredings" aangekla.

Volgens die pers word hy weens beweerde korrupsie en geldverduistering aangekla.

Bilak word ook daarvan verdink dat hy Sowjet-hulp aangevra het tydens die bevrydingsproses, of Praagse Lente, in Tsjeggo-Slowakye, sê die minister.

Al vier die mans is ondervra en vrygelaat.

Buiten Jakes, wat gedwing was om op 24 November as Kommuniste Party-leier te bedank, is die volgende mense ook ondervra: gewese politburo-lid Jozef Lenart, gewese veiligheidshoof van die sentrale komitee Rudolf Hegenbart, en die gewese hoof van die internasionale beleidsdepartement Michal Stefanak.

Aanklagte van hoogverraad vir die planne om die destydse partyleier Alexander Dubcek uit te werk en die Praagse Lente te onderdruk kan egter, as gevolg van die Statuut van Beperkings, nie gemaak word nie.

Die toetrede van Warskou-verdragtroepes op 21 Augustus 1968 is in Desember verlede jaar deur Moskou as "'n fout" bestempel.

Na die "fluweel-revolusie" verlede November, wat tot die val van die ou kommunistiese regime gelei het, het die nuwe regering in Praag 'n geregtelike ondersoek na die Praagse Lente gelas. Die ondersoek moes in besonder uitvind wie verantwoordelik was vir die goedkeuring van die militêre toetrede in 1968.

In die uitgawe van 30 Mei van die Jeugpublikasie Mlada Fronta, ontken Bilak dat hy 'n brief na Moskou gestuur het om hom te help om die Dubcek-bewind omver te werp.


Bilak het Dubcek in Januarie 1968 as die eerste sekretaris van die Tsjeggo-Slowaakse Kommuniste Party opgevolg.

Hy sê die beskuldigings teen hom is gegrond op die memoirs van 'n gewese Hongaarse leier, Janos Kadar. Hy sê dit was Kadar wat aan hom gesê het dat daar reeds op militêre toetrede besluit is.

Bilak is op 21 Desember uit die Kommuniste Party geskors, en twee maande later is nog 23 lede, onder aanvoering van Gustav Husak, uit die party geskors.

Die enigste Tsjeggo-Slowaakse Kommuniste leier in aanhouding is Miroslav Stepan, die gewese hoof van die Party in Praag, wat weens "misbruik van mag" aangekla word.

* Intussen het die minister van binnelandse sake, Richard Sacher, gesê dat die polisie die "klein sirkeltjie" wat verantwoordelik was vir die bomontploffing in Praag waarin 18 mense beseer is, opgespoor het. Hy wou nie verdere besonderhede verstrek nie. - AFP



Die Iranese leier, Ajatolla Ali Khamenei, tydens 'n roudlens ter herdenking van die dood van die oorspronklike ajatolla. Die sesdaagse roudlens het dié week dwarsoor die land ten einde geloop.

(Fob: AP)

Amerika vergeet ou vriende nie

ASUNCION - Amerika sal nie die Oos-Europese demokrasieë ten koste van Latyns-Amerikaanse state help nie, het die assistent-staats sekretaris Lawrence Eagleburger dié week voor die organisasie van Amerikaanse state (OAS) se 20e algemene vergadering gesê.

Eagleburger sê dis ondenkbaar dat vyf state in die hart van Europa die vele vriende van Amerika - met betrekking tot handel, beleid of veiligheid - kan vervang.

Die assistent-staats sekretaris het die vrese dat Amerika sy ou vriende kan verlaat ter wille van nuwes in Europa, in die wind geslaan.

Hy het 'n beroep op Latyns-Amerikaanse state gedoen om hul huidige beskermingsmaatreëls te laat vaar en vryer en meer omvattende handelsregulasies daar te stel. - AFP

Drie dapperes trotseer die staalvuis

DENIS HIAULT

BEIJING - Slegs 'n paar honderd studente en twee naamlose burgers het die staalvuis van die Chinese Kommuniste Party getrotseer om die eerste herdenking van die bloedige einde van die pro-demokratiese beweging te vier.

Maar volgens diplomate en politieke kenners het hulle die gevoelens van miljoene verteenwoordig.

"Drie individue het ten minste opgestaan, gereed om die tol te betaal omdat hulle gewaag het om hulle stemme te laat hoor," het 'n Westerse diplomaat gesê nadat daar die vorige nag 'n groot magsvertoon deur die owerhede was.

Die drie wat geweier het om stil te bly, was 'n middeljarige werker, 'n jong vrou en 'n student.

Die eersgenoemde twee is verlede Sondag in die omgewing van Tiananmenplein in hegtenis geneem nadat die werker 'n plakkaat voor 'n Kanadese televisiespan gewaai het en die vrou 'n nota aan een van die joernaliste oorhandig het. Die student het 'n groep van 'n paar honderd studente op die kampus van die Universiteit van Beida in Beijing toegesprek. Die pro-demokratiese opstande verlede jaar het by dié universiteit begin.

"Hy het hom klaarblyklik self opgeoffer," het 'n ooggetuie gesê wat dié toespraak bygewoon het. Volgens die ooggetuie het die student gevra dat universele stemreg - om lede tot die Nasionale Volkskongres te verkies, bevryding van die ekonomie en respek vir intellektuele gehandhaaf moet word.

Sulke eise word nie deur die onbuigsame Chinese owerheid verdra nie en die student is deur drie mans weggelei. Hy staan drie jaar in 'n strafkamp in die gesig, tronkstraf asook 'n moontlike aanklag van "teen-revolusionêre


Tronkdeure open vir 97

BEIJING - Die Chinese owerhede het 97 mense, insluitende twee studenteleiers, vrygelaat nadat hulle "erken" het dat hulle aan verlede jaar se pro-demokratiese opstande deelgeneem het.

Altesame 76 is in Beijing vrygelaat en 'n verdere 21, onder andere 'n student van Hongkong, is in Shanghai vrygelaat, volgens die amptelike Chinese nuusagentskap, NCNA.

Dit wil voorkom, volgens politieke ontleders, of dié vrylatings - 'n jaar ná die slagting op Tiananmenplein - nie net daarop gemik is om jong, opstandige Chinese tevrede te stel nie, maar ook dié Westerse lande wat 'n handelsboikot teen China ingestel het.

Onder die 76 wat in Beijing vrygelaat is, is die 23-jarige Zhou Fengsuo, 'n student in dié stad se Qinghua-universiteit en vyfde op Beijing se lys, wat ná die Tiananmen-slagting uitgereik is, van 21 "persone waarna die polisie soek". - AFP



In Hongkong het talle mense die slagoffers van Tiananmen-plein onthou

(Foto: AP)

propaganda".

Hy sal die lot van honderde, indien nie duisende nie, wat verlede jaar na die bloedbad by Tiananmenplein in hegtenis geneem is, deel.

Die studente het twee ander taboes verbreek deur die 85-jarige Chinese leier, Deng Xiaoping, en eerste minister, Li Peng, uit te sonder.

Hulle gevoel jeens Deng, wat die opdrag gegee het om die opstand op Tiananmenplein te onderdruk en tien jaar van versigtige hervormings eensklaps tot niet verklaar het, is op tradisionele wyse getoon - deur die breek van klein botteltjies ("xiaoping" in Chinesees).

Maar hulle het openlik geskree: "Weg met Li Peng."

Die amptelike media het dié optrede egter heeltemal geïgnoreer en 'n hoofartikel geplaas waarin die "terugkeer van stabiliteit" na 'n jaar van "chaos" en die "teen-revolusionêre rebellie" verwelkom word.



Ná 'n spanningsvolle dog stil dag gaan dinge op Tiananmen-plein hul gewone gang

(Foto: AP)

Cosaw Tvl Womens Forum

Invite all women writers and women who want to be writers to the workshop

Date: June 1990
Venue: COSAW Library
4th Floor, Twiga Centre
68 Central Road
Fordsburg

Time: 13:00 - 16:00

THERE WILL BE:
Videos
Writing Exercises
Discussions

For more information phone Guilty at
833-2530/1 (Tel)
833-2532 (Fax)

JUNE 16 INFORMATION

JOYCO will be commemorating June 16, 1976 with a march and a mass meeting.

The march begins in Central Town on Saturday, June 16 at 10am (venue still to be confirmed) and will proceed through Hillbrow, Berea and Yeoville. It will end at Barnato Park High School in Beatrice Street, Berea which is the venue of the mass meeting.

The mass meeting starts at 1pm and will be addressed by ANC leader Steve Tshwete as well as speakers from Sayco, Cosatu and Actstop.

Jazz bands, plays, gumboot dancing, poetry and the Joyco choir will also be performing at the event, which is free and open to all.

Queries: Annette or Kerry 232711



Onderhandeling is verpligtend

DIT het nou uit verskeie uitsprake van die nywerheidshof duidelik geword dat daar wel in Suid-Afrika 'n verpligting bestaan om te onderhandel oor nywerheidsgeskille.

Oor die vlak van onderhandeling bestaan daar nog 'n mate van onsekerheid, daar is uitsprake waar die hof besluit het 'n werkgewer kan nie verplig word om lone op maatskappyvlak te onderhandel nie, waar dit reeds op 'n nywerheidsvlak onderhandel is. Daar is egter verskeie ander uitsprake wat aandui dat dit slegs minimum vereistes is wat op nywerheidsvlak ooreengekom kan word, en dat daar wel op maatskappyvlak onderhandel moet word oor die werklike lone. Die meerderheidsmenings uit verskeie uitsprake blyk in dié rigting te lê.

Die hof het dit ook duidelik gemaak dat 'n staking in 'n spesifieke fabriek ter stawing van nywerheidsvlak onderhandelings, nie as onregverdig beskou sal word slegs omdat daar in daardie fabriek op maatskappyvlak onderhandel word nie. Verder, sê die hof, mag 'n maatskappy nie weier om te onderhandel omdat 'n vakbond nie

geregistreer is nie, of omdat daarnog nie 'n erkenningsooreenkoms onderteken is nie.

Die verpligting om te onderhandel word dus duideliker en sterker deur uitsprake van die nywerheidshof.

Dit lei tot die meer ingewikkelde konsep van onderhandelings te goeder trou. Onderhandelings te goeder trou dui kollektiewe bedingings aan waar albei partye ernstig en opreg probeer om 'n ooreenkoms wat onderling aanvaarbaar is, te bereik.

In die Amerika het dié konsep veral belangrik geword omdat die partye wetlik verplig word om by redelike tye byeen te kom om te goeder trou te beraadslag oor lone, werkure en ander diensvoorwaardes.

As daar in Suid-Afrika ook 'n verpligting om te onderhandel bestaan, volg dit dat daar te goeder trou onderhandel moet word. Gesonde nywerheidsverhoudinge kan in elk geval in die afwesigheid daarvan nie verwag word nie.

Maar onderhandeling te goeder trou bly 'n moeilike konsep.

Dié nywerheidshof het in sy

uitsprake gehelp, deur voorbeelde van onderhandeling te slegter trou uit te wys. Sommige van dié voorbeelde is dalk vir baie mense klaarblyklik nie onderhandelings te goeder trou nie, maar die feit dat dit in hofsake voorkom, maak dit miskien nodig om hulle te noem.

Om voor te gee dat daar onderhandel word, sonder enige werklike bedoeling om 'n ooreenkoms te bereik, is duidelik onderhandeling te slegter trou. So ook as daar geweier word om toegewings te maak, of enigszins tot redelike voorstelle in te willig.

Duidelik kan die verpligting om te onderhandel nie beteken dat daar 'n verpligting bestaan om in te willig nie, maar die partye moet ernstig en opreg probeer om 'n onderling aanvaarbare ooreenkoms in hul onderhandelinge te bereik.

Vertragsingefnekte deur een van die partye word ook as onderhandeling te slegter trou beskou, asook die daarstelling van onredelike voorver-eistes.

In sulke gevalle kan daar dikwels meningsverskille ontstaan, en die hof

sal dan na al die omstandighede in die besondere geval kyk.

'n Probleem wat dikwels onderhandelings te goeder trou in die wiere ry, is die weerhou van inligting wat by die betrokke onderhandelings ter sprake is. As daar byvoorbeeld aangevoer word dat 'n maatskappy nie kan bekostig om tot 'n voorstel in te willig nie, moet die betrokke finansiële inligting beskikbaar gestel word om dié argument te staaf.

'n Werkgewer word egter beskerm ten opsigte van vertroulike inligting; byvoorbeeld, inligting wat die bestaan van die onderneming in gevaar sou

stel as dit vir konkurrente beskikbaar word, hoef nie bekend gemaak te word nie. Soms kansulke inligting op 'n vertroulike grondslag tot bevrediging van albei partye geverifieer word.

Daar word, om op te som, van albei partye verwag dat hulle in die onderhandelingsproses hul eise en voorstelle behoorlik motiveer. Redes vir voorstelle of die afwysing daarvan moet voorsien en objektief gestaaf word.

Persoonlike aanvalle op die ander party asook beledigende aanmerkings is onaanvaarbaar wanneer die partye te goeder trou onderhandel. Die gevolge van sulke gedrag kan ernstig wees en arbeidsonrus veroorsaak. Die hof sal dus teen partye optree wat hulself hieraan skuldig maak. Duidelik is dit in die belang van die breë samelewing dat hulle dit moet doen.

Ten slotte is daar geen statutêre verbod wat onderhandelings te goeder trou staaf nie. 'n Party mag nie eensydig optree en diensvoorwaardes wat onverhandelbaar is, sonder 'n ooreenkoms implementeer nie. Daadwerklike pogings om 'n onderlinge ooreenkoms te bereik, moet eers gemaak word voordat daar tot so 'n stap oorgegaan word.

Die doel van die hof se interpretasie van onderhandelings te goeder trou is om arbeidsonrus te voorkom. Dit is dus duidelik in almal se belang.

(Theo Heffer is 'n konsultant in arbeidsverhoudinge)



Vryheid in 'n nuwe SA

AMANDA GOUWS was by Houtstok en het met die alternatiewe Afrikaner kennis gemaak.

By die ingang van Houtstok is daar 'n kennisgewing met die volgende boodskap: geen drank, geen dwelms, geen wapens. Ek wonder onwillekeurig wat Woodstock in 1969 sonder die eersgenoemde twee sou wees.

Vanaf 'n groot verhoog word sixties rock hard gespeel. Ek raak nostalgies oor my tienerjare... die Beatles, Rolling Stones en ander. Dis net na elf en daar is reeds baie mense wat rondsit of ritmies op die maat van die musiek staan en beweeg. Party lê in slaapsakke rond en tussen geparkeerde motors staan tente.

Die verbod teen drank word blykbaar nie afdwing nie, want oral lê bierblikkies en bottels rond. Bier kan in die biertert gekoop word, maar mag nie daaruit verwyder word nie. Die meeste mense het egter hul eie drank gebring en tussen die gasbraaiers en die reuk van boerewors het iemand 'n kennisgewing geplaat wat sê: "Viva kombuistaal".

En hier ontmoet ek die alternatiewe Afrikaner. Die meeste van hulle is tussen 18 en 25. Ek is duidelik nie opgedress vir die okasie nie. Die uitrustings beklemtoon die vryheid wat die mense hier soek - die hippies van die nineties. Indrukwekkend is baie mense se kaalbolywe onder hul kruisbande, en floppende hoede. Die vroue dra los rokke en opryg- of velskoene met besondere hoofotoisels.

'n Meisie in 'n denim dra 'n swart Voortrekkerkappie en 'n ander een kom verby met 'n gruwelike groen fluweelhoed. (Later ontdek ek 'n hoedhandelaar wat goed geld maak.) Maar die inding is die bandanna (kopdoek) wat die hele kop toemaak, of opperol om die voorkop gebind word of die vroue se hare uit hulle oë weer.

Die wetenskaplike in my noep my om 'n klein opname te doen. Wie is dié mense? Waar kom hulle vandaan? Hoekom het hulle gekom? Ek kies 'n klein onewekansige proefgroep - dié wat vir my die kleurrykste en mees non-konformisties voorkom. Hulle is sonder uitsondering Afri-



kaanssprekend. Een persoon vind dit 'n vreemde vraag toe ek hom vra of hy Afrikaans is - Houtstok is tog 'n Afrikaanse fees. Hulle kom van Pretoria, Johannesburg, Natal en selfs Potchefstroom.

En hoekom? Die redes wissel - "vir die party", "vir die jol", "vir die drank". Maar daar is ook die ernstige antwoorde - hulle het gekom omdat hulle van die musiek hou, omdat hulle deel van die geskiedenis wil wees soos diegene op 18 Augustus 1969 by Woodstock teenwoordig was. Daar is een persoon wat sê dat hy gekom het oor die individuele vryheid wat hier openbaar word, oor die vryheid van assosiasie wat dié land so nodig het. 'n Ander sê hy is hier omdat hy moeg is dat sy lewe verpolitiseer word. Dit gaan nie oor die politiek nie, dit gaan oor die uitleef van 'n sekere bevryding. Dit word vir my duidelik dat dié mense moeg is vir politiek en bevryding vind in die sosiale kommentaar van die lirieke.

Sosiale kommentaar soos Philip Moolman se liedjie oor die kind in die sandput wat met oorlogspeelgoed speel. Of soos Joos Tonteldoos wat praat van ideologiese prostitusie en sing van mense wat onnodig sterf vir iets waarin hulle nie glo nie. Die woorde van "Jy met jou mandolientjie" word verander na "jy met jou traan-gasblikkie". Reg voor die verhoog staan die heel begeesterdes. Hulle is die mense wat in ander lande in ander omstandighede hul onderklere op die verhoog sou gooi, maar hier wieg hulle met een arm om 'n ander se lyf en hou die ander hand hoog met 'n

vredesteken na bo en gee aan "dance 'till you drop" nuwe betekenis.

Die aankondiger praat van broertjies en sussies, van liefde en vrede - 'n nuwe Suid-Afrika in die laat herfsmid-dag van 31 Mei 1990 waar 'n dik stofwolk hang. Maar 'n mens vergeet nooit van die ou Suid-Afrika nie. Sommige polisiemanne lyk soos alternatiewe Afrikaners met denims en flinter T-hemde, maar die groot wolfhonde aan die kettings verraai hulle. Om kwart voor drie merk die polisie 'n persoon met 'n verdagte voorwerp wat soos 'n kleefmyn lyk en alles kom vir tien minute tot stilstand... die ou Suid-Afrika.

Daar is egter ook tekens van die nuwe, ontwakende Suid-Afrika. Ek koop twee boerepannekoekes met kaartjies wat ek vooraf moes koop (net soos by die kerkbasaar), maar die pannekoekes word aan my bedien deur 'n swart vrou. Aan die einde, na baie liefde en vrede en alternatiewe musiek kom ek tot die slotsom dat die beskawings van die alternatiewe Afrikaner reaksionêr is in dié sin dat dit 'n reaksie is teen georganiseerde kultuurbedrywighede. Onderliggend hieraan is 'n verwerping van Afrikaner-nasionalisme soos dit manifesteer op politieke en kulturele terrein.

Eensyds is die alternatiewe Afrikaner dus a-polities, en andersyds hoogs gepolitiseer. Daarom vind ek die onoortuigende en verskoningsoekende optrede van die twee organiseerders van Houtstok en die FAK-fees die vorige Sondag op televisie jammer. Om te sê dat politiek nie 'n rol speel by die FAK-fees of Houtstok nie, is nie net misleidend nie, maar ook vals.

Die alternatiewe Afrikaner se beskouing van kultuur is geleë in die soeke na vryheid en die uitlewing van verdraagsaamheid. Ongelukkig het dié beskouing baie vorm, maar min substansie. Die soeke na dié vrye uitlewing word vasgevang in iets wat grens aan die banale (in terme van sommige lirieke) eerder as 'n poging tot die integrasie van verskillende elemente van die Suid-Afrikaanse kultuur.

(Amanda Gouws is 'n PhD-student in Politieke Wetenskap)

Namibiane klóú aan ou gewoontes

AS enigiets verander het sedert Suidwes Namibia geword het, was daar Saterdag in Windhoek by die eerste rugbytoets tussen Namibia en Wallis geen teken van nie.

In die Suidwes-stadion lyk alles maar soos altyd; die hoofpawiljoen is vol beampies van die ou Suidwes-rugbyunie (wat nog steeds die toutjies trek). En soos in die dae toe hulle geen ander keuse gehad het nie, sit die swart en bruin toeskouers op die oop pawiljoen agter die pale. Dis maar moeilik om ou gewoontes af te skud.

Ná die afskop word die vermoede bevestig dat die skare in twee kampe verdeel is: die manne op die hoofpawiljoen skree vir Suidwes (die ou colonials somer Duitswes), en die manne agter die pale skree vir Wallis (of teen die boere).

'n Boer, by any other name, bly maar 'n boer, jong, en niemand gaan deur die nuwe trui, in die kleure van die landsvlag, geflous word nie.

(Behalwe dalk die mense wat die Wallissers Paul Thorburn en Mark Ring, wat verlede jaar in Suid-Afrika gespeel het, gedwing het om 'n onderneming te onderteken dat hulle nooit weer in die Republiek sal speel nie en dat hulle apartheid verwerp. Maar wat dan van die dertien spelers in Namibia se span wat verlede jaar as Suidwesters in die reeks om die Curriebeker gespeel het?)

Sulke geloofsbeledienisse sal dalk Peter Hain se hart warm laat klop, maar beteken eintlik net een ding: dat die betrokke spelers eerder die toer wil voltooi as om vroeg huis toe te gaan.

Voor die wedstryd, terwyl die spelers gestaan en wag het om met die eerste minister, Hage Geingob, blad te skud, het die hoofpawiljoen-skare die Suidwes-lied begin sing. En die span van Namibia het plegtig op aandag gestaan.

(Daar is vooraf beswaar gemaak teen planne om dié lied te sing. Die president van die Rugbyunie, Gert Müller, is glo selfs gedreig. Maar verniet). Myns insiens was die bohaai onnodig; enigen wat al 'n onthaal ná 'n wedstryd op Ellispark of Loftus bygewoon het, weet dit is gepas om 'n drinklied, eerder as 'n volkslied, voor 'n rugbywedstryd te sing.

Suid-Afrika moet dalk die Suidwesters (soos hulle hulself nog noem) se voorbeeld in dié opsig volg. 'n Mens kan in jou geestesoog reeds sien hoe die Springbokkaptein se bors van trots swel (en hy dalk 'n traan van aandoening wegpink) terwyl "O, brandewyn, laat my staan" deur die pawiljoene op Nuweland weergalm.



TINUS HORN



Waardes en begrippe moet herevalueer word

JONATHAN PORRITT van Friends of the Earth praat van "Guppies". Dit is nou dié ou wat net loodvrye brandstof in sy Porsche gooi - 'n groen yuppie. Dit is maklik om 'n guppie te word, koop net daardie produkte wat met "sorg vir die omgewing" vervaardig is; dra net pels van diere wat in die natuur selfmoord gepleeg het.

Earthlife Africa het Donderdag, 31 Mei 'n openbare vergadering gehou met die titel: "In Suid-Afrika veroorsaak ekonomiese groei lugbesoedeling". Die gehoor (ongeveer 80 mense) moes ná die bespreking besluit of dié stelling ondersteun kan word.

Daar is oorweldigend besluit dat só 'n veronderstelling nie noodwendig korrek hoef te wees nie.

Die gesprekke en finale besluit het hoofsaaklik gehandel oor heersende vlakke van lugbesoedeling, wie daarvoor verantwoordelik is en wat daaraan gedoen kan word. Die "ekonomie" (met ander woorde: is-daar-geld-beskikbaar?) en die "wetenskap" (met ander woorde: tegnologie-in-diens-van-die-mens) het 'n belangrike onderdeel van die gesprek geword.

Prof Annagran, 'n kernfisikus van Wits, het vertel van die nuwe geslag kernreaktors wat kleiner, veiliger en doeltreffender is. Dit is sy oplossing: 'n kernreaktor lewer slegs 50 ton afval per jaar (ons weet nog nie presies wat om daarmee aan te vang nie, hoor), maar een steenkoolkragstasie stoot derduisende tonne koolstofdoksied en ander gemors per jaar die lug in.

"Take your pick" - indien ons nie nou oorskakel na dié nuwe geslag reaktors nie, sal ons oor 'n honderd jaar in ieder geval nie meer hier wees om die probleem van kernafval oor

die volgende twee en 'n half duisend jaar op te los nie.

Johan van den Berg van Eskom het vertel dat hulle die probleme van suurreën op die Hoëveld insien. Dit sou egter R100 miljoen en ten minste 5 jaar neem om voldoende suiweringsapparaat te installeer. Ons moet besef dat daar miljoene mense is wat nog nie die wonder van elektrisiteit ervaar nie; daar moet na dié "aanvraag" gekyk word en dit is hiër waar fondse aangewend behoort te word. 'n Volledige kragnetwerk in (byvoorbeeld) Soweto sou heelwat doen om lugbesoedeling daar hok te slaan. Eskom het nog baie werk om te doen. In die geval van die omgewing doen hulle wat hulle kan, die vlak van skadelike emissies uit die reuse-skoorstone in die Oos-Transvaal het reeds aansienlik gedaal (al sê sommige omgewingsbewustes dat die lug daar steeds vuiler is as op enige ander plek ter wêreld).

Mark Gander van EarthLife Afrika het afgesluit. Hy het gewys op die voordele wat besparing en alternatiewe metodes van kragopwekking tot gevolg kan hê. Maar belangriker: hy bepleit 'n volledige herevaluering en definisie van die begrippe "aanvraag" en "behoefte".

Dit is duidelik dat daar oor dié vroe en ander "groen"-besluite nog besin moet word, want die vergadering het tog besluit dat iets met behulp van die "regte" ekonomie en die "regte" tegnologie in die laat stadium bered-

'Dit is maklik om 'n guppie te word, koop net daardie produkte wat met "sorg vir die omgewing" vervaardig is; dra net pels van diere wat in die natuur selfmoord gepleeg het.'

der kan word.

Daar word dus steeds gewerk vanuit die oogpunt dat ons net simptome hoef te behandel. Arne Naess noem dié houding "shallow ecology". "The supporters of shallow ecology think that reforming human relations towards nature can be done within the existing structure of society." Dat die menslike (sosiale) sisteme radikaal sal moet verander ten einde 'n donker-groen bestaan te bewerkstellig, is by die Earthlife Afrika-vergadering slegs hier en daar gehoor.

Ek wil nie onnodig sinies wees oor die verandering ten gunste van die omgewing wat daar by die vervaardiger (van produkte én behoeftes) en ook die verbruiker ontstaan het nie. Ek meen dat dié neiging deur groepe soos EarthLife Afrika aangemoedig, maar ook gemonitor moet word.

Want vir die verbruiker is dit "business as usual". Die verbruiker verwag sy stukkie koek, dié keer met 'n lagie groen versiersuiker daarop.

In Engeland word ontwerpers aangemoedig om die "behoefte" (by die keuse van papier) van die klant te

verstaan: "...it is important to sort out whether the user wants to use recycled paper primarily for green PR value or for genuine concern for the environment."

Die bevindinge oor die osoonlaag sonder osoon sou vandag nog êrens in 'n laai gelê het indien iemand nie die korrelasie tussen velkanker by die mens en osoonvermindering ontdek het nie. Skielik het elke koerantopskrif gepleit vir die opskorting van CFC's in alle vervaardigingsprosesse. En die chemiese maatskappye het saam gewerk, want sodra die mens geraak word, is die vet in die vuur. Ons kan die omgewing en "ander" lewe verwoes, solank dit net nie die mens wat my produk koop, benadeel nie.

Myns insiens is alle menslike aksies en ook die nuwe-produkte van dié aksies, natuurlik. Om die mens uit die natuur te neem is nie moontlik nie. Besoedeling is 'n natuurlike proses en 'n nuwe-produk van menslike inwerking met die "nie menslike wêreld". Dié inwerking is oordadig en die toestand vererger daaglik.

Verandering in die "menslike wêreld" het 'n invloed op die "niemenslike wêreld" en ook andersom - vandag is dit amper nie meer moontlik om 'n beginpunt te onderskei nie.

Moet ons 'n rotplaag onderdruk deur gifstowwe oral rond te strooi? Kan ons nie terselfdertyd dink oor 'n "optimum rotpopulasie" en ophou om rotte (met die afval van ons oorvloed en buitensporige verstedeliking) te

GROENPRAATJIES



TIENIE DU PLESSIS

voer tot hul huidige vlakke van oorspopulasie nie? Is ons teen besoedeling slegs omdat die mens "geraak" word?

Moralisering en preke tot bekring sal nie help nie. Selfs in 'n ideale groen samelewing (en dié sal radikaal moet verskil van die sosiale sisteme van vandag) is 'n "volmaakte balans" nie haalbaar nie. Die natuur, werk eenvoudig nie so nie.

Die aanvaarding van 'n donker-groen verantwoordelikheid vereis dat daar 'n gesprek moet plaasvind oor hóé die mens weg kan beweeg van die huidige antroposentriese benadering tot die lewe, na 'n meer biosentriese bestaan. Ons kan begin deur die waardes wat in die huidige samelewing aan sekere begrippe gekoppel word te herevalueer. 'n Groot diversiteit van standpunte sal gekloof moet word.

Eendag sal iets begin werk. Onthou, vir 'n donker-groene is 250 jaar nie 'n lang tydnie - dit is soos Checkers - net om die hoek.

(Tienie du Plessis is 'n mede-direkteur van Taurus-uitgewers)



TEKS EN KONTEKS

DIT is die maand Oktober...

Skielik gaan dit oor meer as net digterlike konnotasies. Oktober 1990 het 'n dringendheid bygekry wat dit die afgelope 40 jaar nie gehad het nie.

Volgens die wetsontwerp wat nou voor die Parlement dien, word die Wet op Aparte Geriewe eersdaags afgeskaf en het alle instansies onder die staat se beheer tyd tot 15 Oktober om hul huis in orde te kry en van alle apartheidsmatreëls ontslae te raak.

Daardie dag is D-dag vir staatsinstansies. Maar - en dit moet goed besef word - dit is D-dag ook vir kerke.

Afgesien van die uitwerking wat

Sal die kerke Oktober oorleef?

die afskaffing van afsonderlike strukture op die samelewing as geheel sal hê, sal kerke nie daaraan kan ontsnap nie.

Daarby kom dat 'n belangrike reeks kerklike vergaderings in die NG familie vir Oktober belê is, whereby die kwessie van afsonderlikheid en eenheid hoog op die agenda staan.

Oktober is daarom ook vir kerke D-dag - en dit in 'n dubbele sin.

Kerke sal natuurlik verskillend op dié datum reageer. Daar is kerke wat nooit toegegee het aan die versoeking om hul strukture volgens apartheidgrondslae in te rig nie.

Hulle was moedige kampvegters vir apartheidsvrye ruimtes in 'n tyd toe groot druk op hulle geplaas is om te konformeer aan die staatsdogma.

Dikwels het hulle met pyn en tot hul eie skade weerstand gebied en hul getuies gelewer.

Vir dié kerke sal Oktober beide 'n verligting en 'n bevestiging wees van 'n pad wat hulle dikwels alleen geloop het.

Maar ook vir dié kerke bly die vraag: Selfs al sou formêel geen afsonderlikheid meer bestaan nie, is daar werklike eenheid op die gemeente-

like en op grondvlak?

Vir ander kerke is die uitdaging anders. Van sommige kan verwag word dat die oproep min positiewe reaksie en veel eerder teenstand tot gevolg sal hê.

Die Hervormde Kerk het tot dusver Artikel III met oortuiging gehandhaaf, waardeur bepaal word dat net blankes lid van dié Kerk mag wees.

Te oordeel aan 'n onlangse hoofartikel in hul amptelike blad, kan nie verwag word dat hierin enige ingrypende veranderinge voor Oktober sal kom nie.

Ander hanteer die aangeleentheid met groter verfyndheid. Die Gereformeerde Kerke het byvoorbeeld een Algemene Sinode waaraan alle groepe behoort en wat graag voorgehou word as 'n bewys dat dié geen apartheidskerk is nie.

Maar die Algemene Sinode word saamgestel uit 'n aantal nasionale sinodes wat almal op rassegrondslag saamgestel is: een bruin, twee swart en een blanke nasionale sinode.

Op dié vlak is apartheid nog springlewendig en van eenheid laer af, op streeks- en gemeentevlak, is daar weinig sprake.

Hoe sou die Kerke die oproep vir 15 Oktober hanteer indien dit 'n staatsin-

stelling was?

Vir meer as enige ander groep is Oktober 1990 vir die NG familie swanger aan betekenis.

Dit is die maand wat die eerste formele stappe tot strukturele eenheid tussen die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika kan plaasvind. Maar dit is ook die maand van die Algemene Sinode van die NG Kerk, waarop 'n voorstel van die streeksinode van Wes-Kaapland sal dien dat strukturele eenheid as beginsel aanvaar word.

Die sinodes is vir albei groepe van groot belang. Vir die jonger kerke is die Verenigende NG Kerk 'n ideaal waarvoor lank gedroom en hard gewerk is.

Die geboorteproses was nie sonder pyn en sonder moeilikede nie en selfs ná Oktober sal daar nog 'n lang proses wees voordat daar van werklike eenheid sprake is.

Ondanks dié probleme, is daar die vaste oortuiging dat dit die regte pad is, dat dit strook met die gereformeerde tradisie en die eise van die

Skrif. Dit het 'n onkeerbare proses geword wat een of ander tyd in eenwording sal uitmond.

Hoe sal die NG Kerkhierteenooreageer?

Die Kerk kan sy basiese apartheidstruktuur handhaaf en so homself buite die spel plaas, of die Kerk kan deel word van 'n proses van eenwording en versoening wat tot groot heil vir die samelewing as geheel kan wees.

As dit in opregtheid gesoek word, sal dié Kerk met ope arms deur die res van die familie verwelkom word. Daar is tekens dat dit moontlik is.

Dit bly ironies dat die staat weereens die leiding neem in sowel die morele as die praktiese stryd teen apartheid, en die Kerk steeds voete sleep.

Kan dit wees dat die Kerk ná 15 Oktober die enigste oorlewende dinosaurus sal wees van 'n era wat vir altyd verby is?

Daar is 15 kerkdae en 80 werkdae voor 15 Oktober oor.

(Teks en Konteks word geskryf deur 'n paneel van bekende teoloë)

Vrye Weekblad

Die Tussenverkiesing

Die uitslag van die parlementêre tussenverkiesing in Um-lazi het op dramatiese wyse 'n skok-boodskap aan beide die Nasionale Party-regering en die ANC uitgespel.

Dit sê duidelik: die oomblik van waarheid in die blanke politiek het uiteindelik aangebreek, want dit is duidelik dat dit nie langer as vanselfsprekend aanvaar kan word dat die meerderheid van blanke kiesers outomaties en onbepaald die onderhandelingsproses sal ondersteun of aanvaar nie.

Daarom rus daar op beide die NP en die ANC nou 'n besondere verantwoordelikheid om toe te sien dat dié meerderheid nie verder wegkalwe nie, want slaag die KP en verregse groepe daarin om die groeiende blanke verset teen die regering se inisiatiewe verder te mobiliseer, kan dit die huidige vredesproses ernstig benadeel of vertraag.

Ons ondersteun geheel en al die oproep van prof Sampie Terreblanche aan staatspresident FW de Klerk: Die tyd het aangebreek dat die regering moet ophou om die blankes langer te mislei of om die bos te lei. Vrome praatjies dat die beleid van Junie 1990 dieselfde is as Junie 1989, is klaarblyklik onwaar en politieke bog.

Hou dus op om te ontken dat belangrike veranderings gemaak is. Dit beïndruk duidelik nie die kiesers nie. Spel eerlik en kaalkop die werklikhede van die Suid-Afrikaanse politiek aan die blankes uit - aldus prof Terreblanche.

Daar lê vir De Klerk en sy party 'n grootse inligtings- en opvoedingstaak voor, want die NP het heel duidelik die steun van die meerderheid van Afrikaners - sy magsbasis vir dekades - verloor.

Ewe belangrik is die verantwoordelikheid van die ANC en Nelson Mandela in dié verband.

Soos dr Van Zyl Slabbert daarop wys: die huidige verhouding tussen die ANC en die NP het reeds 'n regstreekse impak op die blanke politiek.

Die ANC-leierskap is daarom in 'n sleutelposisie om blanke denke regstreeks te beïnvloed en om blanke vrese te besweer.

Daarom is dit belangrik dat ANC-leiers in hul openbare uitsprake versigtigheid aan die dag lê en dat hulle nie moet vergeet nie dat die blanke groep - hoewel 'n klein minderheid - nog steeds 'n baie belangrike magsblok in die politieke is.

Dit is binne die vermoë van die ANC-leiers om deur hul uitlatings die blanke politiek positief of negatief te beïnvloed. Daarom moet hulle niks doen of sê wat blanke vrese mag aanwakker en verdere KP-verkiesingsoorwinnings moontlik maak nie.

Daar is te veel op die spel vir swart of wit.

Die BSB

Die gevaar wat gewelddadige organisasies soos die BSB vir die onderhandelingspolitiek in Suid-Afrika inhou, het dié week sterk na vore getree toe die ANC besluit het dat dié militêre organisasie onmiddellik ontbind moet word.

Die ANC is reg as hy sê hy het 'n morele plig teenoor sy leiers en sy terugkerende lede om by Staatspresident FW de Klerk aan te dring op die ontbinding daarvan.

De Klerk het 'n ewe groot plig om toe te sien dat almal wat aan dié baie belangrike proses deelneem, veilig is en onverstoord daarmee kan voortgaan.

Ons weet vandag dat die BSB steeds die ANC as die vyand beskou en sekerlik ook sy mes vir die regering in het wat hom "uitverkoop" het.

Die BSB het hom reeds aan 'n vorm van verraad skuldig gemaak toe hy by monde van sy besturende direkteur erken het dat hy bevele van die hoogste gesag verontagsaam het en in eie belang optree.

Hulle moet ontbind word, hul wapens en fondse moet weggeneem word en die lede moet in behoorlik beheerde weermagenehede opgeneem word waar hul bedrywighede gemonitor kan word.

Daarby moet die verantwoordelike minister wat nog nie 'n vinger gelig het om te help om dié dilemma op te klaar nie, summier afdank word. Geen persoon wat belangstel in toekomstige vrede en stabiliteit, wil hom in elk geval in Magnus Malan se geselskap bevind nie.

Omgewingsdag

Suid-Afrika het ongewingsdag gevier met die blye boodskap van dr Piet Aucamp van die Departement van Gesondheid dat die suurreënneerslag en besoedeling in die Oos-Transvaal eintlik niks is om oor bekommerd te wees nie.


Wat 'n tipiese arrogante uitspraak deur 'n staatsamptenaar is dit nie!

Dr Aucamp, jy kan maar skerm en met jou statistiese formules toor soos jy wil, doen jouself 'n guns en gaan maak 'n vroegoggenddraai in die Oos-Transvaalse Hoëveld en gaan kyk self hoe lyk daardie "min-besoedelde" omgewing.

Dis 'n vieslike hool van skoorstene en nywerhede waaruit tonne en tonne koolstof- en swaweldioksied borrel.

Dis 'n nasionale skande wat op die Oos-Transvaalse Hoëveld aan die gang is.

Doen nou iets daaromtrent voor dit te laat is.



BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.

Herken hy dan nie pornografie nie?

"Oud-SR-lede" van Stellenbosch skryf: Die brief van André Gaum (Vrye Weekblad, 25 Mei 1990) kan ter wille van die waarheid nie onbeantwoord gelaat word nie.

Gaum erken uiteindelik dat hy by die betrokke geleentheid in Bophuthatswana wel 'n film gesien het. Hy ontken egter in dieselfde asem dat dit 'n "blou film" was.

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

* Driester-hotelle in Bop is berug vir hulle pornografiese rolprente wat openlik vertoon word.

* Die betrokke rolprent was, volgens "vriende" wat dit saam met Gaum gesien het, wel 'n "blou film". Dit wil dus voorkom asof Gaum nie pornografie herken as hy dit sien nie.

In sy uitspraak is dit duidelik dat Gaum nie verstaan waarom hy "bygekom word" oor die aangeleentheid nie. Dit is onbelangrik dat hy hy die "blou film" gekyk het. Dit is wel belangrik dat Gaum herhaaldelik in die openbaar ontken dat hy na 'n "blou film" gekyk het. Dié aksie word binne en buite "Die Kerkbode-dampkring" as oneerlik beskryf.

Om op 'n aand na 'n rolprent te gaan kyk en dan te besef dit is moreel-eties verkeerd, en dan daarvoor te bely (ons maak almal menslike foute), is aanvaarbaar. Wanneer dit egter keer op keer ontken word, begin dit misse dwars in die krop steek.

Gaum moet dus nie verbaas wees as sy morele kleivoete uitgewys word nie.

Morele eiers

Fanle de Villiers van Johannesburg skryf:

Ek het 'n broertjie dood aan geestelikes, skrifgeleerdes en predikers vanoor die hele spektrum wat politieke en morele eiertjies lê.

Dominee en ajatolla, dis seker nie julle skuld dat die media aanhou om julle manewales en menings as nuuswaardig te beskou nie. Dié ongesonde situasie sal voortduur solank die meeste mense dink "the Road to Righteousness is mapped out in some book or pamphlet".

Kapitalisme werk

CL Kidson van Edenvale skryf: I must assume that the article "People's

power is reeds aan't werk" (Vrye Weekblad, 12 April 1990) is a serious attempt to put a point on view.

If Wilton Mkwayi has prosperity for blacks in mind, he will have to come to terms with capitalism. The woman who sells goods from a pavement stand has hopes of owning a shop and her own home and car. She seeks to accumulate capital. She is a capitalist.

The man who pushes a supermarket trolley around, collecting and selling scrap, also is a capitalist. In their nature they are no different from the mogul who creates an empire by buying more business. They are ambitious.

As soos as a business gets too big, it fails. If it doesn't fail, it is not too big. A business becomes big only if it is successful. Very few make the grade. Most disappear without the publicity afforded the successful. Sabta wil fail if it is badly managed or inherently too big for the service offered. It is the market which decides whether it wants the product at the price.

None of which is to suggest that monopolies should be tolerated, especially the inherently monopolistic state undertakings.

We are each of us acquisitive and humanitarian to some extent, but vary in the proportions. Humanitarians need jobs in order to live and to conduct their humanitarian activities. It makes sense to encourage those who are acquisitive to create jobs for the humanitarians and others who ask for no more than a job and weekends free to go fishing or to church.

This is capitalism, the only system that works.

Duur apartheid

Dr JM Smalberger van George skryf:

Die finansiële koste om apartheid in stand te hou het nou so groot geword dat sowel die man in die straat as die staat dit nie meer kan bekostig nie.

Die man in die straat moet nou oor die 20 persent rente betaal op sy huislening, sy oortrokke bankrekening en huurkoopverpligtinge.

Dié hoë rentekoerse is nie nodig nie, maar dr Stalz van die Reserwebank sê die rentekoerse moet hoog gehou word om enige ekonomiese groei in die land sover as moontlik te demp. Indien daar wel vinnige groei is, sal ons skaars buitelandse reserwes opgebruik word. Dit moet gebruik word om ons

buitelande skuld mee terug te betaal, aangesien ons buitelandse bankiers nie van apartheid hou nie.

As gevolg van dié kunsmatige hoë rentekoerse het Eerste Nasionale Bank onlangs aangekondig dat sy winste met 32 persent op is - nadat reuse-bedrae in sy geheime reserwes weggesit is. NBS se winste is op met 40 persent, Fidelity Bank s'n met 40 persent, en Nedbank se wins is op met 33 persent - nadat allerhande boekhoutruks uitgehaal is om reuse-bedrae weg te sit vir moontlike slegte skulde, en moontlike belasting.

Elke keer as daar 'n finansiële krisis is as gevolg van die apartheidsbeleid, stoot die regering en die Reserwebank die rentekoerse weer op. 'n Gewillige bankier word gevind om op televisie te sê dat dit goed is om die rentekoerse op te stoot. Watter bankier sal nie graag hoë rentekoerse wil sien nie?

In 1981 is die boodskap aan ons verkoop dat dit goed is om ons gordels stywer te trek, en 'n "boom" is in die vooruitsig gestel.

In die Reserwebank se poging om die apartheid-rand se waarde stabiel te hou, het dié bank sedert Rubicon R15 biljoen met valuta-spekulasie verloor (sommige mense meen R17 biljoen).

Ondanks dié pogings het die rand se waarde sedert 1980 van 130 Amerikaanse sent per rand geval tot 35 Amerikaanse sent per rand.

Die werklike waarde van die rand soos gereflekteer deur die finansiële rand is tussen 20 - 25 Amerikaanse sent per rand.

Die kommersiële rand en die finansiële rand moes geskep word om die waarde van die rand te probeer opbou. Die finansiële rand het Suid-Afrika ook miljoene gekos aangesien enige persoon wat met in- en uitvoere te doen het, en van onder- en oorfakturering weet, kommersiële rande die land uitstuur en dit as finansiële rande kan terugbring. In die proses word die geld feitlik verdubbel. Slegs 'n paar persone, onder andere lede van die Reserwebank, is al hieraan skuldig bevind.

Apartheid het natuurlik inflasie ook gebring, as gevolg van die feit dat die geldvoorraad so vergroot is om vir apartheid te betaal. Ons dink aan die R15 biljoen wat die Reserwebank verloor het deur valuta-spekulasie wat in Suid-Afrika in omloop is en een van die redes is waarom die geldvoorraad met meer as 20 persent per jaar groei.

Dink ook aan die groot hoeveelhede geld

Vervolg op bl 22

Die Takhare vir Vrede was ook by Houtstok gewees

Brolloks en Bittergal is met vakansie, en in hul afwesigheid word dié ruimte vandeeweek deur die Takhare vir Vrede misbruik.

EN daar gaan die Takhare toe Houtstok toe! Hulle was eintlik veronderstel om op te tree, maar chaos agter die skerms, swak organisasie en "bands" vir boeties het hul dié grootse oomblik ontnem.

Die Takhare se musiekloopbaan is daarmee n en.

Eerstens, No Friends of Harry is beslis vriende van seremoniemeester Barney Simon, want dié swakkerige groepie, wat nie eens op die bill verskyn het nie, speel toe vir 'n uur en ontnem ander, baie beter groepe, hul kants tot televisie- en plate-opnames!

Tweedens, die onbekende country-sanger Moby Dick, ofte wel Hennie Nel van Bapsfontein-faam, het homself glo by die fees opgedring. En dit ten koste van bekende sterre soos Randy Rambo en die Rough Riders, die Radiators in Swart en Draadloos.

Lochner de Kock en Richard van der Westhuizen se optrede is in die middel deur die klankingenieurs afgesny, en Worsie Visser, wat saam met hulle moes optree, het toe al die pad verniet van die Kaap af opgekom! * Kan die organiseerders van dié fiasco dan nie tot verantwoording geroep word nie, of is hulle dalk te besig om die geld van Goudstok te tel?



Bester se grys skoene

'n Kollega van die Takhare het Maandagmiddag in 'n Portugese restaurant in Pretoria geëet toe een van die organiseerders, ene Francois Bester, hom met grys skoene en al stormloop en hartlik bedank vir die positiewe reklame wat Vrye Weekblad vir Houtstok gemaak het.

Half verbluf vra vriend nou hoe weet jy wie ek is, en kyk halfbekommerd af na die grys skoene.

Nee, sê Bester, die veiligheidspolisiesmanne saam met wie ek daar anderkant sit en drink, het jou aan my uitgewys.

* Eet hom Worsie, eet hom.

Nog meer oor Bester.

Talle musikante en ander alterna-

tiewes het by die Takhare kom kla oor dié man se wankelrige gedrag die aand by Houtstok. So het hy stokerig saam met Anton Goosen en die Kommissie van Onderzoek op die verhoog verskyn en die kollig probeer steel.

Die Takhare wonder of hy enigsins onthou hoe hy die alternatiewe Afrikaner se naam deur die modder gesleep het.

* Eet hom weer, Worsie.

Nuwe Suid-Afrika

So 'n kaalkop van Stellenbosch - die Takhare vemeem hy is 'n rektor - het toe 'n hofsak teen 'n groepie opstokers verloor. Nou was dit met gebroke hart dat die Takhare hiervan verneem het.

A nee a, 'n rektor kan darem nie bekostig (finansieel en andersins) dat 'n klompie klipgooiers (of was dit kondome) hom so lelik in die verleentheid stel nie.

* Maar nou ja, dit is die nuwe Suid-Afrika waarvan die rektor en Thabo Mbeki van die ANC so lekker gepraat het: Daar is geen respek meer vir

gesag nie, en die swartes, saam met die wit kommuniste, sleep die vaders en moeders van die Volk hof toe en wen dit nog boonop.

Rookbank

Nadat doktor Aucamp van die Departement van Gesondheid gesê het dat die lugbesoedeling op die Transvaalse Hoëveld nie so erg is as wat die mense wil voorgee nie, het die Takhare vir Vrede Witbank gaan besoek. (Na dese bekend as Rookbank)

Mense, die man weet nie waarvan hy praat nie.

Al wat 'n mens hoor as jy die moed het om jou vensters in Rookbank oop te maak, is die voëltjies wat hoes.

* Moet hulle dan eers begin stuip trek voordat iemand iets daaromtrent gaan doen?

Gebed vir Calla

Die Takhare vir Vrede sal die week saam met Calla "BSB" Botha bid dat hy binnekort sy plek in die Transvaalspan terugkry.

Vrystaat

'n Groot terugslag het Engeland se sokkerspan op die vooraand van die Wêreldbekersokkerreeks getref. Dié land se voorste sokkerboef is huis toe gestuur nadat hy die Hollandse geesdriftiges met geweld gedreig het. Die Takhare wonder hoe Engeland nou veronderstel is om goeie sokker te speel.

* Miskien het Vrystaat 'n plekkie vir hom in hulle rugbyspan.

Toemaar, FW

Die Takhare vir Vrede wil einde laaste hulde bring aan ere-takhaar De Klerk. Ons wil net vir hom na daai lelike uitslag vandeeweek sê, broer, moenie worrie nie.

Die beskuldigings van jou geheulery met die ANC laat 'n Takhaar dink aan 'n waarheid wat oupa altyd vertel het.

Dis beter om Nelson by jou in die tent te hê sodat hy na buite piepie, as wat hy buite die tent staan en na binne piepie.

Kom geliefdes, kom laat ons koeke vat

VRINDE, Egbertus is in 'n somber luim vandag. Miesies Klaagvoort is uithuisig om 'n straatoptog ten behoeve van politieke huislose wesens te lei, foei tog, sy kry doktor Dhlomo so jammer dat hy sonder Admiraal Doktor Buthelezi deur die lewe sal moet gaan. Iedergeval, met die formidabele wederhelf in die buiteste ruimte is daar niemand om Egbertus te weerhou van morbiede gedagtes oor koeke en dinge nie. Of om 'n bietjie troos uit te deel nie, soos net sy kan. Laat ek julle vertel van my bisarre beelde, geliefdes. Kom laat ons koeke vat.

Volkskultuur

Die uitstaande koekebeeld in ons volkskultuur (en wás daar nie al kóeke in ons geskiedenis nie) is natuurlik die beton-bruidskoek wat na bewering opgerig is as monument vir die untouchables van die volk, die engele wat sonder sondes of versoekings, om van ontug nie te praat nie, kaalvoet oor monumentkop is.

Maar nou weet ons mos beter: die bruidskoek is opgerig om skadu te verskaf vir doktor Bitterbek wanneer hy die goeie en getroue gewetenslawe toespraak op volksfeesdae. En wie kan ontken dat die goeie doktor soos 'n skugtere bruidjie sy aansporing tot geweld in die fraaiste eufemismes geklee het?

Noordelike muis

Die besete krete van ET was eintlik die afgelope week 'n verkwikking na die eentonige gesanik van die Muis

van die Noorde. 'n Ware koek se hoenderhaan, die kêrel, as 'n mens kan praat van 'n fascistiese hoenderhaan. Nietemin, daar het julle dit. Intussen is die Koeksistergilde in rep en roer oor die jongste recruitment drive in die townships.

Kyk, vrinde, dié dinge word strategies beplan. Met dié dat die antichris so respektabel geword het dat hulle in die wit woonbuurte kan werf, moet iets immers gedoen word om die volk te red. En die plan is glo om die afgewekenes van die volkspad te vervang met ware Boere uit die swart woonbuurte.

Koeksisters ken tog seker nie kleurperke nie? Seg Moeder die meeste verbruikers van die Gilde se produkte word in elk geval groen om die kiewe. Miskien is daar moontlikhede vir 'n Groen Party? Laat haar dink aan die agbare benoemde lid wat nou die dag homself aangematig het om 'n "groen Nat" te wil wees.

Seg Moeder ja'k, 'n groentjie en boonop Nat agter die ore. Moeder sal weet.

Bunny men

Merk julle op hoedat daar by die dag 'n concursus van leiers ontstaan? Cometh the hour, cometh a thousand men. Soos bunny girls spring die hoge

geeste ons lewens binne, asof vanuit 'n verrassingskoek.

Dis te pragtig hoedat hulle ook nou aan die reis raak. Die een wil die ander oortref, en waarheen lei dit alles?

Die PAC het nou ook op die bandwagon geklim, en waarom nie? Noudat Madam de Klerk se man koue voete gekry het oor die VSA kan die baan immers nie skoon gelaat word vir vader Mandela nie.

Die hoge siel van die PAC gaan glo Zimbabwe, Libië, Ghana, Nigerië, Guinee, Uganda, Madagaskar en Tanzanië besoek. Of such visits is greatness born.

Seg Moeder vir haar komende wêreldreis ter propagering van Welkom se rassedeernis (sy's nie verniet erburger nie) gaan sy non-comrade Zeph oortref met besoekies aan Venda, Bop en Kwaazulu, as sy 'n audience met julle weet wie kan kry.

Moeder sal vergesel wees deur tant Koek Ferreira, bobaas-bakster en geaffilieerde erelid van die Koeksistergilde, as chaperone natuurlik.

Mens weet nooit wat om op so 'n hectic internasionale toer te verwag nie. Tant Koek se eintlike claim to fame is dat sy 'n uitgewekene van Welkom is, seg Moeder foei tog, sy's een van die boat people, sy woon nou in 'n house boat op die Hartbeespoortdam.

Kondome gooi

Ver sy dit van Egbertus om oor kondome te skryf, julle ken mos vir hom, kosjer soos 'n katoliek. Maar die gedoentes is deesdae so nuuswaardig, selfs Moeder vra of dit dalk 'n nuwe woord vir duplex-woonstelle is.

Seg sy sy lees dat mens in party uitgesoekte winkels duplex-woonstelle kan koop wat in die donker blink. Iedergeval, die liewe siele van Matieland het uiteindelik ook gehoor van dié lastige dog eerbare kommoditeit. Sou hulle weet waarvoor 'n mens dit gebruik, wonder Miesies Klaagvoort wat nou pas teruggekeer het van 'n werwingsessie in die township.

Seg sy daar is vier koeksisters verkoop, en sy sit met 'n splinternuwe ANC-lidmaatskapkaart.

Seg Oswald dis seker die ANC met die rooi en wit papiersak, first with the goodies. Seg Moeder first with the baddies.

Dierbares, mag ek nou by die punt van my kondoom uitkom? Skaars is Stellenbosch se grootste grapjas na Mike de Vries afgedank omdat sy Madam se man Effie genoem het, of die genoemde kommoditeit spat die hele kampus vol. Blykbaar toon die Maties hul afkeer in verkrampde politiek deur die ongewenste siele met

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

kondome te bestook.

Miskien is dit al wat byderhand is. Tekens van die tye, vrinde, van klipgooi na bomme gooi na kondome gooi, die simboliek is aangrypend maar bisar. Die KP, wat aan die ontvangspunt van die kondome was, was hoogs ontstokke deur dié nuwe gier en het heftig beswaar aangeteken, iemand is selfs aangerand, in eg Suid-Afrikaanse tradisie.

Seg die ondervoorsitter van die KP op die kampus: "As iemand laag genoeg is om 'n kondoom op jou tafel neer te sit, moet hy die gevolge dra."

Derde Vryheidsoorlog? Selfs dié uitwaanse kommoditeite behoort oor so veertig jaar of wat by die KP bekend te wees. En wat is die naam van die man wat so oor die kondome kla?

Meneer Bordell, soos in bordello. I kid you not.

Willem Maritz sou slaankrag kon verleen

Namibia kies verkeerd



Sarel Losper

Sleutelwedstryd op Uitenhage

THABO DANIELS

DIE rugbyspanne van Uitenhage en die Oostelike Provinsie - albei nog onoorwonne in die reeks om die SA Beker - pak mekaar Saterdag in Uitenhage in 'n bepalende wedstryd in Afdeling A.

Die twee spanne weeg goed teen mekaar op maar beter samespel en die tuisvoordeel maak van Uitenhage die gunsteling.

Hoewel albei spanne nog tot dusver op die wenpad kon bly, het hulle nog nie hul beste vorm ten toon gestel nie. Veral die OP sukkel om span te bou omdat die keurders ná elke wedstryd wild en wakker veranderinge aanbring.

Die span het Suidoostelike Distrikte verlede week met 44-10 afgeransel, maar dit het nie die keurders verhinder om vyf manne die trekpas te gee nie.

Die gevoel is dat die OP slaankrag in die middelveld kortkom, en om dié rede is die veteraan Hilton Meyer op losskakel ingespan. Leon Fillies is ook terug op senter.

Uitenhage word versterk deur sy kaptein en flank Madeza Statu, wat beseer was, en die skrumskakel Ronnie Korkie, wat in sy eerste wedstryd ná sy onlangse skorsing sal speel.

In die lynstane sal die twee OP-slotte, Reggie Marais en Darton Felix, waarskynlik die botoon voer. Die tuisspan se vurige losmanne - Statu, Roy Deysel en Chris Brown - sal egter verseker dat sake voorlans redelik gelykop verloop.

Nog 'n sleutelspeler is die OP se skrumskakel, Allister Coetzee, wat sake vir die tuisspan se verdediging moeilik kan maak met sy skoppies langs die kantlyn af en sy breekslae om die skrum.

TINUS HORN

SO al asof hulle nie wou erken dat hulle foute gemaak met die samestelling van die span vir verlede week se eerste toets teen Wallis nie, het Namibia se rugbykeurders hul kans verspeel om die span te versterk vir môre se tweede en laaste toets in Windhoek.

Hoewel Namibia in die eerste toets redelik goed gevaar en kort na rustyd nog na 'n montlike wenspan gelyk het, was daar 'n hele paar spelers wat nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

Nietemin is die span net so behou, met die uitsondering van die heelagter Andre Stoop, wat ná sy kopstampery (nee, hy is nog nie genees nie) vir ses weke geskors is. Jaco Coetzee neem sy plek in.

Waar is Willem Maritz? Alex Skinner is dalk wel 'n beter lynstaanman as hy, maar kon verlede Saterdag niks teen Wallis in dié afdeling van die spel uitrig nie.

Daarom moes Maritz vir sy skitterende dryfspel in die span gewees het. Namibia se lostrio het verlede week sonder vuur gespeel en kon nie betyds by die losballe uitkom nie.

Die losskakel Shaun McCulley het ook verlede Saterdag geen gelukkige wedstryd beleef nie. Hy is beslis verroes (hy het tot onlangs nog vir Namibia krieket gespeel) en sy hanteerwerk was vrot. Ter versagting moet 'n mens darem byvoeg dat Basie Buitendach se aangeë glad nie waffers was nie.

Moolman Olivier sou straks 'n beter keuse vir die nommer 10-trui gewees het, maar die feit dat hy 'n Suid-Afrikaner is tel teen hom. Hy is nietemin een van die reserwes. As hy vir Namibia op die bank kan sit kan hy seker maar speel ook.

Buitendach kan homself ook gelukkig ag dat hy sy plek behou. Japie Vermaak is beslis beter op dreef.

'n Mens kan maar net hoop dat Coetzee die druk van só 'n belangrike wedstryd kan verwerk. Namibia moet 'n plaasvervanger vir Stoop op heelagter kry en gou ook.

Die 30-jarige Stoop is steeds 'n opwindende speler (sy briljante lopies wat op Gerhard Mans se drie uitloop het, is bewys hiervan) maar sy gedrag op die veld is onverskoonbaar en het Namibia verlede Saterdag finaal van sy wenkans beroof.

Sy beste dae is in elk geval verby. 'n Jaar of twee gelede was hy bekend as die man met die veiligste hande in die Curriebekerreeks. Verlede Saterdag het hy met 'n oop doellyn voor aangeslaan en ook by 'n ander geleentheid die bal laat val.

Sy teenstander, Paul Thorburn, het vroeër op die toer gesukkel, maar verlede week vir Stoop gewys waaroor heelagterspel nou eintlik gaan (voordat die skeidsregter, Fred Howard, vir Stoop gewys het waarvoor rugbyreëls gaan en hom weens vuilspel afgejaag het).

Thorburn is 'n skitterende verdediger wat hoë balle vreesloos inwag. Hy het wel oor die laaste jaar of twee 'n bietjie spoed ingeboet maar hy vergoed daarvoor met sy skitterende tydsberekening wanneer hy by die agterlyn aansluit.

Boonop skop hy goed pale toe. Met Johan Heunis se loopbaan stellig verby is daar in Suid-Afrika nie 'n enkele heelagter van Thorburn se gehalte nie.

(Die lofprysing is dalk effens oordrewe. McCulley het hom nie werklik met die skopskoen beproef nie).

Die senter Johan Deysel was verlede Saterdag beslis Namibia se beste agterspeler. Ongelukkig

moes hy al sy aanvalskanse self uit gebroke spel skep. Bitter min goeie balle het hom langs die lyn af bereik. Môre moet McCulley sorg dat hy meer hardloopkans kry.

Namibia het hopelik 'n paar duur lesse uit verlede week se nederlaag geleer. 'n Mens kan daarop reken dat sy afrigter, Henning Snyman, vandeeweek veral aan die lynstane en losspel geskaaf het.

Die tuisspan kan beslis nie weer bekostig dat Wallis so na willekeur deur die lynstane bars nie. Sarel Losper en Casper Derks het alles in hul vermoë gedoen om toe te maak, maak min hulp van hul spanmaats gekry.

'n Oorwinning oor òf Wallis, òf Frankryk is al was Namibia vanjaar nodig het om te verseker dat hy voortaan as een van die wêreld se voorste rugbylande gereken word. Verlede week was die oomblik vir hom te groot en afronding het ontbreek. Dalk gaan dit môre beter.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouders van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.

Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.

Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

Redaksie

Redakteur: Max du Preez

Hoofredaksie: Elisabeth Wessels, Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein

Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlle Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw

Sub-redakteur: Ryk Hattingh

Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson

Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo

Sportredakteur: Tinus Horn

Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh

Bestuur

Advertensies en bemerking: Manie Eagar, Kee-Leen King

Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King

Redaksionele assistent: Cathy Fennessy

Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.

Boekhouding: Clara Nkutha

Kantoorbestuur: Joseph Moetsi, Vernon Zulu, Hazel Woodward

Buitekantore

Kaapstad-kantoor: Elisabeth Wessels. Tel (021) 24 8049

Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n Jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.

Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

Pote, Cheese wag in Vrystaat-Stadion

Naas is die teiken



Berigte deur TINUS HORN

NAAS BOTHA gaan môre in Bloemfontein in Noord-Transvaal se wedstryd teen die Vrystaat herinner word dat Italië se klubliga en die Curriebekerreeks hemelsbreed verskil. Daarvoor sal Pote Human en Cheese van Tonder sorg.

Dié twee geharde losmanne het intimidasie tot 'n fyn kuns vervolmaak. Botha gaan 80 minute lank hul teiken wees.

Die Bloues sal as gunsteling op die veld draf. Hulle het die Vrystaat immers reeds vanjaar geklop en die Blikore moes verlede week in Potchefstroom met 'n gelykopuitslag teen Wes-Transvaal tevrede wees. Transvaal het hulle ook twee weke gelede in 'n vriendskaplike wedstryd geklop.

Tog sou dit Noord-Transvaal baat om hul wedstryd teen die Vrystaat in 1987 in die Vrystaat-Stadion te onthou.

Die opskef in 'n Engelstalige Sondagblad het die verhaal vertel: "Blue day for Bulls - and black eye for Naas."

Die tuisspan se voorhoede het die magtige Blou Bulle getem en Andre Joubert het met eentonige reëlmaat strafskoppe deur die pale gejaag om sy span op die wenpad te plaas.

'n Allemintige skepdele van oor die 50 meter het die oorwinning beklink. En toe wen Vrystaat nog die geveg ook; kort voor die einde plant die Vrystaatse agtsteman, Jan Els, 'n regter wat Mike Tyson sou laat steier het.

Naas Botha is nie Mike Tyson nie. Hy het soos 'n os neergeslaan, opgestaan om die strafskop oor te klits en is daarna in die hospitaal vir harsingskudding behandel.

Daardie jaar was die Noorde beter op dreef as nou. Hy het dan ook voortgegaan om die Curriebeker in te palm.

Dat daar groot probleme in die Vrystaat-kamp is, is nie te betwyfel nie. Daarvan getuig die skokweglating van sy kaptein, Stompie Fourie, en die Springboksenter Helgard Muller. Paniek is nie die woord nie.

Maar in Bloemfontein is die Vry-

staat altyd 'n ander span as in wegwedstryde. Selfs in sy swakste seisoen lewer hy 'n verrassing of twee op sy tuisveld.

Laat die Noorde maar gewaarsku wees.

Transvaal, wat Wes-Transvaal vanaand op Ellispark pak, klou verbete aan sy laaste bietjie hoop in die reeks. Ná twee nederlae sou dit dwaas wees om enigiets van die Rooibontes te verwag - en hulle het nog nie eers teen Noord-Transvaal of die Westelike Provinsie gespeel nie.

Die tuisspan lyk veel sterker as die Weste maar die wil om te wen is nou nie juis wat 'n mens oorweldigend sal noem nie.

Die Weste se gelykopuitslag teen die Vrystaat (wat hom volgens berigte nogal gevele het) moes wondere vir sy selfvertroue verrig het. Wat talent betref, vergelyk die besoekers nie baie goed met Transvaal nie (die Rooibontes, Noord-Transvaal en die OP het die afgelope paar jaar al die Weste se beste manne gekoop). Maar 'n mens kan daarop reken dat die Weste alles sal gee. En Transvaal? 'n Mens kan op niks reken nie.

Die Oostelike Provinsie het 19 jaar laas 'n Curriebekerwedstryd teen die WP op Nuweland gewen. As die WP-span nie vrees van Frans Erasmus-hulle inboesem nie, sal die rekordboeke dit wel doen.

Die OP het beslis die talent om die WP te klop en Michael du Plessis weet hoe om sy voormalige spanmaats se swak punte deeglik uit te buit. (Die OP-afrigter, Alan Zondagh, is ook 'n kenner van WP-rugby).

Die groot vraag is of die OP genoeg vertroue in sy eie vermoëns het. Die antwoord is waarskynlik NEE.

Te oordeel na vanjaar se vertonings, moet Natal as oorweldigende gunsteling teen Noord-Vrystaat beskou word.

Die Piesangboere sukkel egter maar altyd teen die Perstruie. Toe die Natallers nog in Afdeling B was, het hulle drie keer teen Noord in promosie-relegasiewedstryde gespeel. Hulle was elke keer aan die verloorant.

SA sou met Wallis mors

DIE rugbyspan van Wallis wat verlede week sy eerste toets teen Namibia met 18-9 gewen het, kan maar bly wees hy hoef nie teen Suid-Afrika te speel nie. Só 'n wedstryd sou 'n allemintige slagting afgee.

Veral Wallis se voorhoede lyk glad nie opgewasse teen die mag van 'n Springbok-agttal nie.


Die skrums is hul swak plek. Suidwes het verlede jaar maar in dié afdeling van die spel gesukkel teen Noord-Transvaal, die Westelike Provinsie en die Oostelike Provinsie, maar goed teen Wallis opgeweeg voordat Andre Stoop afgejaag is en een van die voorspelers agter moes gaan help keer.

Met Wallis se agterlyn skort daar niks. Van die losskakel Anthony Clement tot by die heelagter Paul Thorburn is almal bereid om reguit en doelgerig met die bal te nael en hulle is ook nie bang om op die verdediging met mening onder hul teenstanders in te seil nie.

Mark Ring is 'n glibberige derduiwel wat Namibia se verdedigers 'n keer of wat verdwaas na wind laat gryp het. Wallis se ondersteuning was ook strate beter as dié van Namibia.

Die probleem is dat Wallis se agttal baie minder skoon balle teen Suid-Afrika sou kon wen. Die druk op die agterlyn sou veel groter wees en sonder bewegruimte kan nie eers die wêreld se beste spelers veel uitrig nie (vra maar vir Danie Gerber).

Die All Blacks het verlede jaar twee keer agtereenvolgens meer as 50 punte teen Wallis aangeteken. Die Bokke sou dieselfde kon doen.



Johnny se laaste kans

Johnny du Plooy skuld sy aanhangers (as daar nog van hulle oor is) 'n oorwinning, en Lee Roy Murphy, die man wat hy môre aand by Sun City pak, is net die soort teenstander wat hy nodig het. Murphy, 'n voormalige kampioen van die Internasionale Boksfederasie (IBF) in die Junior swaargewig-afdeling, slaan wel hard maar sal stellig nie teen Du Plooy se krag opgewasse wees nie. Teen 101 kg is hy boonop effens oorgewig (dit kan verhinder dat Du Plooy hom in die binnegevegte rondstoot, maar gaan teen hom tel as die geveg die volle tien rondes duur). Du Plooy het baie potensiaal, maar sy gewoonte om bes te gee wanneer hy in die moeilikheid beland, het tot dusver verhinder dat hy in wêreldboks naam maak. Die tyd stap aan. As hy nie môre oortuigend wen nie, kan ons maar van hom vergeet.

Pierre Coetzer het nie Du Plooy se talent nie, maar is 'n toegewyde bokser wat in elke geveg sy beste lewer. Ons weet eintlik nie waartoe hy in staat is nie omdat sy teenstander baie noukeurig gekies word. As hy môre aand vir Phil Brown klop, is daar hopelik 'n kans dat sy volgende geveg teen 'n bokser sal wees waarvan iemand al voorheen gehoor het.

Bra Gib by die G-fees



onder redaksie van
ANDREA VINASSA

IN "Give a Child", wat by vanjaar se Standard Bank Nasionale Kunstefees in Grahamstad opgevoer word, laat Gibson Kente die soeklig val op Suid-Afrika se opvoedkundige krisis, sê 'n fees-persverklaring.

Kente, wat bekend staan as die "peetvader van swart teater in ons land", het in die jare sestig 'n ommekeer in stedelike swart volksteater teweeggebring nadat hy besef het dat teateraanbiedinge vir swartmense binne die beperkinge van die apartheidsregime slegs moontlik sou wees as swartmense dit self sou skryf, regisseer en opvoer.

In sy dramas stel Kente hom dit ten doel om die stedelike swartman se lewe deur middel van township-dans en -sang voor te stel. Hy vermy ooglopend politieke kwessies en spits hom eerder toe op persoonlike moraliteit en maatskaplike verantwoordelikheid, met die Christendom as grondslag vir die gemeenskapslewe.

"Give a Child" beeld die vasberadenheid uit, ondanks talle hindernisse, van 'n groep matriekleerlinge om goeie uitslae te behaal. Kente gee aandag aan die gaping tussen die geslagte in die township-gemeenskap, hy is 'n kampvegter vir godsdientige en familie-waardes, hy distansieer hom van die hedendaagse maatskaplike militantheid.

Kente skryf in Engels omdat dit die taal van die internasionale vermaaklikheidswêreld is en omdat hy etniese verskille tussen swartmense wil oorbrug.

"Give a Child" word op die Hoofprogram aangebied. Die opvoerdadums is 28, 29 en 30 Junie in die Recreation Centre. Bespreking vir die Hoofprogram is by Computicket en die besprekingskantoor van die 1820 Setlaarsmonument in Grahamstad.

Besprekings vir die Randfees open op 25 Junie by Village Green en die monument se kaartjieskantoor. Posbesprekings vir die Randfees wat teen die finale inskrywingsdatum reeds geskeduleer is, kan ook nou gedoen word. Beknopte besonderhede oor die Randfees is op versoek verkrygbaar by die feeskantoor van die 1820-Stigting tel (0461) 27115 of (011) 788-2909.

Die Film and Allied Workers' Organisation bied môre 'n besprekingsforum oor 'The Right to Broadcast' aan. Dit begin 2nm op die Elfde Verdieping van University Corner, Jorrissenstraat, Braamfontein. Michael Markowitz sal 'n paar gedagtes oor die uitsaaiwese in 'n post-apartheid-samelewing aanbied

Variasies op 'n tema

EK wens kunstenaars, of kulturele werkers, wil nou hulle minds opmaak. As ek reg onthou was kunstenaars aanvanklik baie verlig toe dit aanvaarbaar was om jouself deur jou kuns aan die struggle te verbind. Dit het beteken dat kunstenaars tuis kon bly en geweertjies teken sodat hulle nie die donker bosse as aktiviste hoef in te vaar nie. Dit was hulle manier om passifiste te wees en ook intellektuele ondersteuning aan die gewapende stryd te bied. Sô kon hulle deel wees van die struggle sonder om hulle hande vuil te maak. Dit is sekerlik gemakliker om amandla te skryf as om bomme te gaan plant.

Nou kla hulle dat politieke groepe wil inbreuk maak op hulle persoonlike kreatiewe heiligdom. Ag nee man.

(Iemand het ons later herinner dat die kultuurorganisasies aanvanklik op die been gebring is om alternatiewe produksie- en bemarkingsmeganismes te bewerkstellig - om minder bevoorregte kunstenaars te help om kuns te maak en die implisiete sensuur van die kommersiële, bourgeois mark teen te werk. Die doel was nie om die inhoud van kunswerke voor te skryf nie, hoewel sommige kunstenaars hulle laat intimideer het. Iewers het daar 'n paar Stalintjies opgespring en hul mag misbruik. En toe kry die organisasies 'n slegte naam as duistere sensuur-lyggame.)

Die "Township Fever"-debakel was sô 'n geval. Vir die rekord het Wilhelm Liebenberg, oud-lid van die Cultural Desk, gesê die reaksie op Cosatu se Living Wage Group se besware teen Mbongeni Ngema se teks, was dat dit nie die Desk se saak is nie en dat die Desk sensuur verwerp. Ngema had die reg om die situasie uit te beeld soos hy dit sien en Cosatu had die reg om hom te kritiseer. Dit is nooit in die pers helder gestel nie... daar is 'n probleem met kommunikasie.

Iemand anders het gekerm dat die pers nie op die ball is nie. Ek wil hier antwoord op sommige kultuurorganisasies wat die pers as 'n vyand beskou. Hulle kla dat daar nie oor hulle bedrywighede geskryf word nie en dat die "kommersiële kunsinstellings" voorgetrek word. 'n Mens is nie alomteenwoordig nie. My telefoonnommer is 836-2151. Bel my.

In elk geval, talle kwessies is opgehaal sonder dat daar met veel diepte oor enigen van hulle besin is. Dinge soos konsultasie, "accountability", voorskryfbaarheid, politieke strukture, kritikaliteit, "Township Fever", bourgeois estetisisme en sensuur - "n kosmetiese operasie en nie die ware issue nie" - is bespreek.

Waar kultuurmense voorheen hulle losweg verbind het aan die "breë demokratiese beweging" neig die politieke scene deesdae na party-politiekery. As jy deel is van die struggle, maak jy dan ANC-kuns of PAC-kuns of DP-kuns? Dis 'n probleem vir enige kunstenaar wat meen sy kuns moet 'n politieke party dien en nie in wese as 'n kritiese werktuig ingespan word nie... soos Geers die avant-garde sien nie.

"Die Nasionale Konsultatiewe Konferensie was positief omdat die noodsaaklikheid om kultuur as 'n nasionale ding te sien, en nie as ANC- of PAC-bevrydingskultuur nie, beklemtoon is," het Liebenberg gesê.

VERLEDE Saterdag het 'n klompie belangstellende kunssinniges bymekaar gekom om die Albie Sachs-debat oor die bevryding van kultuur van bevrydingspolitiek verder te voer. Junaid Ahmed, die plaaslike organiseerder van die Zabalasa-Fees en die Congress of South African Writers (COSAW) se algemene sekretaris, en die kunsresesent Kendell Geers, het 'n paar menings oor die saak gelug. Daarna het die gehoor tot bespreking oorgegaan. (Ahmed se dokument word vandag op bladsy 5 gepubliseer en Geers s'n sal op 22 Junie verskyn.) Die dramaturg Matsemela Manaka het ongelukkig nie opgedaag nie. Die kunstenaar Bongi Dhlomo was ook op die paneel waarvan Andries Oliphant die voorsitter was. Die hele affêre is deur die BBC verfilm, maar nie voor 'n paar gehoorlede aangevoer het dat die BBC hul regte skend deur 'n kamera op hulle te rig nie. ANDREA VINASSA was daar om die vryheid van die pers te beskerm



Junaid Ahmed en Kendell Geers

Albie Sachs

Dit lyk of kameraad Sachs en sy stellings - dit is "a missive from abroad" genoem - vir kulturele werkers eerder hoofbrekens as verligting gebring het. Die artikel self is nie ontstellend nie, maar die manier waarop ons daarop gereageer het is, is aangevoer. Sommige mense het Sachs se geskrif gebruik om bourgeois estesisme te rasionaliseer. Ander het weer gemeen die Sachs-geskrif het 'n nuwe openhartigheid - "the de-censored self" - ingehuldig.

Vir my lyk dit of ons net 'n pa-figuur nodig het om vir ons te sê wat om te doen.

"Sachs het niks nuuts gesê nie. Van ons was verbaas toe dit soveel nasionale aandag uitgelok het. Hy het sake aangepak waarop baie mense al wou uitbrei, maar te bang was omdat hulle nie as reaksionêr gebrandmerk wou word nie," het Ahmed gesê.

Kritiek is uitgespreek oor die tydsberekening van die geskrif: die publikasie het ooreengestem met 'n tentoonstelling by Wits van omstrede politieke plakkate. Organiseerders is gedwing

om die plakkate te versteek omdat hulle gevrees het die polisie sou hulle in beslag lê. Vir hulle was dit duidelik dat Sachs nie in voeling was met die werklikhede van Suid-Afrika en dat hy gepraat het van 'n idilliese post-apartheid-situasie.

Die kwessie van die kulturele werker se "aanspreeklikheid" is ook hier opgehaal: Die doen en late van mense wat in die verlede 'n negatiewe bydrae (tot die struggle) gemaak het, word nou in "a flush of pluralism and affirmation" gesanksioneer. 'n Mens neem aan die spreker rig sy kritiek op die organiseerders van die Grahamstad-fees.

"Ek dink nie hy (Sachs) het ons 'n guns bewys deur nie melding te maak van die kulturele boikot nie. Dit beteken nie dat die boikot gekanselleer is nie," is so in die verbygaan gesê.

* Vir die organiseerders van die Grahamstad-fees was dit 'n gelukkige slag dat Barbara Masekela, hoof van die ANC se Departement van Kuns en Kultuur, die 1820-Stigting se uitnodiging aanvaar het om by die Winterskool op te tree. Die onderwerp wat sy op 5 Julie aanpak is "Culture in a New South Africa".

Rapsodie vir 'n raap

WANNEER dit winter word, is almal se geld skraps. Hoekom, weet nugter. Jy wil graag mense oomooi vir lekker kos en gesels om 'n kaggel, maar as jy nog goeie rooiwyn bytel, kan dit 'n duur spul word.

Hier dus, 'n paar resepte wat gebruik maak van winterbestanddele - aartappels, rape, lensies en rys. Vullend, sussend en bowenal nie duur nie. Wat jy egter moet doen, is besoek aflê by 'n goeie speseryhandelaar. Stock up: knoffel, vars gemmer, mosterdsaad, fenegriek, koljander, kardamom, borrie, wonderpeper, rooirissies, komynsaad, kassia, naeltjies en vars kruie soos kariblaar en koljanderblare oftewel dhania.

Die geursels maak nie noodwendig jou kos Indies of selfs Maleis nie, maar is onontbeerlik om van 'n raap 'n rapsodie te maak.

Hier is egter een Indiese gereg wat indrukwekkend en spotgoedkoop is.

MATTAR PANEER

Eers die Paneer (kaas) so: Verhit 1,5 liter melk in 'n kastrol. Voeg by sap van een suurlemoen en 'n halfkoppie drinkjogurt. Die mengsel skif dadelik. Gooi dit in 'n dun doek wat jy in 'n vergiettes oopgesprei het, en bind die doek dan met 'n touthang vas en hang die melk op om te drup. Na sowat ses uur is dit solied. Sny in blokkies. Hou die wei.

Nou die Mattar: Braai twee gekapte uie, bietjie knoffel en 'n duimgrootte gekerfde vars gemmer in botter of olie. Voeg 'n skoot wei by, dan 'n teelepels borrie, 'n teelepels fyngestampte koljander, 'n rapsie rooirissie en dan nog wei.

Voeg nou by ses afgeskilte tamaties, laat alles goed afkook, en voeg dan soveel ertjies by as waarvoor jy lus het. Kook tot alles gaar is, sowat 25 minute.

Nou braai jy die blokkies paneer apart in 'n pannetjie tot ligbruin, plaas hulle bo-op die mattar, maak toe met 'n deksel. Kook tot die speserye die kaas gegeur het, sowat 15 minute.

PILAF MET NEUTE EN DADELS

Die wonderlike pilaf is gebore uit suiwer geldpaniek na 'n vrolike wynaand toe 'n spul mense vir ete genooi is. Die dadels en neute is die duurste items hier, maar kos heelwat minder as die goedkoopste hoendervleis.

Kook 3 koppies goeie rys soos basmati (bruin as jy wil, dis 'n kwessie van smaak). Ook twee koppies lensies tot net gaar.

Braai eenkant in 'n swaar pot wat uiteindelik tafel toe gaan, 2 uie, knoffel, 2 teelepels fyn komynsaad, ditto koljander, 1 teelepels borrie. Voeg by die fyngekapte skil van

twee suurlemoene, 'n paar repies vars gemmer en een stokkie kasia.

Kook alles saam met 'n koppie droë witwyn, asook die sap van die suurlemoene en 'n lemoen, as jy het.

Voeg die gaar rys en lensies by en maak goed warm. Roer 'n paar gekapte dadels by. Strooi watter neute daar ookal in die huis is, bo-oor, en sny daardie laaste twee piesangs as 'n slaai by.

Dien op met jogurt.

Die gereg kan natuurlik ook doen met 'n paar stukkies hoender, maar nou beweeg ons in 'n ander klas van kos. Duurder.

Nog 'n wonderlike cheapie wat hoeka elegant lyk:

LAATSOMERSOP

Soek al die wit groente uit - 2 uie, 2 preie, 5 aartappels, 2 rape, 'n kleinerige blomkooltjie.

Sny als in blokkies, en smoor in

'n lepelvol botter of olie. Giet by 1,5 liter hoenderstok en kook tot die groente net-net gaar is. Voeg nou by 'n driekwart koppie wyn, sout (versigtig) en peper by asook 'n handvol van die laaste groen kruie uit die tuin: grasui, orgo, ment, bonekruid, wat ook al. (Ek het die heel laaste blare basiliekruid gebruik, alles verby tot November.)

Jou spesery hierby is 4 korrels wonderpeper, fyngemaal in die vysel.

Meng nou die helfte van die sop glad in die Magimix, en gooi terug by die res.

Nou maak jy gremolata soos vir die Italiaanse kalvleisgereg osso buco: 2 huisies knoffel, dun skil van een suurlemoen, en 'n bossie pietersielie so groot soos 'n bossie viooltjies (dankie, docteur de Pomaine). Die beste mes hiervoor is 'n halfmaan een, oftewel, 'n mezzaluna. Voeg die geurige mengsel by die sop.

As 'n ui eers sy tranemakende

vog verloor het, is hy mos soet. Italianers maak uie so gaar: Pak 'n paar afgeskilte uie styf teen mekaar in 'n oondskottel. Verhit in 'n pan een lepel olie (olyf as jy kan), een koppie goeie rooiwyn, en kook een minuut lank met 'n skoot water. Kruie goed met bonekruid, 2 naeltjies en 'n takkie roosmaryn, en giet die vloeistof oor die uie.

Bak vir anderhalfuur in 'n matige oond. Die sous word heerlik stroperig en die uie bruin. 'n Lekker bygereg by iets ryserigs, of selfs by 'n hopie mash.

Wat nou vir poeding? 'n Ideale oplossing as jy nie lus het vir bak nie is om ingemaakte stroopvye te bedien met 'n ryp kaas soos Brie of Camembert of selfs 'n bloukaas. Die kombinasie is heerlik, en hoewel afsonderlik duur, is die nagereg heeltemal binne bereik - dis net 'n happie vir elk, dalk met koffie en die laaste paar glasies ou port wat jou wynboer-pêl vir jou present gee.

Veiling van uitstekende wyn

BJ LANKWARDEN
skryf oor die witwyn op die Wynkamersgilde se jaarlikse veiling

In die styl van die vorige een. Minder tegemoetkomend maar vrugtiger. 14,3 uit 20.

1989 Ruitersbosch Sauvignon Blanc, 'n ongehoute wyn wat goed vertoon het selfs na die twee gehoutes. Baie aantreklike anderse neus, vol geur en nasmaak. 15 uit 20.

1988 Simonsig Chardonnay Reserve, glorieryke wyn met ryk vrugte en goeie vrugte/hout balans. Heerlike smaaklike geure, vermeng met appelkose en lemoenheuning. Uitmuntend. 16 uit 20.

1989 Thelema Chardonnay, verrassende gewig vir dié wyn en verrassende geure. Hierdie is 'n uitstekende chardonnay wat ten minste nog twee jaar veroudering nodig het. Reeds groot op neus en smaak. 15,7 uit 20.

1989 Simonsig Chardonnay Reserve, sagter en breër as die vorige wyn maar fyn gestem en het 'n ontsaglike trefkrag. 'n Wonderlike chardonnay. 16 uit 20.

1989 Buitenverwachting Chardonnay, baie interessante wyn, goeie kleur en 'n wonderlike neus. Smaak 'n kombinasie van lemmetjie, heuning, perske, gebotterde roosterbrood en vanielje. 'n Uitstekende chardonnay. 17 uit 20.

1989 Glen Carlou Chardonnay, nou bereik ons nog 'n eersterangse wyn waar die ooreenkoms met boergonje onheilspellend is. Hierdie wyn het 'n wonderlike suur gehalte maar ook 'n wonderlike fyn rykheid. 16,9 uit 20.

1989 Overgaauw Chardonnay, een van hul beter chardonnays en hoewel die ooreenkoms met Frankryk ontbreek, is dit 'n terughoudende soort wyn met baie groot hout en nogal 'n breë smaak met sommige sitrusgeure. 15 uit 20.

1988 Zevenwacht Rhine Riesling, 'n uitstekende Ryn-riesling, baie droog, baie tiperend en baie vol geur. 'n Nogal verouderde droë riesling-neus, wat sommige mense met paraffien vergelyk, onderskryf die smaak. Soortgelyk aan 'n Duitse "trocken"-wyn.

1989 Ruitersbosch Premier Vin Blanc, nog een van Carel Nel se Mosselbaaiwingerd-wyne en dié keer 'n gedeeltelik vatgefermenteerde Ryn-riesling. Droër as die vorige

AL is Saterdag 8 September eers oor sowat drie maande, kan wynliefhebbers gerus dié datum in hul dagboeke aanteken.

Die sesde jaarlikse veiling van die Onafhanklike Kaapse Wynkamersgilde word dan by Stefan Welz & Kie., Biermanlaan 13, Rosebank, Johannesburg gehou.

Dié groep van onafhanklikes is in 1982 gevorm en het met die jare gegroei tot 'n yslike 23 sterk. Dit beteken nie dat wyn van al 23 lede verkoop sal word nie aangesien 'n streng keuring deur die lede self gedoen word en ander faktore ook soms 'n rol speel.

Soos die geval is met Peter Finlayson, wynmaker en keldermeester by Hamilton Russell Wingerde, wie se wyn nie beskikbaar sal wees nie omdat Tim Hamilton Russell nie die spesiale etiket waaronder al die wyne verkoop word, wil gebruik nie.

Aangesien net die wynmakers lede is, het die eienaars soms die laaste sê.

Die wyne wat die lede aanbied, is almal spesiaal gebottel en nie in die handel beskikbaar nie. Dit sal ook nie later beskikbaar gestel word nie.

Al die wyne word blind deur mede-lede geproe en net die beste word behou. Hierdie "beste" was nie altyd vir almal goed genoeg nie, maar die standaard is vanjaar besonder hoog. Veral die witwyn vertoon 'n merkwaardige verbetering op die reeds hoë standaarde van vorige jare.

Die volgende wyn word aangebied, hoewel min bekend is oor die hoeveelhede:

1988 Villiera Blanc Fumé Reserve, 'n goeie wyn met wonderlike geure, vrugte en hout. Goeie nasmaak. Ek gee dié wyn 15 uit 20.

1989 Thelema Blanc Fumé, 'n ligter, miskien meer elegante wyn

wyn, minder vrugtig, maar meer ekstrak. Baie goeie nasmaak. 14,8 uit 20.

1989 Buitenverwachting Gewürztraminer, baie interessant, dié wyn is eintlik kurkdroog, heel ongewoon vir dié druifvarieteit hier ter lande. Baie tipiese vol spektrum geure op die neus, speseryagtige vrugtigheid en roosblare. Op smaak is daar 'n breë uitspannel geure en 'n goeie skoon afwerking. 'n Baie goeie wyn, maar moet na my mening nie langer as 'n jaar na aankoop gehou word nie. 15,5 uit 20.

Die volgende drie wyne is almal vonkelwyne en gewoonlik vereis hulle baie aandag op die veiling en behaal hoë pryse:

1984 Boschendal Brut, ek het baie van dié wyn gehou omdat die mousse (wat jy die kop van 'n bier sal noem) baie goed was, die smaak baie verfrissend en edel, met 'n baie goeie bittersoet afwerking. Hier is 'n baie volwasse bottel gefermenteerde wyn van goeie klas. 15,5 uit 20.

1984 Blaauwklippen Barouche Reserve, 'n ligroos vonkelwyn waarvan ek nog nooit gehou het nie. Dié een ook nie maar dié vertoon ten minste goed en is duidelik beter as vorige jare. 13,8 uit 20.

Tradition de Charles de Fère Reserve, heerlik aantreklike sjarmeerder, met 'n jeugdige lewenskragtigheid. Dié wyn moet jy ten minste nog twee jaar in jou kelder verouder. Baie goed. 14,8 uit 20.

Aanstaande week sal daar 'n bespreking wees van die rooiwyn en die gefortifiseerde wyn wat geproe is.

Oor die veertig wyne word vanjaar opgeveel, maar onthou meer as 60 is voorgelê. Met so 'n hoë gehalte moes party baie goeie wyne afgekeur word. Dis waarskynlik die hoogste standaard wat ooit nog by 'n veiling van Suid-Afrikaanse wyne gesien is. Die Gilde en haar lede moet gelukkig word.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.45nm & 9.15nm Wo: 3nm
TOWNSHIP FEVER
- "Die lewenslustigste talent wat die land nog gesien het" -

UPSTAIRS-TEATER
JUST LIKE HOME - deur Pieter-Dirk Uys Al dié regte vrae word hartstogtelik gevra
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
MRS KLEIN - Nicholas se hoog aangeprese stuk - uitsonderlik en treffend
"Ma tot Vr: 8.15nm Sa: 6 en 9nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
Janice Honeyman se DOUBLE THICK DREAM - Ma tot Vr: 7nm vlr 8.30nm. Sa: 5.45nm & 8nm vlr 9.30nm

KIPIPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Robert Nkosi se groep - 832-1646

MARKGALERIE
Groot Galery
Mark-Teater-Stigting se permanente versameling
Klein Galery
"Freedom Now" deur Kaapstadse gemeenskapkunstenaar
Eksperimentele muur - "Prints" deur Kelly van der Merwe
Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlootmark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Plmstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.

Uitstekende koning, saai opvoering

RICHARD II
deur William Shakespeare
Met Neil McCarthy, Norman Coombes,
Jamie Bartlett, Diane Wilson, Ralph
Lawson, Mary Dreyer ea.
Regie: Keith Grenville.
In die Nico Malan-Theater.

ARNOLD BLUMER

RICHARD II (Neil McCarthy) is 'n koning wat van sy heerskappy hou; dit verskaf aan hom weelde en mag en boonop skynbaar die reg om te maak en breek soos hy wil. Nadat hy egter Bolingbroke (Jamie Bartlett) verban en onregmatig dié se erfdeel homself toegeëien het, loop hy sy rieme styf. Bolingbroke keer vroegetydig terug, versamel 'n leër om hom en eis sy erfdeel terug. En nou gebeur iets half onwaarskynlik: Koning Richard doen sonder groot teenstrubbeling afstand van sy troon en oorhandig die kroon aan Bolingbroke wat sy voorganger na die tronk stuur waar hy later vermoor word.

'n Boeiende, selfs akuele storie, en tog het die opvoering my by tye verveel. Dis beslis nie Neil McCarthy se skuld nie wat met meesterlike spel 'n hovaardige maghebber voorstel en dan 'n diep gevalle mens wat pynlik helder oor die verhouding tussen koningskap en menslikheid nadink. Veral opvallend is McCarthy se duidelike nadenkende manier van praat. Hier is

kennelik 'n toneelspeler wat met elke woord weet wat hy wil sê.

Maar hy word deur die ander spelers letterlik alleen gelaat. Daar is meer as een toneel waar die howelinge, netjies deur die regisseur Keith Grenville gerangskik, soos standbeelde rondstaan met uitdrukkinglose gesigte asof dit wat voor hulle afspeel niks met hulle te make het nie. Die teks verwys meermale na die "groot Bolingbroke", maar van hierdie grootsheid laat Jamie Bartlett min sien.

Met half rukkerige kopbewegings, 'n snaakse aksent en onduidelike diksie wanneer hy hard praat gee hy voor dat hy 'n vurige temperament besit en kragdadig kan optree, maar dit bly by voorgee, dit word nooit werklikheid in sy spel nie. As Richard se groot teenstander die charisma en ooredingsvermoë gehad het wat die teks aan hom toeskryf, dan sou dit miskien meer verstaanbaar gewees het hoekom Richard so amper vanselfsprekend bedank. Ek het gewonder of hierdie probleem nie opgelos kan word as McCarthy en Bartlett rolle wissel nie.

'n Verdere leemte in die regie is dat een van die mees insiggewende politieke tonele van die stuk heeltemal onderblyf word: toe Bolingbroke onwettig uit sy ballingskap terugkeer word hy deur die hertog van York (Ralph Lawson) van 'n kant af uitgeskel as verraaier, troonrower,



Neil McCarthy

toekomstige usurpator, maar teen die einde van dieselfde toneel nooi York vir Bolingbroke vol eerbied en onderdanigheid na sy kasteel toe.

Hoe hierdie skielike ommeewaai plaasvind en waarom, word nie op die verhoog duidelik nie. Die regie laat Ralph Lawson net toe om

één sy van die ou hertog van York te speel, die knorrige ou man wat selfgenoegsaam sy smart en wanhoop ten toon stel. Wat nie tereg kom nie, is die ander sy, die gediensige opportunistiese dienaar van mag wat presies weet wanneer hy sy manteltjie na die politiese wind moet draai.

Ook die dames se spel bly merkwaardig bleek. Koningin Isabel (Mary Dreyer) se afskeidstoneel van haar man Richard teen die einde het my taamlik onaangeraak gelaat omdat die opvoering nêrens voorheen verduidelik het hoe geheg die twee aan mekaar is nie. Goed, dis deels Shakespeare se skuld, omdat hierdie teks nie juis groot optreemontlikhede vir aktrises skep nie, maar kon die regie nie meer gemaak het van Richard se "filthy sin of lechery and fornication, with abominable adultery" nie?

En dan die verhoogstel: twee torings verbind deur 'n soort brug wat op die draai verhoog om en om geswaai word om verskillende plekke voor te stel; dit begin vervelig raak na 'n tydjie. En wat die kostuums betref: as daar na sogenaamde historiese getrouheid gestreef word, bly dit 'n vraag hoekom die mans moderne broekieskouse dra en Bolingbroke ritssluiters aan sy stewels.

Om op te som: 'n uitstekende vertolking deur die hoofspeler in 'n andersins saai opvoering wat nie waag om die geleentheid te benut wat die teks aanbied nie.

Die duiwel loop deur

"SOVEEL partytjies eindig in geweld. Soveel mense voel dat hul lewens oppak," sê die prof.

Agter hom harmoniseer die sykoukooer hmm, mm mm.

Die prof het 'n plan dat, in hierdie vreeslike tye, al ons motors oorgesmet moet word, en dan partjie vir partjie nuut gemaak moet word. Seker omdat die motorhawens so onbetroubaar is. Al prekende dwaal die prof deur 'n kunsgalery. Hy gaan staan voor 'n houtstellasie wat pyn en skuld, sonde en straf uitbeeld. "Gevoeligheid vir ander mense bring geluk en sin in u lewe," sê hy. 'n Jekisen "Vis", Hlungwane visstert roer soos Jona se vis, en hy verskuif tot voor 'n William Kentridge "Sjoe Jo'burg is verskriklik"-skildery. "Te veel koppe in ons land het al geval", sê hy. (O. Wat dan van Magnus?)

En dan raps hy die sondebok. "Dis die duiwel wat mense verdeel." (O. Ek dag dis die KP en die PAC.)

Hoe blind

Van die wind na die water. Toe die arme Helderberg in die see gestort het, is 'n duikmasienjies gestuur om hom te gaan soek. Die het sommer vissies en so afgeneem.

Wonderlik die blinde krap met sy ekstra-gevoelige voelertjies wat so aan die wrakstukkie vaslou, diep doer onder in die see, sonder om te weet wat alles beteken. Hoe dieper hoe blinder en hoe gevoeliger, is dit nie snaaks nie?

Hoe groener hoe geld

Glad nie snaaks nie is die manier waarop M-Net en TV1 se sogenaamde groen programme gelyk uitgesaai word. Moet Groenes hulle nou so mededingend gedra.

Dus so gou as 50/50 die kollektiebordjie omstuur, glip die waarskynlike kyker na die rykmense se omgee-kanaal. Daar preek dominus Sunter van die Verenigde Vrye Ondernemingsgenootskap van die Laaste Dae dat die stof so staan teen die tuislande. Hy sê ons moet afdraai van die apartheidspad en die breë pad vat na vrede en voorspoed, rykdom en geluk.

Anders spoel ons "wêreld op een plaas" weg.



VICTOR MUNNIK skryf oor TV

Om die wegspoelery te keer moet gemeenskaplike eienaarskap - natuurlik op heel gevoelige wyse - verander word na privaatbesit. Kêrels wat is daai rooi wolke agter hom? Sonsopkoms of sonsondergang?

Dis die duiwel

En so van flagrante besoedelaars na die Satan self. Die Satan, sê 'n polisie-majoor, word gesoek vir verskeie misdade. Moord, sodomic en verkragting, om maar net enkeles te noem.

Ja, sê die "hy-het-gedraai-nou-braai-hy-nie"-pastoor met die bokkop wat skalks deur 'n vyfpuntster op sy arm loer, hy weet want hy was daar.

Psigieters kla dat hul pasiënte nog maller word van al die indryf en uitdryf van duiwels. Teoloë stry oor of die duiwel bestaan of nie, maar vanaand gee die TV nie daaroor leiding nie. Die TV stap saam met hul informant in die koppies rond. Hy begin gil en bewe. Op die rots staan dit uitgekrap: "JH de V". Wie is JH de V?

Oud-Sataniste, so vermom dat nog die kykers nog die duiwel hulle kan herken, biegnie en spog. "Ek kon goete van die rakke aftrek met my oë," sê 'n jong man.

"Ek het krag gehad, ek was nie bang vir enigiets nie en ek kon mense manipuleer soos ek wou," sê 'n jongedogter, met 'n pers lotusblom in haar bewende hande. Haar trip na die wêreld sonder knoffel en roosmaryn het begin toe sy 'n fliëk gesien het, sê sy.

Ja, fliëk is gevaarlik. Oppas sommer vir te veel TV kyk ook.



Die MK-soldaat en die ontkleedanser

Een van die redes waarom Barbie Schreiner se toneelstuk "Endangered Species" geskryf is, is dat Schreiner meen die beeld van wit middelklasmense wat aan die struggle deelneem is nie juis goed nie. Dit handel oor twee susters wat radikale besluite maak oor hul lewensrigting: die een sluit aan by Umkhonto We Sizwe en die ander een word 'n ontkleedanser. (Schreiner se suster Jennifer is een van die beskuldigdes in die Yengeni-saak.) Clare Stopford is die regisseur en het gehelp met die werkwinkelproses waarvan Sheena Stannard (bo-regs, ook mede-skrywer en navorser), Juliana Venter, Stephen Jennings en Kate Edwards (bo links) ook deel is. Dit open Maandagaand in die Mark se Rehearsal Room. Daarna verhuis die produksie Londen - die Zabalaza-Fees - en Edinburgh toe.

ANDRÉ VAN NIEKERK

WOODSTOCK die popfees was ook meer as dit: dit was die hoogtepunt van die seksuele, artistieke, morele en politieke revolusie van die sesigerjare. Dit was die dekade waarin aktivisme om swart regte in Amerika, feminisme, verset teen militarisme en studente-opstande opgebloeit het tot verneme bewegings, bewegings wat in 1968 regerings amper omvergegooi het, en sedertdien 'n diepgaande invloed op ons denke gehad het.

Die ooglopendste tekens van die gebeure was die klere en musiek van die jeug wat hierdie "revolusie" gevoer het. Maar hulle was nie net tekens nie - hulle was ook deel van die revolusie. Dit wil voorkom of nuwe, vrye vorms van uitdrukking politieke verwickelinge voorafgegaan en begeester het.

Rockmusiek het nie net lirieke bevat oor die gebeure nie, maar nuwe musiekvorms geskep wat, so eksplisiet soos chige manifes, die nuwe bewussyn van daardie generasie uitgedruk het.

Woodstock het 'n magtige simbool geword omdat dit na 1967 se somer van liefde en 1968 se straatoptogte en -gevegte, en gedurende die hooggety van gevoelens teen die Vietnam-oorlog plaasgevind het.

Woodstock moet dikwels instaan vir alles wat gebeur het gedurende daardie woelige dekade, al was dit destyds nie noodwendig oor al daardie issues nie.

Toe gaan 21 jaar verby. Teen die einde van

Houtstok 'n beginpunt

daardie tydperk, in die suidelike deel van Afrika, begin weer 'n musikale ontwikkeling - 'n baie beskeie ontwikkeling nog, op dié stadium - deur 'n jeug wat die politieke en sosiale waardes van hul ouers net so sterk wil afskud as hul sestiger-eweknieë.

Daar het voorheen wel 'n paar politieke musikante bestaan, maar hulle was dikwels óf professangers óf het 'n spesifieke politieke tendens verteenwoordig. Die musikante het in elk geval meestal in Amerika en Europa gesoek vir hul musiekvorms. Maar in die laat tagtigerjare het musikante al hoe meer die inheemse musiekvorms begin gebruik, en veral Afrikaanse musikante het sterk teen sogenaamde "Afrikaanse musiek" gereageer en hul eie "Boere-punk" begin ontwikkel.

Toe besluit iemand blykbaar dis tyd om die musiek se mondigwording te vier, en miskien ook sommer die geboorte van die "nuwe" Suid-Afrika daarby. En wat 'n beter naam te kies as Houtstok, om Suid-Afrika se "revolusie van '90" te verteenwoordig. Wel, miskien nie so blatin nie, maar met so 'n naam soek 'n mens na parallels.

Donderdag 31 Mei was 'n lieflike dag. Die verhoog was onderkant 'n groot, effens afdraende stuk veld, wat gevul was met tannies en omies, ouers met hul kinders, studente en ander jeugdiges.

Baie se kleredrag het sterk na Woodstock gesmaak, maar dit is getemper deur die sterk bysmaak van 'n gewone ou Suid-Afrikaanse braaivleis.

Orals het mense "peace sign"-vingers gewaai, en daar was 'n lekker gevoel van "peace" en vriendelikhed. Ek het 'n klomp T-hemde teen konskripsie en oorlog gesien, en meer as een ANC-wapen.

Mense het houtstokke rondgeswaai, en veral twee baniere was baie sigbaar: die SPQR van die ou Romeinse legioene (ek is te "out of touch" om te weet wat dit beteken het), en 'n ouderwetse, ronde "bon" met brandende lont, wat ek geraai het 'n klomp anargiste se teenwoordigheid verkondig het.

Die musiek het gestrek van liedjies deur tant Sannie Briel en haar gesin, tot suiwer "heavy metal"-klanke wat Amerikaanse en Britse style heeltemal na-aap.

Iewers tussen die twee was Afrikaanse groepe soos Kooos en Kommissie van Ondersoek, asook Kooos Kombuis. Alida White, wat 'n moerse stem het, het "sixties"-nostalgie opgedis, en Jennifer Ferguson was natuurlik ook daar.

Maar waarom het dit nou alles werklik gegaan? Die hele affêre was in skille kontras met 'n KP- of AWB-byeenkoms, maar tog was dit 'n "whites only" geleentheid, met net afsonderlike anderskleuriges te bespeur. Vir baie was dit ook

maar net 'n lekker jol, die enigste alternatief tot die FAK se soetsappige offeringe.

Van die bands en sangers was polities, maar dit was dikwels "soap-box"-politiek: jy staan op 'n verhoog en kak op jou teenstanders.

Om regtig 'n "nuwe orde" te verteenwoordig, om die ideale van 'n post-2 Februarie-toekoms te verwesenlik, sal Afrikaanse musiek sy eie styl, 'n nuwe vorm, geleidelik moet ontwikkel sodat dit 'n mens opswep met net soveel opgewondenheid as die gedagtes agter die lirieke.

Kooos lewer dikwels gedigte met 'n soort rock-agtergrond: die trekrag van Bob Dylan se gedigte het daarin gelê dat sy musiek so 'n integrale deel daarvan geword het - sou "Blowin' in the Wind" dan dieselfde gewees het sonder die melodie?

Van die nuwe bands speel met die woorde en melodieë van tradisionele Afrikaanse musiek, en draai dit op sy kop, wat 'n goeie begin is. Maar nou moet hulle voortbou op daardie ondergrawende impuls.

Na só 'n dag in die son was dit my gevoel dat ons aan die begin van 'n dekade soos die "sixties" miskien staan: hierdie Houtstok moet as die beginpunt, eerder as die hoogtepunt, van Suid-Afrika se sosiale revolusie gesien word.

* Lees aanstaande week wat Robyn Hawkins oor Houtstok te sê het.

ROBIN HAWKINS maak 'n Kaapse lawaaai

'N LAASTE paar woorde oor die apatie-siekte voor ek die saak laat berus. Nog 'n bietjie slaap ... Nog 'n bietjie sluimer ... Nog 'n bietjie hande vou, ens. en om ons kan die wêreld maar vergaan. Lewe verg darem hier en daar 'n tikkie inspanning, dan nie? Ons wag maar vir God weet wat. Intussen gaan die min pogings om die verrotting te ondermyn maar verby. Jan wag tot Piet gaan, en andersom. Ek praat nou spesifiek van die Genooide Kunstenaars-program van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum - daai groot wit monument van 'n gebou, doer agter die visdammetjies (die een wat nou sulke konstruksieheininge om hom het). Al is die hoofgalery tydelik gesluit, is daar deurgaans nogal interessante bedrywighede in die Anneks-galery aan die gang. Mens moet net die bordjies om die heining volg. Dis al. Wat hierdie program, byvoorbeeld, behels, is dat 'n regte, lewende kunstenaarwese genooi word om vir 'n periode van ongeveer twee weke vir hom/haar 'n ateljee in die Anneks-galery in te rig, om sodoende informeel - tog in 'n werksituasie - met 'n besoekende publiek te verkeer.

Die begrip het aanvanklik vir my heel opgewonde gemaak, omdat dit - soos ek reeds voorheen gesê het - vir die publiek 'n geleentheid bied om deel te hê "aan die vervaardiging van kunswerke, eerder as om hulle (bloot) as dooie voorwerpe in koue kamers te beskou".

Miskien meer belangrik, is dat daar 'n mate van demistifikasie van die kunstenaar, sowel as die kunswerk, kan plaasvind. Ek sê doelbewus "kan" omdat dit nie gebeur nie. Bywoning van die hoogs interessante 'tentoonstellings' van kuns en kunstenaar is, mooi platvloers gesê, vrot. Shame!

Toe ek vir Nicolaas Maritz teen die einde van sy tydjie besoek het, was hy, met reg, teneergedruk en gevolglik heel sinies. Die een gesin wat tydens my besoek gekom het - amper kom heiligskennis pleeg het - het rondgesluip en gefluister ... nes in die kerk. Nicolaas groet. Mooi beleefd groet hulle terug. Einde van interaksie. En sy skilderye is so spontaan mooi en half-naïef, dat die dogtertjie sou kon saamgesels het ... as sy net wou. Dit het my vreeslik gepla. Die hele punt is dan om te wys dat kunsmakers mense is, nes die res. Hulle verkies dalk koffie, bo tee. Hulle moet ook soms die kamer verlaat. En hulle máák goed. Nes baie ander mense. Net hulle goed word "kuns" genoem. Dis al. Ek meen, soveel van hierdie gekommandeerde "gurus" wil nie hulle kateders hê nie. Hulle wil net hê dat mense self moet dink; dat hulle die moeite sal doen, selfs net om te dink; en dat hulle vry moet voel om vryelik te reageer op prikkels uit hulle omgewing, of die prikkels nou kom uit koerante, of uit die agt-uur nuus, of skilderye of musiek of wat ook al.

Dat dié tipe ding so swak ondersteun word, is vir my 'n ernstige saak. Moet instansies soos die

SANK dan die bietjies geld wat hulle kry (belasting-geld, terloops - jou geld en myne) verkwis op "chic", en pogings om dit na te streef? Of moet hulle hulle fondse konkreet aanwend op pogings om kuns uit sy kunsmatige verhewe posisie te haal en te help om "die deure van kultuur oop te maak", al is dit net gedeeltelik.

Kevin Brand 20 Junie - 4 Julie

Om dus vooraf te probeer belangstelling aanwakker, het ek met Kevin Brand, die volgende genooide kunstenaar, gaan gesels, aangesien ek baie van sy werk hou. Sy "Nineteen Boys running" het hom een van die finaliste vir die Vita "Art Now"-toekenning gemaak en is redelik bekend, gedeeltelik ook weens die openlike politieke verwysings. Die "stuk" word ook in Sue Williamson se Resistance Art in South Africa nogal breedvoerig bespreek en dit het vir Brand skielik so half in die kalklig geplaas. Hy beklemtoon egter self dat politiek (in dié noue sin van die woord) slegs een sy van sy werk verteenwoordig en as mens na sy ander beelde kyk - waarvan sommige ook in en om sy "ateljee" vertoon sal word - die honde, die aambeelde, die moederfiguur waaraan hy tans werk en waarmee

hy tydens sy verblyf by die Nasionale Kunsmuseum nog steeds sal besig wees (sien foto), begin mens die standpunt verstaan. Dan is daar ook die skuite (De Rijger, De Goede Hoop en natuurlik die Drommedaris) wat uiteindelik deel sal wees van 'n groter saamgestelde werk met die "moederfiguur" as middelstuk. Hy het 'n titel genoem: "Nation".


Brand lê ook sterk klem op eksperimentering. Vir hom is dit deurentyd nodig om die grense van sy bekende terrein te herevalueer; om nuwe benaderings, stowwe en begrippe te verwerk. Sodoende bly sy werk dinamies en is sy verwysingsraamwerk verfrissend onbeperk. Dus sy samewerking met Barend de Wet, op sy skuite. Vir hom is Barend se intuïtiewe werkswyse verkwikkend in teenstelling met sy eie, meer serebrale, benadering. Dus ook sy interessante afwyking van die klinknaels waarmee vroeër werk aanmekaar gesit is, in sy huidige "moederfiguur" waarmee hy eerder honderde klein boutjies gebruik. Die hele stuk sal dus uitmekaar gehaal en aanmekaar gesit kan word, kompleet nes 'n Meccano-stel. Dis nie net heerlik speels nie, maar ook hoogs prakties, aangesien vervoer heelwat vergemaklik word. Mens moet net nie die instruksies verloor nie.

Alles in ag geneem, sien ons dat hierdie man

hom begeef op die terrein van politiek in die breedste sin van die woord: die politiek van menswees in 'n wêreld van uitbuiting, met die tipe insig wat humor, patos en tragedie almal insluit. Hy stel dit so: "I like to use instruments that are manipulated. For example tools. Even the boys, and those who shot them, were objects of manipulation." So is selfs die voetstuk van die een aambeeld eintlik gestileerde stukke metaalwerk-gereedskap.

Mens is veral getref deur sy beskeidenheid. Hy maak maar wat hy maak en hy het sy werk by die Technikon en verskeie ander "jobs" en goed, om hom aan die lewe te hou. Dus kan hy maar. Van die ander "jobs" staan in sy ateljee rond, en wys hoe veelsydig hy werklik is. Mens moet dit alles self uitsnuffel, want persoonlike inligting vloei maar swaar uit hom uit. Vir my was sy beskeidenheid dus ietwat van 'n probleem. Niks is versteek nie. Hy vermy eenvoudig selfverheerliking heeltemal, al het hy vryelik oor spesifieke projekte gepraat. Hy sê ook dat hy nie graag met sy werk saamleef nie. Dis seker te verstane, as mens insien waaroor sy werk handel. En tog sal hy iets, op kommissie, vir 'n argitek vervaardig, om in die een of ander "designer"-huis in te pas.

Brood bly brood.



Kevin Brand

Culture in South Africa: The Challenge of Transformation

Here is the complete text of Junaid Ahmed's paper delivered on June 2 in the Laager at the Market Theatre

THE debate engendered by Albie Sachs on the role of culture has been received by some with extreme glee - while others react cautiously and with some trepidation. Liberals vociferously reaffirm their position - that they were right all along and that art must be divorced from politics. The paper has caused some consternation within the mass-based progressive movement, where cultural workers (as Ari Sitas puts it) are worried that their work has been banal or even devoid of content.

Whatever the reaction, there is one inescapable fact: that the Sachs paper has, and perhaps timeously so, engendered, encouraged and stimulated the kind of debate about the role of culture that is so necessary during the phase of transformation in our country.

I will discuss some points arising out of the Sachs paper, and then address what I regard as the most crucial task facing all cultural practitioners - the challenge of transformation in our cultural activity.

The first problem is that so far, responses to the paper have hung primarily on two phrases:

* members should be banned from saying that culture is a weapon of the struggle

* white is beautiful

With regards to the first issue, the following must be noted:

* the weapon created out of culture is a process which negates oppression, which isolates, and finally prepares the death of the culture of apartheid - basically the culture of the people trying to eradicate the hegemonic culture of power.

* culture as a weapon of struggle has made a significant contribution to our vocabulary, and has located many indigenous languages which would have been static in tradition within revolution, change and the 21st century.

* it has also given us the determination, courage and a vision of a future South Africa.

* a society that has been for so long tortured and afflicted by violence - from the numerous draconian laws of the government, rightwing backlashes, the war in Natal - that for a long time still art forms will and must reflect this reality. Our revolutionary songs, dances, poems and plays are packed with this.

But within the framework of this violent and solemn phase the progressive cultural movement has not, contrary to critical opinion, over-emphasized "pessimistic aspects" in the struggle for liberation. People like Njabulo Ndebele, Nadine Gordimer, James Matthews, Lewis Nkosi, Ari Sitas and others have continually shown, through their essays and creative works, that we are not locked in "clichés". Our culture has flourished amidst oppressive regulations, limitations and prohibitions. The canvas of works from organisations such as Jazzart, Community Arts Project, Congress of South African Writers, Imvaba Arts, Cosatu Cultural Unit, African Culture, Theatre Alliance of Natal, Maokeng Theatre Group, South African Musicians Alliance, Film and Allied Workers Organisation and many more, has been vast and innovative.

On the second issue, of white is beautiful, this statement must be seen in a context, and not in a vacuum. Historically, in South Africa, when it was said that black is beautiful, it was the national question which was being raised. That is why black people were killed when they said so. The apartheid machinery sought to crush any movement towards unity, when people were trying to claim their history. Black is beautiful was coined to unite Amazulu, Basotho, Mashangana, Indians, so-called "Coloureds" etc. It was a call to claim dignity and freedom. Similarly, white is beautiful can and must exist, and will be lived with in a non-racial, democratic South Africa.

My observations do not, in any way, fight against the narrow views of culture. Albie Sachs has eloquently stated some of our problems. We admit this readily, but it was not only because we were committed politically. Oppression is not abstract, it produces illiteracy, inexperience and very severe conditions under which people must work, including lack of skilled person-power and resources. There is also general agreement with Sachs when he points out that a cultural transformation has to take place. The question we all have to address is how to use the energy that apartheid has unleashed to create a culture of tolerance of differences of people in our country. How do we make it speak both in our minds and in reality? However, when we are addressing these issues, one has to bear in mind that no amount of criticism levelled at cultural workers by liberals, academics, journalists and others will change weaknesses in progressive culture - education, exposure, and exchange, and the eradication of apartheid will do so.

We agree that in the progressive movement, culture has been asserted as a unifying force, but how do our critics view the role of culture - as decorative ornaments, exclusive institutions, a little Europe in South Africa? Njabulo Ndebele once said that South African culture, in the hands of whites, the dominant force, is incapable of nurturing a civilization based on the perfection of the individual in order to permit maximum

social creativity. Is the hegemonic group prepared to fully participate, or is the pre-occupation in the crucial phase of our history going to be on the securing of group rights? How are we going to express the diversity of our problems and attempt to find the answers, if our critics are only prepared to be the arm-chair brigade, and are continually trying to take the offensive position?

What happens to the "pure arts" - ballet and opera - how do we take it away from the preserve of the bourgeoisie and make it accessible to the majority of the people? Soviet ballerina Galina Ulanova considered that ballet can express something important, some great and vital truth about the beautiful things that live in the human heart. Let the bastions of "pure art" help in exposing these wonderful, romantic notions to the masses, and let them judge the statement of Ulanova.

In what way should cultural workers fuse their works with "pure art"? If our critics find the products of "mass culture" or popular culture an inferior substitute for "true" works of culture, then what is their solution? Are works that are imbued with social and political significance - the works of a realist trend - unworthy of a real creative cultural worker? Or is it the curious paradox that amongst those who are shouting the loudest, and supporting for the wrong reasons some of the pertinent issues that Sachs raises, are in fact some of the greatest hounders of freedom?

These questions must be answered by our

critics. The progressive cultural movement is ready to participate in such deliberations, but our critics must move away from their liberal positions and be involved in a far more constructive manner. These are the real challenges facing us - that in the present period of development and transition, winds of change can only blow if both advocates of progressive culture and those who are critical of it, can expend energy to debate and discuss the issue, without attacking the one side continuously.

Let us have our own battlefield of ideas. If we let polemics go beyond aesthetics, we could together probably reaffirm the role of culture in education people in the phase of transformation; of surmounting obstacles and contradictions in the path towards building a new society. LET CULTURE BECOME A SITE OF STRUGGLE IN ITSELF. It could then consistently address some of the questions I have already raised.

Within the progressive cultural fold, the projects, debates and discussions encompass a broad spectrum of issues - women, language, criteria and standards, the documenting of our cultural heritage and a host of others. Culture, as a site of struggle, should broaden these debates to include all cultural practitioners, and especially to those who do not sit easy as members of the liberation movements.

Our critics must also make the effort to view grassroots culture. There have been countless examples of people being critical of progressive culture simply on the basis of newspaper reports or relying on another person's interpretation of

something they have seen. There is also the general misconception that the Market Theatre reflects innovative progressive culture - this is very far from fact. Our Qabula's, Mahlasela's, Zondi's, Hlatshwayo's, Malange's, Dikeni's, Rampolokeng's and thousands more, reflect the diversity of our art, writings, performance, music and other disciplines.

Culture, as a site of struggle, during the phase of transformation, should consider Ngugi wa Thiong'o's statement that the divide and rule colonial origins of explaining any differences in terms of ethnic origins of the actors still exists. Therefore, the challenge we face, as Ngugi reflects, is that we do not want a culture of apemanship and parrotry to be enforced by police bullets, barbed wire, quirts and by a corpus of intellectuals, academics and purists. How do we overcome this? What, exactly, will become of the quest for relevance? Do progressive cultural workers discard Aeschylus, Sophocles, Chekov, Donne, Shakespeare and Milton to read only Marx, Engels and Lenin? Do we throw into our dustbins racist writers like Huxley, Haggard and Monsarrat? Do we only promote the progressive writings of Zola, Faulkner, Shaw, Brecht and Neruda? and how many of our critics are familiar with the works of Hove, Serote, Kgosisile, Neto, Machel, Castro, Sankara, Guevara, Ngugi, Achebe, Soyinka, Nkosi, Themba and others?

In our attempts to foster unity amongst all the people in the land, let us as cultural practitioners move from the position of strength and not of ignorance.

Cannes-nie dood Or too hot to Trotsky

*Jeremy Nathan het die pad
Cannes-Fees toe aangedurf.
Hy het 'n wyser mens
teruggekeer*

SPRING, Cannes, 1990. The decaying playground of the extremely wealthy, the mecca of filmmakers and film fans alike. The palm-lined Croisette packed like the Rand Show, peopled by the beautiful, the half-naked and the buskers. The Andy Warhol lookalike, an advertisement for the documentary on his life and films, all pale white skin and bleached hair. The Charlie Chaplin mimic, working the Croisette in search of a few Francs filched off anyone who will part with them.

Several metres off-shore, the massive four-storey luxury yachts idle gently in the sun, competing with the huge American aircraft-carrier and an ageing Russian merchant vessel, venue for the biggest "Too Hot to Trotsky Party" where vodka flowed like water. Up above, twenty small planes drag huge banners, announcing the imminent arrival of "Superman IV".

From the Palais market to every available tiny apartment, sunglassesed filmmakers and would-be filmmakers tout briefcases filled with scripts, in search of someone to listen to their story.

The STARS. Surrounded at every move by lenses and autograph hunters, both professional and amateur, they revel in the attention heaped upon them. Party after party is hard work, the bottom line is profit.

At the festival's major press conference,

outside of the awards ceremony, the future of Soviet and Eastern European cinema was debated. Paradjanov, Kieslowski, and Godard, amongst several other luminaries, announced their fear of the future, bemoaning the state of cinema in their newly freed countries.

The common theme in all of their discussions was the erosion of established, state-supported cinema cultures by the single-minded drive for profit. Most felt that they would not be able to make the quality films as they have in the past, even without the conditions of harsh restrictions and censorship that prevailed.

The entry of the West, with multi-plexes and capital close behind the hand of friendship, signalled the final march towards a global tele-cinematic world. Not that this is negative, but that the judge of what is successful is small-town America: would they want to watch your film?

As Cannes partied for ten days, Russian studios broke away from their centralised systems, tensions between the old guard and the new Soviet profiteers grew, emblazoned across the headlines of the daily trade papers.

And the South Africans. Conspicuous by the absence of their public presences in a town where publicity equals existence, they were certainly there. Whether as honorary "Zimbabweans" or "English", Ster-Kinekor and Nu-Metro, Toron and the Johannesburg Film Festival, were there shyly doing business. No fanfare, no hype, quietly avoiding their South African origins, paying their money and taking their chances.

The cultural boycott has without doubt been partially effective in all environment and industry where money indeed talks, South Africans representative of the state-backed industry can still buy and sell films. But there is a large number of filmmakers and distributors who refuse to sell or deal with South Africa.

These politically sensitive and aware people have welcomed the birth of an organisation like the Film and Allied Workers Organisation (FAWO), and were actively seeking to discover what the political developments will mean in terms of a restructured and new South African film industry. There are indeed many filmmakers and distributors from all over the world who want to do business with South Africa. It is perceived as a growing and important market.

